# Paulus

## Wie het hom gestuur?

■

Die sleutel
om die fondament
van die Christendom te verstaan

■

**André R Frylinck**

# Paulus
# Wie het hom gestuur?

Nagevors, geskryf, geset en uitgegee deur: A.R. Frylinck, Posbus 8, Marydale, 8910.
Sel no.: 076 689 9278 (Slegs SMS'e – geen ontvangs).
e-Pos : arf@vodamail.co.za

Alternatiewe kontakpersoon: Dolph Bührmann, Posbus 1000, Lanseria, 1748.
Tel. no. (werk): 011 462 1903. Sel no.: 082 569 8813.
e-Pos: dolph@hpesa.com

Daar is geen kopiereg op hierdie studie nie. Inteendeel, lesers word aangemoedig om dit te vermeerder en te versprei, mits geen veranderings daaraan aangebring word nie.

Rekenaar geset in 16 en 14 pt Arial, gedruk in half grootte.

Eerste druk: 17/12/2007

**Hersien: 10/12/2012**

ISBN 978-0-620-53816-9

Hierdie studie is in elektroniese weergawe, asook in harde kopie beskikbaar.

*Aan al my kosbare Volksgenote*
*Wat net soos die verlore seun*
*Verlang om terug te keer*
*Na ons Vader*

# *Wie in die leer van die Messias bly hy het die Vader sowel as die Seun*

*2 Joh 1:9*

Hierdie studiestuk is nie saamgestel om 'n spesifieke kerklike of politieke groep te bevoordeel nie. Vir sover dit menslik moontlik is, word daar gepoog om die Bybel se ware boodskap te gebruik. Die leser is vry om hieruit te put, maar word ook aangemoedig om die Bybel en verwante bronne self verder te bestudeer. Die menings wat hierin uitgespreek word, weerspieël die insig en vertolking van die outeur, en is vanselfsprekend nie die enigste of 'n onfeilbare vertolking nie. Geen benadeling van enige persoon, organisasie of instansie word hiermee beoog, of kan hieruit afgelei word nie.

Bybeltekste wat in hierdie skrywe aangehaal word is vooraf met die Hebreeuse of Griekse grondtekste vergelyk om die gebruik van foutief vertaalde tekste te verhoed. Die ouer Nuwe Testament in Aramees—die Pesjitta (Khabouris Kodeks) word ook geraadpleeg. Indien dit nodig is om 'n teks in ooreenstemming met die grondteks aan te pas, word dit aan die leser uitgewys of word 'n alternatiewe vertaling gebruik. Behalwe waar dit anders aangedui word, word die *1953 Afrikaanse Ou Vertaling* gebruik.

## <u>Aan die leser</u>

Hierdie studie wat handel oor Paulus is geskryf vir almal vir wie dit belangrik is om gehoorsaam te wees aan ons Skepper! Die inligting wat ek nou met u gaan deel, is 'n gedeelte van die inligting waarop ek afgekom het tydens my soeke na die waarheid. Ek vertrou dat u hierdie inligting verrykend sal vind.

In antieke geskrifte is essensiële inligting oor Paulus opgespoor wat gelukkig vir ons tyd bewaar gebly het. Dit is ongeveer tweeduisend jaar gelede geskryf deur mense wat Paulus persoonlik geken het. Dit vertel 'n verhaal waarvan ons nie tevore bewus was nie, en ook van sy dade wat ons nie van hom verwag het nie! Paulus se missie en lewensverhaal soos dit nou weer in ons moderne tyd bekend raak, en dit ook later in die studie onthul word, bied uiters belangrike insigte wat ons beskouing van die ontstaan van die Christendom, asook ons persoonlike geloofslewe, ingrypend kan verander.

In hierdie studie mag u dalk aan inligting blootgestel word wat nie algemeen bekend is nie en wat u moontlik tot in die fondament kan skut. Elkeen wat die Bybel in sy oorspronklike tale bestudeer gaan blykbaar maar deur 'n stadium van ontnugtering, omdat ons nie altyd in elke opsig die waarheid vertel word nie. Maar van watter nut is ons lewens indien ons nie die Bybel se waarhede reg verstaan en ons nie ons lewens skik volgens Vader se wil nie? Johannes leer: *"die wat Hom aanbid, moet in gees en <u>waarheid</u> aanbid."*

In die verlede het ek soms kritiek ontvang omdat ek in hierdie studie 'n bietjies te hard oorkom, veral vir lesers wat nog nie bewus is van die leemtes in ons tradisionele geloofsbeskouing nie. Maar omdat ek van mening is dat ons tyd besig is om vinnig uit te loop, is daar eenvoudig nie meer tyd om sagkens en met gesuikerde woorde die onderwerp te benader nie. Ons staan vandag alreeds in die skadu van geweldige groot gevare wat op die punt staan om ons te verswelg; gevare waarvan meeste van ons nie bewus is nie, en waarop baie van ons ook nie voorbereid is nie! Verdra my asb. indien u meen dat ek soms té hard en té reguit praat, maar nadat u die studie <u>volledig</u> (NB) deurgelees het, sal u self verstaan en ook ingelig wees, t.o.v. die omvang en erns van hierdie uiters belangrike, maar interessante onderwerp.

Die leser word vriendelik versoek om eie opinies vir eers opsy te skuif en met 'n oop gemoed die inligting wat hierin vervat is, deeglik te oorweeg. Die leser mag verskil met die spelling van die Name, of Vader ook die Seun is, die jaartal wanneer sekere Bybelboeke geskryf is, ens., maar laat ons in hierdie studie asb. hoofsaaklik fokus op die tema, en dit is; wie het vir Paulus gestuur?

Lesers wat my oor die jare gekontak het en vertel het dat hulle die studie nie kon neersit nie, beteken dat die tyd wat dit geneem het om hierdie materiaal op te diep en neer te skryf, beslis die moeite werd was. **Lekker lees!**

# Inhoud


| | | |
|---|---|---|
| **Voorwoord** | | **7** |
| **1** | **Inleiding** | **11** |
| **2** | **Die geloofskonflikte van die eerste eeu** | **14** |
| **3** | **Wie was Paulus?** | **19** |
| **4** | **Op pad na Damaskus en daarna** | **27** |
| **5** | **Het die apostels en hul volgelinge vir Paulus aanvaar?** | **29** |
| **6** | **Paulus se opleiding en missie** | **33** |
| **7** | **Teenstrydige en verwarrende leringe** | **36** |
| **8** | **Is die hele Bybel onder Goddelike inspirasie geskryf?** | **40** |
| **9** | **Het Jesjuwa na Paulus verwys?** | **42** |
| **10** | **Openbaring verwys ook nie na Paulus nie** | **50** |
| **11** | **Wat sê die Dooie See Rolle van Paulus?** | **53** |
| **12** | **Hét Paulus leuens vertel?** | **55** |
| **13** | **Hét Jesjuwa vir Paulus gestuur?** | **58** |
| **14** | **Ander skrywers** | **62** |
| **15** | **Is Paulus se leringe strydig met die res van die Bybel?** | **64** |
| **16** | **Is die wet vandag nog van toepassing?** | **77** |
| **17** | **Die toepassing van die wet** | **84** |
| **18** | **Algemene bespreking** | **90** |
| **19** | **Hoe raak Paulus ons vandag?** | **97** |
| **20** | **Paulus hét sy doel bereik!** | **104** |
| **21** | **Waarom het Vader dit toegelaat?** | **109** |
| **22** | **Samevatting** | **111** |
| **23** | **Slot** | **117** |
| **24** | **Aanhangsel. Kritiek teen Paulus oor twintig eeue** | **121** |
| **Bronnelys** | | **128** |
| **Verdere leesstof (Internet)** | | **131** |

## Voorwoord

• As eertydse diaken en skriba in die N.G. Kerk het ek geglo en gedoen soos dit 'n goeie lidmaat betaam, maar omdat alles nie vir my pluis gelyk het nie, het ek die Kerk se geskiedenis begin nagaan en op verstommende inligting begin afkom; inligting wat blykbaar sorgvuldig vir ons versteek word.

• Nadat ons Messias en sy apostels ons godsdiens in Jerusalem gevestig het, ontstaan daar in 47 nM 'n nuwe godsdiens op die Vatikaanheuwel net buite die stadsmure van Rome. Dit was basies een van die Romeine se gewildste, indien nie dié gewildste, son-godsdiens van daardie tyd (die Cybele-Attiskultus), waarby sommige Messiaanse leringe gevoeg is. Hierdie nuwe godsdiens was vanselfsprekend in stryd met die suiwer evangelie van Jerusalem, maar dit het sy finale beslag gekry toe Keiser Konstantyn in 321 en 325 nM, dit as die staatsgodsdiens gevestig het. Konstantyn het dus die godsdiens wat <u>in Rome</u> ontstaan het as die "Christendom" gegrondves, **nié** die suiwer godsdiens wat die apostels in Jerusalem gevolg en geleer het nie!

In 385 nM het Keiser Theodosius 1, by wyse van 'n dekreet, slegs erkenning aan die Katolieke Christene gegee, en alle ander gelowiges, veral húlle wat getrou gebly het aan die leringe wat die apostels geleer het, is as ketters vervolg en vermoor! Die Christendom van Jerusalem is dus vervang deur die Christendom van Rome! Die bestaande verskeidenheid en vorme van die Christendom stam dus almal uit Rome. Ons moet deeglik begryp dat hierdie groep vanaf hul ontstaan 'n vyandige en onbybelse grondslag het. Die gevolg was dat die Roomse Kerk deur die eeue, die ware Christene wreedaardig vervolg het indien hulle nie die leringe uit Rome gevolg het nie.

Rome se aanslag teen die Bybel duur voort deurdat nuwe vertalings stelselmatig aangepas word volgens húl leringe. Dit noodsaak die gebruik van die Hebreeuse en Griekse grondtekste om die juistheid van tekste te kontroleer. Die Christelike godsdiens is **nié** ons ware godsdiens nie, en die tradisie om die Bybel met die Kerk te verbind, vra noukeurige herbesinning. Sonder dat ons dit besef, word ons predikers in 'n geloofsleer opgelei wat in Rome ontstaan het, wat in die plek van ons ware godsdiens van Jerusalem maskeer.

• Met die deurlees van hierdie studiestukke, mag daar diegene wees wat met verbystering gaan sê; *Al ons geleerdes en die totale Christendom kan tog nie oor al die eeue almal verkeerd wees nie!* Dit was waarskynlik ook die reaksie wat Martin Luther te beurt geval het tydens die Hervorming. Met die ontstaan van die Hervormers, het Luther en andere sekere dwalinge van die Kerk in lyn gebring met die Bybel, en **hét** al die geleerdes en die Kerk dus tot op daardie stadium, reeds vir eeue gedwaal! Maar die Hervorming was nie naastenby volledig deurgevoer nie, en dui daarop dat die duisende denominasies in die Protestantisme, stééds op die Kerk van Rome gegrond is.

Daar is na die beste van my wete nie ’n godsdiens wat ooreenstem met die godsdiens wat die apostels in die eerste eeu gevolg en geleer het nie! Ons Messias was **nié** die stigter van die huidige vorme van die Christendom nie, en Hy is ook nie ’n Christen nie! Sou Hy vandag aarde toe kom, sal die totale Christendom Hom waarskynlik verwerp—vir Hom, wie hulle meen hulle volg!

• Omdat ons volk al verder van die Bybel afgewyk het, het ons in verknegting verval. Daar bestaan wel inisiatiewe t.o.v. die herwinning van ons selfbeskikking, maar ons huidige uitdaging is nie soseer om metodes te vind om uit ons verdrukking te kom nie, maar veel eerder om uit te vind waarom Vader sy aangesig teen ons gerig het. **Vader** beskik oor ons lotgevalle; ons heersers pas dit bloot toe! Hulle is tydelik in Vader se diens, en hulle sal daar bly totdat ons ophou om die fout by andere te soek. Die **eerste stap** tot die herwinning van ons vryheid, is nié om op te staan teen ons verdrukking nie, maar om op te staan teen ons eie oortredinge! Sou ons terugkeer na sy weë, sal ons lot ‘vanself’ verander na ongekende vrede en voorspoed.

Ons is egter só deeglik vasgevang in misleiding, dat terwyl ons dink ons wandel in Vader se weë, is ons dikwels besig om Hom te tart en te vertoorn! Ons verontagsaam Vader se bevele omdat die Kerk ons vertel dat Jesjuwa se bloed die hele wet vervul het. Omdat ons ware geloofsleer met ’n vervalste godsdiens vervang is, verontagsaam ons sommige van ons Meester se leringe, en volg ook leringe wat Hy **nié** geleer het nie! Daar wag op ons volk hier op die suidpunt van Afrika ’n glorieryke toekoms, maar die oorblyfsel is diegene wat die talle leuens oorwin en **daadwerklik** terugkeer na sy Woord.

• Met hierdie reeks studiestukke stel ek my bevindings beskikbaar aan volksgenote wat ook na die waarheid soek, en van mening is dat alles nie so pluis is met sommige standpunte wat ons binne die Christendom aantref nie. Daar is geen kopiereg op my skrywes nie en mag vermeerder en onder ons volksgenote versprei word, mits geen veranderings daaraan aangebring word nie.

• Hierdie soeke na waarheid is soos ’n opwindende avontuur, want in Vader se Skepping is daar nie ’n tekort aan kosbare waarhede om te ontdek nie! Totdat die *“ewige evangelie”* aan ons verkondig word (Opb 14:6), sal ons kleurvol van mekaar verskil, aangesien elkeen van ons se ‘waarheid’ voortdurend verskuif namate ons geestelik groei en ons insig van die Bybel verdiep.

## <u>Name en woorde wat gebruik word</u>

• In die Afrikaanse Bybels vind ons Name soos Here, God, Jesus, en Christus, maar hierdie titels en Name verteenwoordig nie die oorspronklike betekenis en krag nie. In hierdie skrywes word gepoog om volgens ons beste wete die oorspronklike Name te gebruik, net soos dit in sommige ander Bybels aangetref word, bv. die *1889 Darby Bible* en die *World English Bible*.

Afrikaanse Bybelvertalers vertaal Vader se Naam as Here, maar die ware Naam het verlore geraak. Die Ou Testament is aanvanklik in prentjieskrif (Paleo-Hebreeus) geskryf, en geen eenstemmigheid kon nog bereik word of die Tetragrammaton (JHWH) wat in die Hebreeuse grondteks voorkom, 'n korrekte transliterasie van die oorspronklike Naam is nie. Volgens die *Hebrew Bible* het Vader sy Naam aan Moses bekend gemaak as *EHYEH* (Exo 3:14). Totdat duidelikheid verkry kan word, word JHWH in stede van Here gebruik.

Die woord God kom nie in die Bybel se grondtekste voor nie! Dit is ook 'n leenwoord uit die Germaanse tale (gött) vir super-menslike wesens in die heidense mitologie. Ek verkies die woorde; El, Elohim, Vader, of Almagtige. Elohim is die meervoud van El, maar verwys steeds na die <u>enige</u> Almagtige.

Ons Gesalfde was 'n Hebreër en het nie 'n Griekse naam (Jesus) ontvang nie. Tydens die vergrieksing van die Bybel is sy Naam ook vergrieks (na Iēsŏus) en daar word steeds in die meeste Bybels na Hom verwys as Jesus. Die oudste rekord van sy oorspronklike Naam is in 2002 in Israel ontdek; op die kissie van Jakobus se bene. Indien ons met die *Bybels-Hebreeuse Naslaangrammatika* (C. v/d Merwe) die Aramese Naam op die kissie na Afrikaans translitereer, spreek ons sy Naam uit as: Jesjuwa. (Yeshua in Engels).

Die woord Christus is die Griekse vertaling van Mâshiag (Hebreeus). In hierdie studie word Gesalfde (letterlike vertaling) en Messias of Meester gebruik.

• Bybelvertalers gebruik meestal nie die oorspronklike name van Bybelfigure en die Bybelboeke nie, maar om verwarring te voorkom, gebruik ek die name waarmee ons bekend is, en soos dit ook in die Afrikaanse Bybels voorkom.

• Die woord, Jood, het ontstaan tydens die Judeërs se wegvoering in ballingskap, as benaming van <u>**al** die volke</u> wat toe in Judea gaan woon het, en verwys dus na volke wat juis nié Judeërs is nie! Die Bybel verwys na Judeërs, nie na Jode nie. Die woord Jood kom nie in die Pesjitta voor nie ('n antieke Nuwe Testament in Aramees wat in Sirië bewaar was) en die latere toevoeging daarvan, soos dit nou in byna alle Bybels voorkom (so ook in die akademiese wêreld), skep 'n <u>baie</u> groot verwarring wat ek uitwys waar nodig.

• Woorde soos: Kerk, predikant, pastoor, prediker, ens. word in 'n breë en algemene sin gebruik, en dus word nie alle kerke en predikers geïmpliseer nie. Trouens, daar is kerke en predikers wat soortgelyke boodskappe uitdra.

**<u>My dank aan</u>** al die skrywers wie se kennis en insigte ek gebruik om my eie skrywes te verryk en te verlig. My dank gaan ook aan my sielsgenote, vir hul waardevolle voorstelle en taalversorging. My grootste dank en erkenning gaan aan ons Skepper vir die wonderlike voorreg om hierdie werk voltyds te mag doen, asook vir die insigte dat ons op die vooraand staan van die beloofde en wonderbaarlike nuwe tydperk onder ons Koning se heerskappy!

# 1 Inleiding

Daar mag lesers wees wat sal wonder waarom dit nodig is om hierdie studie te doen, aangesien Paulus se apostelskap en pragtige leringe tog nie betwyfel kan word nie. Dat Paulus deur ons Gesalfde as apostel aangestel is word tog in die Bybel beskryf, so waarom moet ons die Bybel bevraagteken?

Ons gaan egter met hierdie studie tot op die been sny, en sien daar bestaan beslis gronde om te vermoed dat daar aan ons Bybel gepeuter is, en dat sekere gebeurtenisse anders voorgestel word as wat dit werklik gebeur het. Wanneer ons Paulus se herkoms en geskiedenis begin nagaan, kom daar ’n totaal ander beeld van hom na vore as wat vandag van hom voorgehou word. ’n Studie oor die geldigheid van Paulus se apostelskap lewer verrasende feite op—feite waarvan elke volksgenoot deeglik moet kennis neem.

Die doel en motief van hierdie studie moet nie in dieselfde lig gesien word as die hedendaagse pogings om die Bybel se geldigheid te bevraagteken of af te kraak nie, maar is eerder ’n opregte poging om die waarheid bloot te lê.

Paulus se briewe is nou wel as kanon verklaar en dit is deel van die Bybel gemaak, maar is Paulus se leringe werklik in lyn met die res van die Bybel? Ek het onlangs tot die besef gekom dat die eerste Bybelstudie wat ons behoort te doen, is om seker te maak of Jesjuwa hom werklik gestuur het. (Sien asb. ook die aanhangsel). Dit is belangrik om noukeurig na Paulus se uitsprake te kyk, asook wat die res van die Bybel van hom sê. Dit is egter ewe belangrik om daarop te let tot watter mate Vader en Seun oor hom swyg.

Ek nooi u om hierdie baie interessante studie saam met my te doen. Nie alleen gaan ons kyk of Paulus se leringe met die res van die Bybel vereenselwig kan word nie, maar ons gaan ook kyk na wat Paulus se tydgenote van hom gesê het. Daarvoor raadpleeg ons antieke geskrifte wat uit die eerste eeue dateer—die geskrifte van Josephus, **[1]** die geskrifte van die Esseners, **[2]** asook die werk van ander Skrifnavorsers, geskiedkundiges en skrywers.

---

**[1]** Vlavius Josephus, 37-100 nM, gebore in Jerusalem, en die belangrikste geskiedskrywer van die eerste eeu. Sy omvattende geskrifte bied vandag uiters waardevolle inligting wat as agtergrond kan dien tydens die ontstaan van die Nuwe Testamentiese era.

**[2]** In 1947 het ’n skaapwagter boekrolle en fragmente van boekrolle in kleipotte naby die Dooie See gevind wat as die Dooie See Rolle bekend geword het. Hierdie boekrolle is in Hebreeus en Aramees geskryf, en dateer terug na die tydperk voor die vernietiging van die tweede tempel in die jaar 70 nM. Die boekrolle (daar is later meer in aangrensende grotte gevind) bestaan uit bekende Bybelboeke, maar bevat ook Geskrifte wat nie tevore aan ons bekend was nie. Veral van belang is die “Damaskus Dokument”, aangesien dit die doen en late van sleutelrolspelers blootlê, asook belangrike gebeure beskryf wat aan die begin van die Nuwe Testamentiese era afgespeel het.

■ Die eerste vraag wat mens kan vra is: waarom is daar géén aanduiding van Paulus se koms in die ganse Bybel nie? Vandag is Paulus se leringe byna ál wat mens in kerke hoor. Hy het 'n plek van status, gesag en gewildheid verwerf bo dié van ons ware Meester! Paulus is verhef tot die sentrale figuur in die Christendom. In sommige kerke het die neiging ontstaan om die geldigheid van Vader en Seun se leringe te meet volgens Paulus se leringe!

Indien Paulus dan vir tweeduisend jaar die oorheersende rol in die Christendom moes kom speel, waarom het gééneen van die profete in die Ou Testament hierdie belangrike verwikkelinge voorspel of aangekondig nie? Die Christelike Kerk het hul dogma en leringe hoofsaaklik op Paulus se evangelie gegrond, nie op Jesjuwa nie, so waarom het Jesjuwa hom nie ook opgelei, of selfs net aangedui dat Hy iemand ná sy hemelvaart gaan stuur met 'n beter evangelie as sy eie nie? Ons Alwetende Vader sê in sy Woord:

> *"Want JHWH doen niks tensy Hy sy raadsbesluit aan sy knegte, die profete, geopenbaar het nie."* (Amos 3:7).

Maar, óf Vader het hierdie beloftes aan ons verbreek, óf Paulus was nooit deur Hom gestuur nie. Hiervolgens staan die geldigheid van Paulus se apostelskap alreeds sterk onder verdenking, want dit is natuurlik ondenkbaar dat Vader nie sy eie werkwyse en beloftes in sy Woord sal nakom nie.

■ Is dit Vader se werkwyse om; (a) sy Raadsplan te verander, (b) sonder om ons in te lig, en (c) sonder enige getuienis? Onthou, Paulus kon nie 'n enkele getuie roep om die Damaskuspad-gebeure te bevestig nie! Lukas wat die gebeure in Handelinge neergeskryf het, was toe nog nie Paulus se handlanger nie, en hy kon net skryf wat Paulus later aan hom vertel het. Ons het **slégs** Paulus se woord dat dit ooit plaasgevind het, en die Skrif leer ons:

> *"...op die verklaring van twee getuies of op die verklaring van drie getuies sal 'n saak van krag wees."* (Deut 19:15. Sien asb. ook Joh 8:17).

Dit mag vir baie lesers as 'n verrassing kom, maar in hierdie studie gaan ons sien dat Paulus se evangelie meestal direk in stryd staan met Jesjuwa se evangelie! En Jesjuwa leer dat sy evangelie geldig bly, ook **ná** sy opvaring:

- *"maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het."* [nie wat Paulus gesê het nie] (Joh 14:26).
- *"Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die woord wat Ek gespreek het,* [nie Paulus se woord nie] *dit sal hom oordeel in die laaste dag."* (Joh 12:48).
- *"Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde sal nooit verbygaan nie."* (Matt 24:35). Waar pas Paulus se *"ander evangelie"* nou in?

Paulus skryf dat hy ’n *“ander evangelie”* verkondig as wat Jesjuwa aan die twaalf apostels geleer het—ons kan dus nie hom volg asook vir Jesjuwa nie!

Sou daar van ons verwag word om leringe aan te neem van iemand wat lank **ná** sy ‘bekering’ erken dat hy nog steeds ’n Fariseër is, terwyl Jesjuwa ons opdrag gee om **nie** na die Fariseërs te luister nie? Jesjuwa beskryf die Fariseërs as plante wat Vader nie geplant het nie (Matt 15:13), en voeg by:

> *“Laat hulle staan; hulle is blinde leiers van blindes. En as ’n blinde ’n ander blinde lei, sal altwee in die sloot val.”* (Matt 15:14).

■ Van Jesjuwa se status en gesag lees ons in die Ou én Nuwe Testament:

- *“[15]’n Profeet uit jou midde, uit jou broers, soos ek is, sal JHWH jou Elohim vir jou verwek; na Hom moet julle luister... [18]Ek sal my woorde in sy mond lê, en Hy sal aan hulle sê alles wat Ek Hom beveel.”* (Deut 18:15, 18).
- *“En daar kom ’n wolk wat hulle oordek; en uit die wolk kom ’n stem wat sê: Dit is my geliefde Seun, luister na Hom!”* (Mark 9:7).

Hierdie woorde in die evangelie van Markus is in 60-65 nM neergeskryf, etlike jare nádat Paulus met sy apostelskap begin het, en hier is absoluut géén aanduiding dat ons na iemand anders as na Jesjuwa moet luister nie! Waarom sou Jesjuwa die twaalf apostels oplei, en terwyl hulle nog besig was om sy evangelie uit te dra, nóg iemand stuur om nou weer ’n ander evangelie te verkondig vir die grondlegging van ’n ander godsdiens; ’n godsdiens wat Jesjuwa ons nooit geleer het nie? Is dit nie ’n bietjie vergesog nie?

Die verskille tussen Jesjuwa en Paulus se leringe word dikwels uit kerkgeledere toegeskryf aan wysigings aan Vader se verlossingsplan vir die mensdom. Hierdie verduideliking is egter ewe verdag, aangesien nie Vader óf sy Seun van enige sodanige wysigings melding gemaak het nie, ook nie in Openbaring nie. Indien Jesjuwa ’n fout gemaak het met die kies van sy apostels **[3]** (wat natuurlik ondenkbaar is), sou ons tog in Openbaring daarvan gelees het. Maar daar is niks, absoluut niks, wat moontlik Paulus se teenwoordigheid (as apostel) en sy teenstrydige leringe kan verduidelik nie!

■ Voordat Paulus begin vertel het dat hy ook ’n apostel is, is Matthías reeds in die plek van Judas Iskáriot aangestel. Die twaalf apostels was dus voltallig in die tyd van Paulus se apostelskap. Paulus was dus die dertiende apostel, maar Vader of sy Seun se leringe maak nie voorsiening, of ondersteun in die minste die bestaan van ’n dertiende apostel nie! Paulus was ook nie een van diegene wat Jesjuwa in sy lewe op aarde gestuur het nie (Luk 9:59-60; 10:1-3), want hy het Jesjuwa se volgelinge vervolg, ná Jesjuwa se opvaring.

---

**[3]** Paulus skryf dat **hy** (nie die twaalf apostels nie), die fondament gelê het. *“...het ek soos ’n bekwame boumeester die fondament gelê...”* (1 Kor 3:10).

Nadat Paulus byna al sy briewe geskryf het, stuur Jesjuwa die inligting vir die boek Openbaring aan Johannes, maar daarin is steeds géén aanduiding dat Hy ’n dertiende apostel aangestel het, of dat ons nou in ’n “nuwe bedeling” staan nie. Inteendeel, ná alles wat Paulus gedoen het, bevestig Hy in Openbaring dat daar slegs **twaalf** apostels is! Indien Jesjuwa géén erkenning aan die dertiende apostel of sy *“ander evangelie”* gee nie, wie het hom gestuur?

■ Wanneer mens ’n studie van Paulus doen, word mens bewus van totaal teenstrydige inligting in die Bybel aangaande hom, en dat daar reeds in die eerste eeue ’n doelgerigte poging aangewend is om, in hoofsaaklik Handelinge, vir Paulus ’n beeld te skep wat nie deel was van die werklikhede nie. **[4]**

Kom ons kyk nou sonder vooroordeel, noukeurig, en met ’n oop gemoed na die harde feite, en laat ons vasstel of Jesjuwa wérklik vir Paulus gestuur het.

## 2 Die geloofskonflikte van die eerste eeu

As enkele skrywer oorheers Paulus se briewe die Nuwe Testament, en het hy sy briewe aan die gemeentes en medewerkers (Timótheüs, Titus, en Filémon) geskryf, vóór drie van die vier evangelies ter skrif gestel is. Die datums in die verskillende bronne wissel ietwat, maar dit blyk dat Paulus al sy briewe tussen 50-65 nM geskryf het. Ses van sy briewe is in Rome geskryf.

■ As vertrekpunt is dit van die grootste belang om ’n insig te hê van die godsdienstige onderstrominge wat in daardie tyd geheers het. Ons moet verstaan wie het vir Jesjuwa teengestaan en wie het vir Paulus teengestaan.

In die tyd van Jesjuwa was daar verskeie godsdienstige groepe in Palestina. Behalwe vir die Judeërs se eie godsdiens (Judaïsme), was daar ’n kleiner groep, die Esseners, wat ’n meer toegewyde vorm van Judaïsme gevolg het. Beide hierdie groepe het vir hul Messias gewag en het ook volgelinge van Hom geword. Dan was daar ook die Fariseërs en Sadduseërs, die geloofsgroepe wat Jesjuwa van die begin af gehaat het. Hulle het Jesjuwa openlik teengestaan en het ook probeer om Hom te versoek sodat hulle ’n rede kon vind om Hom aan te kla. **[5]** Volgens Jesjuwa is die leringe van die Fariseërs en Sadduseërs nie aanvaarbaar nie, en het Hy ons daarteen gewaarsku. **[6]**

---

**[4]** Die kerke is besig om hul geloofwaardigheid verder te verydel deur steeds voor te gee dat elke woord in die Bybel “die Woord van God” is. Mens wonder na watter Bybel hulle verwys, aangesien daar reeds meer as ’n honderd verskillende Bybels net in Engels bestaan, waarin dieselfde teks dikwels totaal verskillende betekenisse het! Watter van hierdie magdom Bybels is nou veronderstel om “die Woord van God” te wees? Behalwe dat vertalers steeds voortgaan om foutief vertaalde Bybels die lig te laat sien, getuig selfs die grondtekste van foutiewe inligting, asook weglatings en byskrywing. Daar sou geen verwarring wees indien ons Bybel nie hierdie vervalsings bevat het nie.

Alhoewel die Fariseërs en Sadduseërs onderling ook heftig van mekaar verskil het, was hulle bondgenote in hul poging om Jesjuwa dood te maak. **[7]**

Die onderskeie geloofsgroepe was dus in Jesjuwa se tyd in twee teenstrydige en uiters vyandige kampe verdeel; Judaïsme en die Esseense geloofsgroep aan die een kant, en die Fariseërs en Sadduseërs aan die ander kant.

In die Nuwe Testament word van "die volk" gepraat, soos bv. in Matt 27:25, maar ons moet deeglik besef dat "die volk" uit beide Judeërs en Jode bestaan het. **[8]** *"Die skare"* wat Jesjuwa gevolg het was hoofsaaklik Judeërs, en dit was vir húlle wie die Fariseërs en Sadduseërs bang was; **[9]** hulle sou nie vir die skare bang gewees het indien die skare hul eie volgelinge was nie.

Wanneer ons in Handelinge lees dat <u>die Israeliete</u> vir Paulus uit die tempel gesleep het, moet ons deeglik besef wie se volgelinge hierdie Israeliete was.

---

**[5]** "*En <u>die Fariseërs en Sadduseërs</u> het nader gekom om Hom te versoek en het Hom gevra om hulle 'n teken uit die hemel te laat sien."* (Matt 16:1).

**[6]** "*...dat hulle <u>moes oppas</u>...vir die leer van die Fariseërs en Sadduseërs"* (Matt 16:12). Maar waarom sou Jesjuwa Homself in Matt 23:3 weerspreek? *"Alles wat hulle dan vir julle mag sê om te onderhou, <u>onderhou en doen dit</u>..."* In die *TJ* ('n Aramese teks) staan: *"<u>Refrain, however, from doing and accepting anything they tell you</u>, and also <u>don't act</u> in accordance with their works."* Is Matt 23:3 in die Griekse grondteks vervals sodat Jakob se geslag onderdanig moet wees aan alles wat die Fariseërs aan hulle wou opdis?

**[7]** "*En toe die Fariseërs hoor dat Hy die Sadduseërs die mond gestop het, het hulle almal saam vergader."* (Matt 22:34).

**[8]** Die waarskynlike leser is dalk bewus van die verwarring wat ontstaan het deurdat die verskillende rasse en volke wat op Israel se grondgebied gaan woon het terwyl die Israeliete in ballingskap weggevoer was, vandag Jode genoem word. *"...die koning van Assirië uit Babel en uit Kuta en uit Awa en uit Hamat en Sefarváim mense ingevoer en laat woon in die stede van Samaría, <u>in die plek van die kinders van Israel</u>..."* (2 Kon 17: 24). Omdat die twaalf stamme nog steeds in verstrooiing is (en nie besef wie hulle is nie), het hier 'n ommeswaai in die identiteit van volke plaasgevind. Daar is ten minste drie Joodse navorsers wat **<u>ontken</u>** dat hul voorvaders die Israeliete van die Bybel is!

<u>Verskeie</u> gebeure het veroorsaak dat volke wat nié afstammelinge van Israel was nie, as Judeërs bekend geword het. Josephus skryf: *"Hyrcanus took* [oorwin] *also Dora and Marissa, cities of Idumea, and subdued all the Idumeans;* [Edomiete] *and permitted them to stay in that country, if they would circumcise their genitals, and make use of the laws of the Jews;* [Judeërs] *and they were so desirous of living in the country of their fore-fathers, that they submitted to the use of circumcision, and the rest of the Jewish ways of living; at which time therefore this befell them, that <u>they were hereafter no other than Jews.</u>"* [Judeërs] (*Antiquities of the Jews, Complete Works of Josephus,* p. 279). En so staan Israel se <u>vyande</u> (die Edomiete) vandag as Judeërs (Israeliete) bekend!

**[9]** *"En hulle* [owerpriesters en Fariseërs] *het probeer om Hom in hulle mag te kry, maar hulle was bang vir <u>die skare</u>, omdat dié Hom vir 'n profeet gehou het."* (Matt 21:45-46).

Dit was <u>die Judeërs</u> wat Jesjuwa gevolg het, nie die Jode nie. Joh 10:27 lees:

- *"My skape luister na my stem, en Ek ken hulle, en <u>hulle volg My.</u>"* **[10]**

  Die Fariseërs en die Sadduseërs was duidelik nie deel van sy skape nie, want hulle was Hom vyandiggesind, en het Hom *"sonder oorsaak gehaat."* (Joh 15:25). **[11]**

- *"27 ...het die Jode* [Judeërs] **[12]** *van Asië hom* [Paulus] *in die tempel* [Jerusalem] *gesien en die hele skare oproerig gemaak en die hande aan hom geslaan 28 en geskreeu: <u>Israeliete</u>, help! Dit is die man wat oral aan almal dinge leer teen die volk en die wet en hierdie plek. Hy het ook nog Grieke in die tempel gebring en hierdie heilige plek ontheilig."* (Hand 21:27-28).

Ons moet ook besef dat hierdie insident plaasgevind het etlike jare **nádat** Paulus beweer het dat hy bekeer het. Ons moet ook oplet dat hierdie insident in die tempel plaasgevind het, nie in 'n Joodse sinagoge nie. Niemand sou Paulus uit 'n Joodse sinagoge gesleep het nie. Die apostels en hulle volgelinge was nog in beheer van die tempel. **[13] Die Israeliete wat vir Paulus uit die tempel gesleep het, was dus <u>die apostels</u> se volgelinge!**

Die vraag is nou: waarom sou die apostels se volgelinge so teen Paulus optree indien hy veronderstel was om een van die apostels te wees? Onthou, dit is nou lank **ná** sy 'bekering'. Ons lees ook nie dat 'n enkele apostel vir Paulus te hulp gesnel het nadat die Israeliete vir Paulus uit die tempel gesleep het en probeer het *"om hom dood te maak"* nie! (Hand 21:27-31).

---

**[10]** Ons lees dat die Israeliete Jesjuwa aangehang het (sien bv. Luk 19:48; Joh 10:14) en staan oënskynlik in stryd met Joh 1:11; *"Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie."* (Joh 1:11. Ook Joh 5:43). Maar is <u>albei</u> stellings nie korrek nie? Die Israeliete van sy tyd hét Hom aangeneem, maar Jesjuwa het voorsien dat sy eie mense later van Hom vervreemd gaan raak weens "*'n ander een"* (Joh 5:43).

**[11]** Dink net; hulle wat eerstehands met Jesjuwa te doen gehad het en voorgegee het dat hulle Vader dien, het Vader se Seun in werklikheid gehaat! Hulle dien dus <u>nie</u> Jesjuwa se Vader nie! Hierdie groep staan óók as Jode bekend. Daar word beraam dat daar ongeveer 4% ware Judeërs onder die Jode is. Hedendaagse 'Jode' wat begin om die Nuwe Testament aan te neem (Messiaanse Jode), is waarskynlik ware Judeërs.

**[12]** Die woord *"Judeërs"* is in die Bybel met *"Jode"* vervang, so asof dit dieselfde volk is! In die ouer Aramese grondteks lees dieselfde teks: *"...the Yah Hudaya* [Jehudah] *of Asiya..."* (*The Aramaic New Covenant*). Daar word van **<u>Judeërs</u>** gepraat, **nié Jode nie!** Die vertalers het die Griekse grondteks <u>vervals</u> sodat dit nou lyk asof Jode bedoel word.

**[13]** Tot op die stadium toe Jerusalem binnegeval en die tempel vernietig is in die jaar 70 nM, was die apostels en hul volgelinge in beheer van die tempel: *"It was natural that the initial centre of Christianity should be in Jerusalem. ...<u>They continued to use the temple as a place of worship</u> ..."* (K.S. Latourette, *A History of Christianity,* p. 65).

Die apostels het ook nie tussenbeide getree toe hul volgelinge Paulus aangekla het nie, en nog minder het die apostels hom in die tempel teruggenooi. Indien Paulus nie eens in die tempel welkom was nie, hoe kon hy 'n medewerker van die apostels gewees het? **Paulus was baie duidelik <u>nie</u> deel van die apostels se geloofsgroep nie!** Dit plaas hom outomaties aan die kant van die Fariseërs en Sadduseërs — die groep wat Jesjuwa gehaat het!

■ Alhoewel die evangelies net strek tot by Jesjuwa se opvaring, is drie van die evangelies in 60-65 nM geskryf, nádat meeste van Paulus se briewe in omloop was. Sou hulle nie die nuwe godsdiens noem nie? <u>Maar nie 'n enkele evangelie gee énige erkenning aan Paulus, sy apostelskap, óf sy leringe nie!</u>

Indien Jesjuwa ná sy opvaring besluit het om 'n dertiende apostel te stuur om 'n evangelie sonder die wet aan nie-Judeërs te verkondig, vir wie is Jesjuwa se evangelie dan bedoel indien vandag se Jode dit óók nie volg nie? Het Jesjuwa sy eie evangelie gekanselleer deur Paulus te stuur? Nee, ons word volgens <u>Jesjuwa</u> se evangelie geoordeel in die laaste dag - Joh 12:48.

■ In 2 Pet 3:15-16 vind ons 'n vreemde uitlating, want Petrus verwys na Paulus as *"geliefde broeder."* **[14]** Hierdie verse lyk baie verdag, aangesien Paulus 'n *"ander evangelie"* verkondig het as wat Jesjuwa vir die apostels geleer het, en Petrus dit beslis baie sterk sou veroordeel. Daar sou eerder groot konflik tussen hulle gewees het, presies net soos Paulus dit self beskryf het:

> *"...toe Petrus in Antiochíë gekom het, <u>het ek hom openlik teëgestaan</u>, omdat hy veroordeeld gestaan het."* (Gal 2:11).

Die betrokke verse in 2 Petrus lees:

> *"15 En ag die lankmoedigheid van onse Elohim as saligheid, soos ons geliefde broeder Paulus ook met die wysheid wat aan hom gegee is, aan julle geskryf het, 16 net soos in al sy briewe. Hy spreek daarin oor hierdie dinge, waarvan sommige swaar is om te verstaan,* **[15]** *wat die ongeleerde en onvaste mense verdraai, net soos <u>die ander Skrifte</u>,* **[16]** *tot hul eie verderf."* (2 Pet 3:15-16).

---

**[14]** Ons lees in die *Bybelse Ensiklopedie* (bl. 392): *"Die <u>eerste</u> brief van Petrus is van ouds af in die Kerk aanvaar en algemeen gebruik. Daarenteë is van geen boek so dikwels beweer dat dit nie in die Nuwe Testament behoort nie as 2 Petrus. Die gronde waarop dit beweer word, is baie; ons noem maar net 'n paar: Petrus sou, volgens bestryders van die egtheid van die brief, nooit 2 Pet 3:15-16 kon geskryf het nie."* (Prof. Dr. W.H. Gispen en andere). Die Nuwe Testament is in 275-339 nM deur biskop Rabula van Edessa in die Pesjitta gevoeg ('n antieke Siriese Bybelvertaling) **<u>sonder</u>** 2 Petrus! 2 Petrus was van die vroegste tye af verwerp, en beide Origen (185-254 nM) en Eusibus (275-339 nM) het dit betwyfel of Petrus dit geskryf het. <u>2 Petrus is in 80-90 nM geskryf, terwyl Petrus in 65-67 nM oorlede is!</u> Dit is ook in 'n ander skryfstyl geskryf as 1 Petrus.

Behalwe vir Handelinge, **[17]** is hierdie twee verse in 2 Petrus die enigste verbintenis tussen Paulus en die apostels in die hele N.T. Om die indruk te skep dat Paulus deur die apostels aanvaar was, was 'die Kerk' van daardie tyd waarskynlik verplig om hierdie twee verse in te voeg om as 'n brug te dien, omdat nie 'n enkele apostel énige erkenning aan Paulus gegee het nie!

Indien ons aanvaar dat 2 Petrus, of die betrokke twee verse, nie deur die apostel Petrus geskryf is nie, is daar **géén** geskrifte in die Bybel waar die apostels Paulus se naam gebruik nie! Dit is 'n duidelike aanduiding dat daar nié die samewerking bestaan het soos wat dit in Handelinge beskryf word nie. Die twee verse is ook geskryf om die indruk te skep dat Petrus vir Paulus en sy leringe in 'n geëerde en verhewe lig sien. Hierdie waarskynlike vervalsing dui daarop dat die Kerk oor 'n versteekte agenda beskik t.o.v. Paulus.

Ons kan aanneem dat Paulus baie van die inligting in Handelinge ook aan Lukas gedikteer het, aangesien Lukas nie deurentyd saam met hom was nie. Inligting in Handelinge wat in konflik staan met Paulus se briewe is waarskynlik byskrywing. Die slotsom hiervan bring ons by 'n skrikwekkende realiteit: Indien niemand anders in die Bybel Paulus erken nie (behalwe Handelinge, geskryf deur Paulus se handlanger), beteken dit dat die enigste inligting in die Bybel wat ons van Paulus het, hoofsaaklik van Paulus self afkomstig is! Ons het dus hier te make met 'n reisende een-man vertoning met 'n marionet!

---

**[15]** Ons lees die Bybel is maklik om te verstaan: Deut 30:11; Ps 119:130; 1 Joh 5:3.

**[16]** Die woord *"ander"* by *"die ander Skrifte",* is vertaal uit die Griekse woord *lŏipŏi* (G3062), en beteken eerder *"remaining ones".* Talle Bybels het dit korrek vertaal, bv. in die *Analytical-Literal Translation* staan daar: *"...as [they do] also **the rest** of [the] scriptures."* Dit impliseer dat Petrus Paulus se briewe as deel van die Skrif aanvaar. Maar dit kon Petrus nie op daardie stadium geskryf het nie; Paulus se briewe is eers eeue later as "kanon" verklaar en tot die Skrif gevoeg! Daaraan het die Skrifvervalser wat die twee tekste heel waarskynlik op 'n latere stadium verander het, nie gedink nie!

Ook in die tydvak ná Jesjuwa, was **slégs** die bestaande boekrolle (die Ou Testament) as Skrif aanvaar, en sou die apostels nie kon droom dat hul briewe eendag deel van die Skrif sou uitmaak nie! Petrus sou dus nie kon skryf dat Paulus se briewe alreeds deel van die Skrif is nie! Behalwe dat 2 Petrus geskryf is ná Petrus se dood, is hierdie twee tekste ingevoeg nádat Paulus se briewe in die Bybel opgeneem is. 2 Pet 3:15-16 wys hulself as vervalsings uit en kan dus nie meer in die Paulus-vraagstuk gebruik word nie.

**[17]** Uit sy navorsing in geskiedkundige bronne, skryf prof. David Smith in sy boek, *The Life and Letters of Saint Paul,* dat Lukas, Handelinge se skrywer, 'n bekeerling van Paulus was wat hy in Antiochië ontmoet het. Lukas was nie een van die apostels nie en het ook nie in hul geselskap gedeel nie. In die hele Nuwe Testament kom Lukas se naam slegs drie keer voor (Kol 4:14, 2 Tim 4:11, Filémon 1:24), en in al drie gevalle is dit boonop nét Paulus wat na hom verwys! Ons het dus geen betroubare bevestiging dat die apostels vir Lukas as geestelike medewerker aanvaar het nie! Ons gaan weldra sien dat daar ook aan Handelinge gepeuter is, en dat dit nié 'n betroubare boek is nie.

# 3 Wie was Paulus?

Saulus van Tarsus se naam verander in Hand 13:7 sonder verduideliking na Paulus. Hy was 'n saalmaker (Aramese grondteks; 'n tentmaker in die Griekse teks; Hand 18:3), en het voor sy 'bekering' Jesjuwa se volgelinge in die tronk gestop of laat doodmaak. 'n Tydgenoot, ene Onesiforus, het hom so beskryf:

> *"'n Man klein van gestalte, kaalhoofdig, met krom bene, 'n goeie liggaamlike toestand, met wenkbroue dig verstrengel, en 'n effense krom neus..."*

■ Maar wie was Paulus werklik? Hy laat ons verstaan dat hy 'n Romein is:

> *"27 En die owerste oor 'n duisend het gekom en hom gevra: Sê vir my of jy 'n Romein is? En hy antwoord: Ja. 28 Toe sê die owerste oor duisend: Ek het hierdie burgerskap vir 'n groot som verkry! En Paulus sê vir hom: Maar ek het dit <u>deur geboorte.</u>"* **[18]** (Hand 22:27-28).

Die Romeine het egter geweet dat Israel se Skrifte en godsdiens slégs aan Israeliete verkondig mag word, en dat hulle dit nie mag aanneem en volg nie:

> *"...hulle verkondig sedes wat vir ons nie geoorloof is om aan te neem of na te volg nie, <u>omdat ons Romeine is.</u>"* (Hand 16:21).

Indien Paulus 'n gebore Romein was, was dit hom nie geoorloof om 'n volgeling van Jesjuwa te wees nie, wat staan nog om die evangelie self te verkondig! Soos ons in Hand 21:28 **[19]** en in geskiedkundige bronne kan sien, **[20]** was die evangelie slégs aan Israeliete gebring! Lees asb. Matt 15:22-28.

---

**[18]** Het Paulus dalk sy Romeinse burgerskap verkry omdat hy of sy voorouers in 'n landstreek gebore is wat onder Romeinse beheer was? Nee, ons sien bv. in Hand 22:26-29 dat die Israeliete wat in Judea gebore is, nié as Romeine gereken was nie.

**[19]** *"Hy het ook nog Grieke in die tempel gebring en hierdie heilige plek ontheilig."* Hierdie insident het afgespeel jare ná die opvaring, en getuig nie van 'n 'nuwe bedeling' nie. <u>Niemand</u> behalwe Israeliete is in die tempel toegelaat nie! Dit is 'n vreemde gedagte dat ons nie ander rasse mág bekeer nie, maar dit is presies wat ons hier lees en wat die Bybel **wérklik** leer! Ander *"...volke <u>mag wandel</u> elkeen in die naam van sy god…"* (Miga 4:5; ook Deut 4:19b). Totdat die ontugwet en apartheid in Suid-Afrika afgestel is, hét ons die Bybel se leringe van afsondering gedeeltelik korrek gevolg. Nadat ons ook in hierdie verband die Kerk van Rome se leringe begin volg het, het ons verval begin. Die oopgooi van die Kerk se deure is 'n kragtige formule vir ons ondergang! Die Kerk se haat teen apartheid is 'n voorbeeld van hul (versteekte) haat teen Jesjuwa, want Hy leer: *"<u>Moenie</u> gaan op pad na die heidene nie..."* (Matt 10:5). In die hersteltydperk word apartheid onder ons Koning se heerskappy volledig ingestel: *"...dan sal Jerusalem 'n heiligdom wees waar <u>geen vreemdes meer deur sal trek nie.</u>"* (Joel 3:17; Sag 14:21b).

**[20]** 'n Skrifnavorser, K.S. Latourette, skryf: *"So far as we know, their numbers* [van bekeerlinge] *were recruited <u>entirely from Jews.</u>"* (*A History of Christianity,* p. 65). Daar word dikwels in die akademiese wêreld van *"Jews"* gepraat, terwyl Judeërs bedoel word.

■ Dan beweer Paulus dat hy:

> *"...ook 'n Israeliet uit die nageslag van Abraham, van die stam van Benjamin"* is. (Rom 11:1).

Die Romeine is nie afstammelinge van die twaalf seuns van Jakob/Israel nie, maar Israel is *"onder al die volke"* van die aarde verstrooi (Deut 28:64). Was sy voorouers dalk ware Israeliete? (Ons gaan later sien sy stamboom weerlê sy aanspraak). Maar hoe kon Paulus 'n Israeliet wees as die Israeliete hom aangekla het dat hy *"oral aan almal dinge leer"* téén hulle? Paulus self skryf dat hy nié van Benjamin is nie. Die stam van Juda en die stam van Benjamin staan saam as 'die huis van Juda' bekend, en in Gal 3:14 skryf hy:

> *"sodat die seën van Abraham na <u>die heidene</u>* [nie-Judeër] **[21]** *kan kom in Jesjuwa die Messias, en dat <u>ons</u>* [Paulus sluit homself in] *die belofte van die Gees deur die geloof kan ontvang."*

Die tien stamme in verstrooiing het weens hul verstote toestand as 'nie-Judeërs' bekend gestaan, en hier groepeer Paulus homself as 'n 'nie-Judeër'. In Gal 3:14 skryf Paulus dus dat hy nié 'n afstammeling van Benjamin is nie!

■ Maar Paulus sê dat hy ook 'n Fariseër is:

> *"...ek is 'n Fariseër, die seun van 'n Fariseër."* (Hand 23:6).

Alhoewel die woord *"Fariseër"* oënskynlik net op 'n bepaalde geloofsleer dui en die Fariseërs ook Israeliete gewerf het wat uit hul ballingskap teruggekeer het, was Fariseïsme nie die Israeliete se tradisionele geloofsleer nie. Terwyl Jesjuwa met die Fariseërs (Joh 8:13) gepraat het, erken hulle dat hulle:

> *"...nog nooit vir iemand slawediens verrig"* het nie. (Joh 8:33).

Ons lees dat beide die tien- en die twee-stammeryk in Egipte slawediens verrig het, so indien die Fariseërs dan self erken dat hulle as volk nog nooit slawediens verrig het nie, kon hulle eenvoudig nie Israeliete gewees het nie!

Nadat Juda van hul Babiloniese ballingskap vry geraak het en na hul grondgebied teruggekeer het, kry hulle vir die eerste keer met Fariseërs en sinagoges te doen wat in hul afwesigheid gevestig geraak het. Die sinagoges:

---

**[21]** Hier word die woord heidene (verkeerdelik) gebruik om na die tien stamme te verwys. In die ouer Aramese grondteks word die tien stamme deurgaans as "gentiles" (nie-Judeërs) beskryf, en heidene as "heathen". In die Griekse grondteks word groot verwarring gesaai deurdat die tien stamme <u>sowel</u> as heiden, as *eth'-nos* (G1484) geskryf word. Nou weet die deursnee Bybelleser nie of daar na die huis van Israel, of na heidene verwys word nie. Dit skep die indruk dat heidene bekeer moet word, maar Jesjuwa leer: *"<u>Moenie gaan</u> op pad na <u>die heidene</u> nie"* (Matt 10:5). Hierdie verwarring word dalk opsetlik gesaai sodat die verlore tien stamme nie hul Israel-verbintenis moet insien nie.

*"...most probably originated during the Babilonian Exile as an institution for public worship and instruction soon after the destruction of the Temple 586 B.C."* (*Encyclopaedia Britannica*, 1963, Vol 21, p. 704).

Toe Jesjuwa met die Fariseërs gepraat het, het Hy duidelik gesê dat hulle nié Israeliete is nie:

"*Maar julle glo nie, want* ***julle is nie van my skape nie*** *..."* (Joh 10:26).

Die Fariseërs, met Kájafas as hul hoëpriester (Hand 26:57), was Jesjuwa se teenstanders en uiteindelike moordenaars. Nêrens lees ons dat Jesjuwa die Fariseërs onderrig of genees het nie. Hy het hulle vermy, en soms moes Hy van hulle wegvlug (Joh 10:39-40; 11:53-54) omdat hulle van meet af vyandig gesind teenoor Hom was! Jesjuwa het ook van die Fariseërs gesê:

*"Hulle het My sonder oorsaak gehaat."* (Joh 15:25).

In die gelykenis van die landbouers wat die Huisheer (Vader) se Seun (Jesjuwa) doodgemaak het (Matt 21:33-45), identifiseer Jesjuwa <u>die owerpriesters en die Fariseërs as sy toekomstige moordenaars</u>:

*"En toe die owerpriesters en die Fariseërs sy gelykenisse hoor, het hulle begryp dat Hy van hulle spreek."* (Matt 21:45). **[22]**

Ons kan beslis Paulus se woord aanvaar dat hy 'n Fariseër was! Alhoewel die algemene siening bestaan dat diegene wat as Fariseërs en Sadduseërs bekend gestaan het slegs 'n bepaalde geloofsleer aandui, sê Jesjuwa dat hulle in werklikheid burgers van 'n bepaalde volk was:

*"[5]Daarop stel <u>die Fariseërs</u> en die skrifgeleerdes Hom die vraag... [6]En Hy antwoord en sê vir hulle: Tereg het Jesaja oor julle, geveinsdes, geprofeteer soos geskrywe is: <u>Hierdie volk</u> eer My met die lippe, maar hulle hart is ver van My af."* (Mark 7:5-6).

Verder verbind Jesjuwa diegene wat die leer van die Fariseërs volg, aan 'n bepaalde geslag of ras:

*"[27]Wee julle, skrifgeleerdes en <u>Fariseërs</u>, geveinsdes, want julle is soos gewitte grafte wat van buite wel fraai lyk, maar van binne vol doodsbene en allerhande onheil is. [31]Julle gee dus teen julself getuienis dat julle kinders is van dié wat die profete vermoor het. [32]Maak die maat van julle vaders dan vol! [33]<u>Slange</u>, <u>addergeslag</u>,* [Serpents! <u>Offspring</u> of vipers! *LITV*] **[23]** *hoe sal julle die oordeel van die hel ontvlug?"* (Matt 23:27, 31 - 33).

---

**[22]** Dit was dus <u>nie</u> Israeliete wat sy dood beplan het nie. Dat daar ook Israeliete was wat meegesleur was, is seker so, maar dit was Esau/Edom se geslag wat Jesjuwa vermoor het. Hierdie gebeurtenis móés plaasvind (as deel van Vader se Plan), maar hulle hét geweet wie Hy is, daarom is daar *"geen verskoning"* vir hulle nie (Joh 15:22).

Hier maak Jesjuwa die konneksie tussen die Fariseërs en die sataniese genelyn **[24]** waarvan ons in Gen 3:15 lees; waar Vader vyandskap ingestel het tussen twee van die saadlyne wat op die aarde voorkom. Nou kan mens verstaan waarom die Fariseërs Jesjuwa *"sonder oorsaak"* gehaat het!

■ Kyk wat sê Jesjuwa nóg van die Fariseërs:

- Jesjuwa verduidelik in Matt 13:15 waarom Hy soms in gelykenisse praat:

  *"...sodat hulle nie miskien met die oë sou sien en met die ore hoor en met die hart verstaan en hulle bekeer en Ek hulle genees nie."*

  Let asb. mooi op wat Jesjuwa hier sê; Hy wou **nié** gehad het dat die Fariseërs Hom moet verstaan en hulself dalk bekeer nie! Hy wou hulle selfs nie genees nie! Die Kerk se beleid dat alle rasse bekeer moet word, is in stryd met Jesjuwa se voorbeeld en ook met die Bybel se ware leringe.

---

**[23]** Die woord "addergeslag" is vanuit twee woorde in die Griekse grondteks vertaal. Die woord "adder", is die Griekse woord *gĕnnēma* (G1081), en beteken *offspring.* Die twee woorde wat na "addergeslag" vertaal word, kan dus eerder vertaal word met: *nageslag van adders*, of selfs; die *genetiese nageslag van adders*. In Opb 20:2 lees ons van *"...die ou slang wat die duiwel en die Satan is..."* Net soos in Joh 8:44, verwys Jesjuwa in werklikheid na die Fariseërs as die genetiese nageslag van die duiwel!

Die Kerk erken dat *"die vrou"* 'n saadlyn op aarde het, maar ontken dat die duiwel ook 'n saadlyn op aarde het, terwyl albei tog duidelik en gelyktydig genoem word: *"En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad."* (Gen 3:15).

Na die vloed het die bose weer hul saadlyn in Esau laat voortleef: *"Dit is dan die geskiedenis van Esau, die vader van die Edomiete, in die gebergte Seïr."* (Gen 36:9). Terwyl Rebekka haar tweeling verwag het, was die twee broers reeds vyandig teenoor mekaar deurdat hulle teen mekaar gestoot het. Rebekka het gegaan om Vader daaroor te raadpleeg, en Hy antwoord haar: *"Two nations are in thy womb, and two manner of people shall be separated from thy bowels..."* (Gen 25:23, *King James Version*).

Jakob en Esau was wel 'n tweeling, maar net soos in die geval van Kain en Abel, het hulle verskillende saadlyne of rasse verteenwoordig. Nadat Eva deur die gevalle engel Gadriël besoedel is (Henog 69(68):6(7)), maak ons genepoel dit blykbaar moontlik dat hierdie twee saadlyne uit dieselfde ouers gebore kan word. Die Kerk ontken dat die duiwel 'n saadlyn op aarde het (die duiwel begeer dat ons moet glo dat hy en sy saadlyn nié bestaan nie), maar Jesjuwa hét hulle geïdentifiseer deur aan die Fariseërs te sê: *"Julle het die duiwel as vader ..."* (Joh 8:44) en *"julle is* ***nie*** *van my skape nie..."* (Joh 10:26).

**[24]** *"I believe our Lord was identifying the Pharisees as an evolution entirely apart from the children of God, but one which through intermarrage had eventually embodied in any or all races, retaining the characteristics of the proud and lustfull, murderous and slanderous fallen angels from which they descended or whose souls they in fact were."* (Elizabeth Clare Prophet, *Forbidden Mysteries of Enoch*, p. 71). Die nageslag van die gevalle engele (een groep is uit die hemel gewerp en 200 *"wagters"* het self geval; Henog 12:4) noem Jesjuwa die (Gees-lose) *"addergeslag".* Lees Judas 1:14-**19.**

- *"[6]...Pas op en wees op julle hoede vir die suurdeeg van die Fariseërs en die Sadduseërs. [12]Toe het hulle begryp dat Hy nie gesê het dat hulle moes oppas vir die suurdeeg van die brood nie, maar vir die leer van die Fariseërs en Sadduseërs."* (Matt 16:6, 12).
- Wanneer Jesjuwa vir die Fariseërs vra hoe sal hulle *"die oordeel van die hel ontvlug?"* (Matt 23:33) impliseer Hy 'n ras wat nie bekeerbaar is nie.
- As iemand se geregtigheid nie meer as dié van die Fariseërs is nie, hulle *"...nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie."* (Matt 5:20). Dit sê dus dat die Fariseërs in die eerste plek nie in die koninkryk ingaan nie.
- *"Esau, dit is Edom."* (Gen 36:8 b) gaan as ras deur Vader vernietig word: *"Weens die geweld teen jou broer Jakob gepleeg, sal skande jou bedek, en jy sal uitgeroei word vir ewig."* (Obadja 1:10).

Jesjuwa beskryf die Fariseërs in Matt 15:13 as plante wat *"Vader nie geplant het nie"*—die *"addergeslag"* (Matt 23:33); dan is die geloofsleer van die Fariseërs en Sadduseërs vanselfsprekend die godsdienste van die Edomiete!

■ Nadat die Israeliete vir Paulus aangekla het, het hy voor die Fariseërs en Sadduseërs verskyn. Sy lewe was in die hande van sy *"broeders"* en hy roep toe in die Raad uit: *"Broeders, ek is 'n Fariseër, die seun van 'n Fariseër."* (Hand 23:6). **[25]** Ná Paulus se 'bekering' kon hy steeds niks anders wees as die nageslag van die duiwel soos wat Jesjuwa die Fariseërs in Matt 23:27; 31-33 beskryf het nie. Dit word nou glashelder dat Paulus in werklikheid 'n Edomiet was! **[26]** Dit verklaar ook waarom Jesjuwa nié vir Paulus as apostel opgelei het nie, ten spyte daarvan dat hulle terselfdertyd in Jerusalem was.

Paulus vertel ook vir ons van sy agtergrond voor sy 'bekering':

> *"Ek is 'n Jood, gebore in Tarsus in Cilícië, maar opgevoed in hierdie stad aan die voete van Gamáliël,* **[27]** *streng ooreenkomstig die voorvaderlike wet..."* **[28]** (Hand 22:3).

---

**[25]** Omdat dit sy vel kon red, lig hy die sluier oor wie hy wérklik is en skaar homself aan die kant van die Fariseërs; die *"addergeslag"* wat Jesjuwa en die apostels gehaat het! Hy wat voorgee dat hy Jesjuwa se leer verkondig, is by sy *"broeders"* weer 'n Fariseër.

**[26]** Dit verklaar waarom Paulus voor sy 'bekering' Jesjuwa só gehaat het dat hy sy volgelinge laat doodmaak het! (Hand 22:4-5). Diegene wat Hom *"sonder oorsaak"* gehaat het, het **hulself** as die Sataniese genelyn geïdentifiseer! Paulus het ook in al die sinagoges die *"heiliges"* gedwing om teen Vader te laster (Hand 26:11). Dit is 'n onbetwisbare bewys dat Paulus nie een van Jesjuwa se skape was nie, en ons lees in Henog 14:5 dat die addergeslag *" tot in alle ewigheid"* nie in die hemel kan ingaan nie! Daardie haat tussen die vrou se nageslag en die slang se nageslag is deur Vader self ingestel (Gen 3:15), en géén beking kan 'n Edomiet na 'n Israeliet laat verander nie! Paulus se 'bekering' soos dit in Handelinge beskryf word, is direk in stryd met Gen 3:15!

Terwyl Paulus sy lyf apostel gehou het, was hy volgens homself deurentyd ŉ Fariseër, die geloofsgroep wat Jesjuwa *"sonder rede"* gehaat het, Hom teengestaan en later vermoor het! Weens die Talmoed se lasterlike beskouing van Jesjuwa en sy volk, is dit tog ondenkbaar dat Paulus (ŉ **Fariseër** wat die **Talmoed** volg) terselfdertyd ook ŉ navolger van Jesjuwa kon wees!

■ In ŉ Apokriewe boek, die *Openbaring van Stéfanus,* sien ons dat Pilatus geweier het om vir Stéfanus te verhoor, en dat dit toe niemand anders as Saulus (Paulus) was wat op die regterstoel geklim het om Stéfanus te verhoor nie. Maar Stéfanus vra tydens sy betoog aan diegene wat hom verhoor:

> *"Watter een van die profete het julle vaders nie vervolg nie? Ja, hulle het dié gedood wat vooraf die koms verkondig het van die Regverdige, van wie julle nou verraaiers en moordenaars geword het."* (Hand 7:52).

Stéfanus vra hierdie vraag aan Paulus asof hy sonder twyfel wéét dat Paulus ŉ Edomiet is! Ons lees nie dat iemand dit betwis nie. In Matt 23:29-35 wys Jesjuwa diegene wat die profete gedood het, as Edomiete (addergeslag) uit.

Stéfanus was onder valse voorwendsels aangekla omdat hy *"vol van geloof en krag"* was, en *"groot wonders en tekens onder die volk gedoen"* het. (Hand 6:8-13). Paulus het Stéfanus sonder rede skuldig bevind en beslis dat hy buite die stad met klippe doodgegooi moet word. Met sy veragtelike optrede het Paulus sy haat ontbloot teen Israeliete wat met Vader se Gees vervul is!

---

**[27]** As Talmoediese leermeesters, vind ons Gamáliël 1 en Gamáliël 2 se name **in** die Talmoed! Rabbi Louis Finkelstein skryf in die voorwoord van sy boek; *The Pharisees*: *"Fariseïsme het Talmoedisme geword, Talmoedisme het Middeleeuse Rabbinisme geword, en Middeleeuse Rabbinisme het Moderne Rabbinisme geword. Maar dwarsdeur al hierdie naamsveranderinge ...oorleef die gees van die outydse Fariseërs onveranderd."* Uit hul eie geledere bevestig hulle dat die *"addergeslag"* die Talmoed geskep het.

*"Die Talmoed... toon in voetnotas en konteks aan waar daar van Hom* [Jesjuwa] *geskryf word. Saam met Titus en Bileam, word Hy as een van die grootste vyande van Judaïsme beskou. Hulle verkleineer sy persoon en skryf aan Hom buite-egtelike geboorte toe, towerkuns en ŉ skandelike dood. Die Talmoed beweer dat sy vader ŉ Romeinse soldaat by name Panthera was en noem Hom ŉ baster!"* (J. Malherbe, *Bestudeer die Feite en Begryp die Bybel*). Paulus is deur Gamáliël (óók ŉ Fariseër; Hand 5:34) in die Talmoed opgelei (dit word in Fil 3:5 bevestig), en is dus geleer dat Jesjuwa sy grootste vyand is!

**[28]** Die *"voorvaderlike wet"* of *"oorlewerings"* verwys na die Talmoediese wette, nie na die Tora (Moses se wette) nie! Jesjuwa antwoord die Fariseërs: *"...Waarom oortree julle die gebod van Elohim ter wille van julle oorlewering?"* (Matt 15:3). Jesjuwa **verwerp** die Talmoed waarvolgens Paulus roem hy *"streng ooreenkomstig"* opgelei is! In sommige vertalings is *"voorvaderlike wet"* (G3551) in Hand 22:3 met *"Tora"* vervang, om dit te verdoesel dat Paulus die Talmoed gevolg het. En die wet wat Paulus ná sy 'bekering' *"onberispelik"* (Fil 3:6) gevolg het, was volgens homself stééds die Talmoed!

Die moord op Stéfanus was ook deur Paulus bygewoon:

> *"...en die getuies het hulle klere neergelê by die voete van 'n jongman met die naam van Saulus."* (Hand 7:58).

Met sy ywerige vervolging en moorde op Jesjuwa se volgelinge, en sy valse skuldigbevinding en moord op Stéfanus, het Paulus sy haat teen die Almagtige en sy volk bevestig! Aan sy vrugte word 'n boom geken. Mens kan Paulus se veragtelike optrede slegs verstaan in die lig van Jesjuwa se verduideliking dat die Fariseërs (Joh 8:13) beslis nie uit ons Skepper kan wees nie:

> *"44 Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. 47 Die wat uit Elohim is, luister na die woorde van Elohim. Daarom luister julle nie, omdat julle nie uit Elohim is nie."* (Joh 8:44, 47).

Wat Jesjuwa gesê het was in Jerusalem bekend, maar Paulus kon nié na *"die woorde van Elohim"* luister nie. Inteendeel, hy het sy woorde só gehaat, dat hy diegene wat daarna luister gaan soek, en toestemming gegee het dat hulle omgebring word! (Hand 26:10). Paulus wys wie is sy vader, want soos sy vader was hy ook *"'n mensemoordenaar van die begin af."* Jesjuwa leer:

> *"Ek spreek van wat Ek by my Vader gesien het, en julle doen ook wat julle by jul vader gesien het."* (Joh 8:38).

Jesjuwa het dit vir ons duidelik gemaak dat die Fariseërs in werklikheid van die nageslag van die duiwel is. Ook uit Paulus se gedragspatroon is dit nou duidelik dat hy homself bloot as 'n Israeliet voorgedoen het! Ons gaan later sien dat nádat Paulus as valse apostel deur Openbaring ontbloot is, hy wéér diegene wat Jesjuwa se evangelie volg, laat doodmaak het! Hierdie *"addergeslag"* het hulself later versteek onder die sambreel-naam van 'Jode'. **[29]**

| |
|---|
| Dit is tog **ondenkbaar** dat Israel se profete of die apostels Fariseïsme en die Talmoed sou aanhang! Waarom glo ons dit wanneer dit by Paulus kom? |

Die Kerk se bloedige en veragtelike geskiedenis getuig baie duidelik dat dit die aard van Esau/Edom is om Vader se kinders te vervolg en dood te maak indien hulle nie daarvan wil afsien om die ware Skepper te aanbid nie.

---

**[29]** In sy boek, *Outline of History,* Skryf H.G. Wells: *"Die Idumeërs, almal nasate van Edom (Esau), het by 'n Suid-Russiese volk, nl. die Khazars, aangesluit, en so vorm die twee groepe saam die huidige Joodse nasie wat ons vandag ken. Hulle is min of meer, twee dele Khazars en een deel Edomiete."* Nie al die Jode is Edomiete nie, en daar is ook 'n geringe persentasie Judeërs onder hulle wat hulself verkeerdelik as Jode beskou. Net soos die ware Israeliete, besef meeste Jode nie meer wie hulle werklik is nie!

■ Die Kerk het blykbaar nagelaat om die geskiedkundige bronne te vernietig waaruit Paulus se geslagsregister opgestel kan word, want daarin sien ons dat sy grootoupa niemand anders as Herodus was nie! **[30]** Geen geskiedkundige sal dit kan betwis dat Herodus 'n Edomiet was nie! Paulus mag dus volgens Vader se opdrag in die eerste plek **nié** in die tempel gekom het nie:

> *"Geen baster mag in die vergadering van JHWH kom nie..."* (Deut 23:2). **[31]** Sien asb. ook Klaagl 1:10 en Ese 44:7-9.

Edomiete is ook plante ('n ras) wat Vader *"nie geplant het nie"* (Matt 15:13).

■ Indien ons kyk wie was Paulus se familie en vriende, lyk sake méér as net verdag! Geskiedkundiges beweer die volgende:

- *"Groet hulle wat van die huis van Aristobúlus is."* (Rom 16:10). Aristobúlus was die Seun van Herodus 3. Kyk vir wie stuur Paulus groete. **[32]**
- *"Groet Heródion, my stamgenoot."* (Rom 16:11). Heródion is die seun van *Aristobúlus* (vers 10) en hier noem Paulus 'n Edomiet; *"my stamgenoot."*
- *"[32]In Damaskus het die goewerneur van koning Arétas die stad van die Damaskéners laat bewaak om my te vang; [33]en ek is in 'n mandjie deur 'n venster in die muur neergelaat en het aan sy hande ontkom."* (2 Kor 11:32-33). Ook Hand 9:24-25.

  Koning Arétas wat Paulus wou vang en ombring, het in 35-36 nM Herodus Antipas se leër verslaan, omdat hy Johannes die doper onthoof het. Dit plaas Koning Arétas aan die kant van Johannes die doper en die twaalf apostels, en hier sien ons dat hy Paulus as die vyand beskou! **[33]**

---

**[30]** Herodus 'die grote' (Edomiet). Herodus se seun: Costobarus (Edomiet). Costobarus se seun: Antipater. Antipater se seuns: Costobarus, Saulus en Cypros. (Geslagregister van *The Herodians*, soos opgestel deur Prof. R. Eisenman, *James the Brother of Jesus,* p. 968-969). Paulus kon dus niks anders as 'n Edomiet gewees het nie! Met slégs hierdie data is die Paulus-vraagstuk alreeds uitgesorteer! Kan enige Paulus-aanhanger asb. nou aantoon dat Paulus 'n Israeliet was? Die Kerk sal dit beslis nie (kan) doen nie!

**[31]** Leringe wat die Kerk tevore verkondig het, word nou deur dieselfde Kerk as 'n sonde teen die mensdom beskou! Maar Vader se wil verander nie! Hierdie belangrike teks is egter vanaf die *1983 NV* vervals, waarskynlik as 'n noodsaaklike tussenstap om ons denkwyse vir die 1994 veelrassige verkiesing voor te berei. Dit lees nou: *"Niemand wat gebore is uit ontoelaatbare geslagsgemeenskap mag lid van die gemeente word nie..."*

**[32]** *"...if Paul is the Herodian we take him for, this latter figure would be none other than Aristobalus, King of Lesser Armenia, the son of Herod of Chalcis, whose wife Salome, according to Gospel presentation, danced at Herod's 'birthday party' for the head of John the Baptist."* (Prof. R. Eisenman, *James the Brother of Jesus,* p. 656).

**[33]** Paulus se vriend, Herodus Antipas, wou Jesjuwa *"...om die lewe bring"* (Luk 13:31). Aan jou vriende word jy geken, en hier sien ons Paulus se versteekte haat vir Jesjuwa!

- *“[21]The brothers who are with me send peace to you. [22]All the Set Apart believers send peace to you, especially those of Caesar’s house-hold. [23]The grace of our Master Y’shua the Mashiyach be with you all. Amen. End of letter to the Philippians which was written from Rome and sent by the hand of Epaphroditus.”* (Phi 4:21-23, *Aramaic English New Testament*). **[34]**

*“Epaphroditus”* (ook in Fil 2:25; 4:18) is toe niemand anders as Nero se persoonlike sekretaris nie! Hierdie aanduidende laaste sin is blatant uit die Bybel verwyder! Dit het vir sover ek kon vasstel laas in die *1587 Geneva Bible* en in die *1611 KJV* voorgekom. Dit is selfs uit die Griekse grondteks verwyder!

Mens kan ook sien waarom die Kerk poog om hierdie inligting te versteek, want dit ontbloot Paulus se intieme vriendskap met *“Caesar’s house-hold”*, die Romeinse heersers wat die Israeliete vanaf 66 nM uit Judea verdryf het met ’n verlies van 600 000 lewens, en in 70 nM Jerusalem binnegeval het en die tempel vernietig het, met ’n verdere verlies van 580 000 lewens! Die Edomitiese families wat die Israeliete onderdruk en laat vermoor het, was toe al die tyd Paulus (óók ’n Romein onthou) se stamgenote en vriende!

## 4 Op pad na Damaskus en daarna

■ Volgens die weergawe in Handelinge was Paulus op pad na Damaskus om nog Messiaanse volgelinge gevange te neem. Jesjuwa verskyn aan hom en hy bekeer. Die gebeure word beskryf, maar die ‘feite’ verskil van mekaar.

- *“En die manne wat saam met hom op pad was, het sprakeloos gestaan terwyl hulle wel die stem hoor, maar niemand sien nie.”* (Hand 9:7).
- *“En die wat saam met my was, het wel die lig gesien en bang geword, maar die stem van Hom wat met my gespreek het, nie gehoor nie.”* (Hand 22:9).
- *“En toe ons almal op die grond val, hoor ek ’n stem met my spreek en in die Hebreeuse taal sê: Saul, Saul, waarom vervolg jy My?”* (Hand 26:14).

Let asb. op dat die eerste twee teksverse presies die teenoorgestelde inligting gee! Die eerste teksvers sê ook dat hulle *“spraakeloos gestaan”* het, terwyl die derde teksvers sê dat hulle almal op die grond geval het! Verskil die inligting omdat daar slegs na ’n denkbeeldige gebeurtenis verwys word?

---

**[34]** *Aramaic English New Testament* (ISBN 978-1-934916-1, Netzari Press) is ’n Engelse vertaling van die volledige Aramese Nuwe Testament (Khabouris Kodeks) waaruit die Griekse teks later vertaal is. Hierdie ouer grondteks het weer opgeduik en was in April 1954 in die VSA bekend gestel en in die *Library of Congress* vertoon. En was die Kerk opgewonde? Nee, hierdie antieke dokument word deur vertalers en teoloë dood geswyg, en word ons steeds vertel dat die Nuwe Testament direk in Grieks geskryf is!

■ Waar Paulus was en wat hy gedoen het direk ná sy 'bekering', word in Handelinge asook in Paulus se brief aan die Galásiërs beskryf. In Handelinge lees ons dat Bárnabas:

- *"[27]...hom geneem en na die apostels gebring"* het, [28] *"en hy het saam met hulle in- en uitgegaan in Jerusalem [29]en vrymoedig gespreek in die Naam van Jesjuwa ..."* (Hand 9:27-29).

- Tydens Paulus se eerste verhoor vertel hy in die eerste persoon wat met hom gebeur het direk na sy 'bekering':

  *"[17]En toe ek in Jerusalem teruggekom het en besig was om in die tempel te bid, het ek in 'n verrukking van sinne gekom [18]en Hom gesien, en Hy het vir my gesê: Maak gou en gaan haastig uit Jerusalem uit, want hulle sal jou getuienis aangaande My nie aanneem nie."* (Hand 22:17-18).

  Hiervolgens het Paulus direk na sy 'bekering' na Jerusalem teruggekeer maar hy het nie gepredik nie en was ook nie in kontak met die apostels nie; hy is haastig weggestuur. Maar in Hand 9:26-29 staan hy het saam met die apostels in Jerusalem *"in- en uitgegaan"* en *"vrymoedig gepreek".*

- Tydens Paulus se verhoor voor koning Aggripa, vertel hy (weereens in die eerste persoon) dat hy wél in Jerusalem sy evangelie verkondig het:

  *"maar ek het eers aan die mense in Damaskus en in Jerusalem en in die hele land van Judéa en aan die heidene verkondig ..."* (Hand 26:20).

- In Paulus se brief aan die Galásiërs (Gal 1:17-19), vind ons nou weer 'n totaal verskillende weergawe van die gebeure in presies dieselfde tydvak:

  *"[17]...en ook **nie** na Jerusalem opgegaan na die wat voor my apostels was nie, maar na Arabië vertrek en weer teruggegaan na Damaskus. [18]Vervolgens, drie jaar daarna, het ek na Jerusalem opgegaan om met Petrus kennis te maak en vyftien dae by hom gebly; [19]en ek het niemand anders van die apostels gesien nie, behalwe Jakobus die broer van Jesjuwa."*

Volgens Paulus is hierdie gebeurtenisse soos ons dit in Handelinge aantref 'n spul leuens wat nooit plaasgevind het nie, want volgens hom **was hy nie eens in daardie tydperk in Jerusalem nie!** In Galásiërs sê Paulus dat hy eers drie jaar ná sy 'bekering' vir die eerste keer na Jerusalem gegaan het, waar hy slégs met Petrus kennis gemaak het en het hy geeneen van die apostels behalwe Jakobus *"gesien"* nie. 'n Paar verse verder (Gal 2:1) vertel hy dat hy eers ná veertien jaar weer sy gesig in Jerusalem gewys het, maar in Hand 9:27-29 lees ons dat Barnabas hom direk ná sy 'bekering' geneem het en *"na die apostels gebring"* het, en *"hy het saam met hulle in-en-uitgegaan in Jerusalem en vrymoedig gespreek in die Naam van Jesjuwa ..."*

**Wat 'n veragtelike klomp leuens en bedrog het die vervalsers net nie by Lukas se skrywe gevoeg nie!** Nou stem die 'feite' in die Bybel natuurlik **géénsins** ooreen nie, en moet die geloofwaardigheid van groot gedeeltes van Handelinge, asook Paulus se briewe, **[35]** noodwendig ernstig onder verdenking staan! Handelinge se beskrywing dat die apostels vir Paulus as medewerker aanvaar het is vals, want Paulus skryf dit het nooit gebeur nie!

■ Een van die verdoemendste getuienisse teen Paulus is dat hy, ten spyte van die herhaaldelike beskuldigings van sy tydgenote dat hy 'n valse apostel is, nooit gepoog het om die getuies te roep om sy 'bekering' te bevestig nie. Die feit dat Paulus die enigste getuie van sy 'bekering' is, is totaal onbybels:

> *"...op die verklaring van twee getuies of op die verklaring van drie getuies sal 'n saak van krag wees."* (Deut 19:15).

Maar Paulus het **géén** getuienisse t.o.v. sy bekering nie! Volgens Handelinge was daar *"metgeselle"* saam met hom op pad na Damaskus (Hand 22:11), en Ananías het hom kwansuis genees van sy tydelike blindheid (Hand 9:10-19). Paulus sou beslis hierdie getuies geroep het as hy maar net kon, maar hy het dit nie gedoen nie. **Hy kon hulle nie roep nie, want daardie mense het waarskynlik nooit bestaan nie!** Vir enige denkende mens behoort dit duidelik te wees dat sy Damaskus-pad-verdigsels ook deel is van sy baie leuens en misleiding! Indien Jesjuwa wérklik vir Paulus aangestel het, beteken dit Hy het 'n fout gemaak met die kies van die twaalf.

## 5 Het die apostels se volgelinge vir Paulus aanvaar?

Hét Paulus se tydgenote (die Israeliete **[36]** ) hom ooit as apostel aanvaar?

■ Die inligting in Handelinge is dikwels teenstrydig, en strook ook nie altyd met Paulus se briewe nie, maar die aanduidings is dat hy **nié** algemeen aanvaar was nie, en dat die Israeliete in Jerusalem (wat deeglik bekend was met die ware apostels se leringe), in werklikheid heftig teen hom gekant was!

---

**[35]** Strydig met Gal 1:17-19, sê Paulus in Rom 15:19 hy hét in Jerusalem getuig. Prof. Eisenman skryf: *"The reader can take it as a rule of thumb that where there is conflict between Galatians, or any other of Paul's letters for that matter, and Acts, these letters* [Galatians] *are to be preferred."* (*James the Brother of Jesus,* p. 127). Dat bedrieglike gedeeltes in die Bybel beland het, is nie nuut nie: *"Waarlik, kyk, bedrieglik werk die leuenpen van die skrywers."* (Jer 8:8). Nie alleen moet ons Vader se opdrag uitvoer om uit die Kerk te gaan (Opb 18:4) en terugkeer na die Bybel nie, maar ons moet ook nog die leuens en bedrog uitsif wat 'die Kerk' self in ons Bybel laat inskryf het!

**[36]** Na die verskeie wegvoerings van die noordelike tien-stammeryk na Assirië, (hoofsaaklik in 721 vM), verwys die woord "Israel" in die Bybel, gewoonlik nét na Judeërs. Maar omdat die Judeërs deel is van Israel, verwys ek meestal na hulle ook as Israeliete.

Kom ons kyk net weer na die gebeure toe die Israeliete vir Paulus uit die tempel gesleep het. Weens dít wat hy oral aan almal leer:

> *"[27]... het die Judeërs van Asië hom* [Paulus] *in die tempel* [in Jerusalem] *gesien en die hele skare oproerig gemaak en die hande aan hom geslaan [28]en geskreeu: Israeliete, help! Dit is die man wat oral aan almal dinge leer teen die volk en die wet en hierdie plek. Hy het ook nog Grieke in die tempel gebring en hierdie heilige plek ontheilig."* (Hand 21:27-28).

Daar was vervolgens aanklagtes teen hom gemaak, maar let net op hoe vindingryk gebruik Paulus 'n leuen in sy poging om daarvan los te kom. Volgens Hand 21:28 was die aanklagte teen hom weens sy leringe teen die volk, die wet en tempel, en dat hy die tempel ontheilig het, maar Paulus sê:

> *"Oor die hoop en die opstanding van die dode staan ek voor die gereg."* (Hand 23:6).

Dit was bekend dat die Sadduseërs en Fariseërs op hierdie punt heftig van mekaar verskil het, en omdat Paulus (self 'n Fariseër) hul reaksie kon voorsien, twis hierdie twee groepe toe teen mekaar, in stede om hóm te verhoor! Paulus het geweet *"...dat die een deel uit Sadduseërs en die ander deel uit Fariseërs bestaan..."* en daar het *"...'n groot twis ontstaan..."* (Hand 23:6-7).

Paulus was deur sy geesgenote vrygespreek: *"Ons vind geen kwaad in hierdie man nie."* Die Israeliete was nie met die uitspraak tevrede nie, en omdat die Romeinse *"...owerste oor duisend gevrees het dat Paulus deur hulle verskeur sou word, het hy die soldate bevel gegee om te gaan en hom met geweld weg te neem onder hulle uit en in die kamp te bring."* (Hand 23:9-10).

In werklikheid hoef ons geen ander bronne te raadpleeg as die Bybel self nie—die (waarskynlik) oorspronklike gedeeltes van Handelinge, om af te lei:

- Dat Paulus ná sy 'bekering' steeds 'n velle vyandigheid teenoor die Israeliete gehad het: *"oral aan almal dinge leer teen die volk..."* (Hand 21:28).
- Dat sy leringe teenstrydig was met Jesjuwa se evangelie wat die apostels in die tempel verkondig het, en **dat die tempel nié sy plek van aanbidding was nie:** *"...teen die wet en hierdie plek"*– die tempel (Hand 21:28).
- Dat Paulus nie eens in die tempel welkom was nie: *"...hulle het Paulus gegryp en hom buitekant die tempel gesleep..."* (Hand 21:30).
- Dat die Israeliete nie Paulus se apostelskap erken het nie: *"Weg van die aarde met so 'n mens, want hy behoort nie te lewe nie!"* (Hand 22:22).
- Dat die Israeliete van Asië wat in die tempel was, Paulus as *"slegte"* mens en leuenaar uitgeken het (Opb 1:11, 2:2), en saam met die Israeliete van Jerusalem het hulle, *"...probeer om hom dood te maak..."* (Hand 21:31).

Paulus het homself aan die kant van die Fariseërs en Sadduseërs geskaar (Hand 23:6), en hulle kon *"geen kwaad"* in hom vind nie (Hand 23:9). Dit was nié die Fariseërs en Sadduseërs wat Paulus vervolg het nie, maar Israeliete.

Die Fariseërs en Sadduseërs hét Jesjuwa doodmaak, en die apostels se volgelinge wou Paulus doodmaak. Hoe op aarde kon Paulus 'n volgeling van Jesjuwa wees terwyl die Israeliete, Jesjuwa se volgelinge, hom wou doodmaak? Terwyl Paulus voorgee dat hy Jesjuwa volg, toon die groepe waaraan Jesjuwa en Paulus verbind word, dat hulle vyande van mekaar is!

Volgens Handelinge was Paulus vir sy veiligheid deur die Romeinse soldate begelei na hul kamp toe. Dit gee 'n aanduiding tot watter mate die apostels se volgelinge hom gehaat het! In hierdie gedeelte van Handelinge is Paulus die apostels se aartsvyand! (Dit is deur die Esseners en Josephus bevestig).

Die Israeliete wou Paulus in die eerste plek doodmaak weens sy leringe teen die volk, teen die wet, **[37]** en teen die tempel. (Hand 21:28). Paulus was in sy tyd die erkende **vyand** van Vader en sy volk, maar daar is sedertdien vir hom die beeld geskep van 'die heilige apostel Paulus.' Al die teenstrydige inligting in Handelinge dui op latere (valse) byskrywing om Paulus se beeld te poets, om sodoende 'n 'waardige' alternatief vir Jesjuwa te skep!

■ *"[2]As ek vir ander geen apostel is nie, is ek tog seker vir julle, want julle is die seël op my apostelskap in JHWH. [3]My verantwoording aan die wat my beskuldig, is dit..."* (1 Kor 9:2-3).

Hieruit kan ons duidelik aflei dat Paulus se ander gemeentes hom *"beskuldig"* het dat hy *"geen apostel is nie"*. Met sy: *"is ek tog seker vir julle"*, klink dit asof hy ook nog homself moes opdring om tog maar bietjie aanvaar te word.

Die gesaghebbende Skrifnavorser, Prof. R. Eisenman, skryf: *"In the Pseudoclementines it becomes very clear that proper Apostles had to carry appointment letters of some kind from the 'Bishop of Bishops' James. At one point, this is expressed in words attributed to Peter (instructing Clement) as follows:*

> *'Observe the greatest caution, that you believe no teacher unless he brings the testimonial of James the Lord's brother from Jerusalem, or whoever comes after him. Under no circumstances, receive anyone or consider him a worthy and faithful teacher for preaching the word of Christ, unless he has gone up there, been approved, and, as I say, brings a testimonial from there.'"* (*James the Brother of Jesus*, p. 647/8).

**[37]** Hierdie insident het plaasgevind lank ná die opvaring, en hier sien ons dat die Israeliete **stééds die wet onderhou!** Die Kerk se lering dat die hele wet vervul is deur Jesjuwa se bloed is bepaald foutief, en het (weens Paulus) ontstaan ná die apostel era.

Was Paulus beskuldig dat hy nie 'n apostel was nie weens sy teenstrydige leringe, en/of omdat hy nie 'n aanstellingsbrief as apostel van Jakobus kon verkry nie? Jakobus sou natuurlik géén probleem daarmee gehad het om hom sy aanstellingsbrief te gee indien hy Paulus sou glo dat Jesjuwa 'n dertiende apostel aangestel het nie. Ons kan ook met groot sekerheid aanneem dat Paulus dit baie duidelik in sy briewe sou verkondig indien hy oor 'n aanstellingsbrief sou beskik, want hy hét gepoog om sy aanstelling te bevestig:

> *"Paulus, 'n dienskneg van Jesjuwa die Messias, 'n geroepe apostel, afgesonder tot die evangelie van Elohim."* (Rom 1:1).

Paulus erken egter die bestaan van die aanstellingsbrief, maar erken ook uitdruklik dat hy **nié** daaroor beskik het nie:

> *"Begin ons weer onsself aan te beveel?* [daar wás dus tevore sulke beskuldigings] *Of het ons miskien, soos sommige, aanbevelingsbriewe nodig aan julle of van julle?"* (2 Kor 3:1).

**Paulus kon dus nie 'n aanstellingsbrief bekom nie!** Dit beteken die Kerk se leringe en dogma is gegrond op die evangelie van 'n persoon wat nie deur Jesjuwa se ware apostels in Jerusalem erken of ondersteun is nie!

■ Handelinge is soms in stryd met Paulus se briewe, want in teenstelling met Handelinge, sê Paulus dat hy **nié** deel van die twaalf apostels was nie:

> *"But from those recognized as important (what they really were makes no difference to me; Elohim does not show favoritism) ...those recognized as important added nothing to me."* (Gal 2:6, *Holman Christian Standard Bible*)

- Hier erken Paulus dat die ware apostels; *"those recognized as important",* hom nié erken of ondersteun het nie.
- Sy agtelose, byna snedige opmerking, *"what they really were makes no difference to me"*, dui daarop dat Paulus deur die apostels uitgesluit was.

■ Uit die werke van geskiedskrywers kom veral drie aspekte na vore, nl.:

- dat Paulus se leringe nie geredelik aanvaar is nie,
- dat hy nie as persoon gewild was by die apostels se volgelinge nie, en
- dat sy leringe verskil het van die twaalf apostels in Jerusalem:

> *"His attitude offended also the Christian community that he found in Rome. These converts, chiefly Jews* [Judeans]*, preferred the Christianity that had been brought to them from Jerusalem; they practiced circumcision, and were hardly distinguished by Rome from the orthodox Jews. They welcomed Peter, but were cold to Paul. He made some*

> *converts among the gentiles, even in high place..."* (Durand, *Caesar and Christ: A History of Roman Civilization and of Christianity from their beginnings to A.D. 325*, p. 587).

In 'n voetnota deur Whiston, die vertaler van die werke van die geskiedskrywer, Josephus, beskryf hy Josephus as:

> *"...an Ebionite Christian, who, above all apostles, rejected and despised St. Paul, – it would be no great wonder if he did not now follow his interpretation."* (W. Whiston, *Complete Works of Josephus*, p. 37).

Hieruit is dit baie duidelik watter absolute veragting Paulus se tydgenote, in hierdie geval Josephus, asook die twaalf apostels, vir Paulus gehad het!

## 6 Paulus se opleiding en missie

Jesjuwa se genesings, Lasarus se opwekking uit die dood asook sy ander wonderwerke, het groeiende skares tot gevolg gehad. Maar vir die Edomitiese priesters was dit 'n groot bedreiging (Joh 12:9-11), want die valsheid van hul godsdiens is ook ontbloot, en die Israeliete wat deur hulle gewerf is (bv. Nikodémus), sou na hul eie godsdiens terugkeer. **[38]** Hierdie redes, asook die haat wat die Fariseërs vir Jesjuwa gehad het, was sekerlik die motivering waarom Paulus Jesjuwa se volgelinge met ywer begin vervolg het.

■ Dat die Damaskuspad-gebeure nooit plaasgevind het nie en Paulus ook nooit bekeer het nie, word uitgewys deurdat hy nie berouvol opgetree het ná sy 'bekering' nie! Ons lees nêrens dat hy gepoog het om Jesjuwa se volgelinge in die gevangenes vry te laat, of om verskoning gevra het vir die families wat oorgebly het, nadat hy hulle gesinslede laat vermoor het nie! (Hand 26:10). Ons lees ook nie dat sy gewete hom gepla het nadat hy vir Stéfanus valslik skuldig bevind het en hom met klippe laat doodgooi het nie! **[39]**

Ons sien ook nêrens dat Paulus ná sy 'bekering' bande gesny het met die Sanhedrin by wie hy toestemming gaan vra het om Jesjuwa se volgelinge te vervolg nie. Hy het nie soos Jesjuwa die Fariseërs se geloofsleer (Matt 15:3; 16:12) en Talmoed (Matt 15:3, 6) as ongewens uitgewys nie, en nog minder het hy die Fariseërs as die nageslag van die duiwel geïdentifiseer (Joh 8:38, 41, 44). Dit kon Paulus nié doen nie, want dan sou hy ook homself impliseer.

---

**[38]** Kyk die verskil tussen Jakob/Israel en Esau/Edom: Terwyl Esau se geslag Jesjuwa *"sonder oorsaak gehaat"* het, het Nikodémus in die nag na Hom gekom vir onderrig (Joh 3:1-2); vir Hom opgekom (Joh 7:50-51); en ook sy liggaam versorg (Joh 19:39-40).

**[39]** In die *Ferrar Fenton* vertaling (gebruik ouer grondtekste) erken Paulus dat hy Stéfanus se bloed gestort het: "*Ja, en toe die bloed van U martelaar, Stéfanus uitgestort was, was ek self die hoofregter, en het die beslissing gegee, en die klere van sy moordenaars opgepas."* (Hand 22:20). Paulus se erkenning is uit die grondtekste verwyder!

■ Paulus was ŉ opgeleide Fariseër (Hand 22:3), maar dan verneem ons ook:

- *"By claiming conversion, Paul received initiation into the Essene mystery school (he entered their three year ministerial training program in Damascus)* **[40]** *and learnt the various secrets of the group, including their hidden camps and underground church locations. At first, the brethren considered his conversion to be authentic, later they realized it was no real conversion:* ***it was an infiltration!"*** (Dr. Nazariah, *Yahshua or Paul*).

Paulus (in Gal 1:17-18) én die *Dooie See Rolle* sê hy wás 3 jaar in Damaskus:

- *"Paul, an outsider who, having first persecuted the community, then converts and is admitted into it, only to turn renegade, prevaricate and quarrel with his superiors, hijack the image of Jesus and begin preaching his own doctrine – a doctrine which draws on that of the community, but distorts it.* (Baigent and Leigh, *The Dead Sea Scrolls Deception*).

Die apostels skryf ook van *"die wat julle mislei" wat by hulle "ingesluip"* het:

- *"[19]Hulle het van ons uitgegaan, maar hulle was nie van ons nie; want as hulle van ons was, sou hulle by ons gebly het; maar dit moes aan die lig kom dat hulle nie van ons is nie. [26]Dit het ek aan julle geskrywe met betrekking tot die wat julle mislei."* (1 Joh 2:19, 26).
- *"Want sekere mense het ingesluip wat lank tevore al opgeskryf is vir hierdie oordeel, goddelose mense wat die genade van onse Elohim verander het in ongebondenheid, en die enigste Heerser, Elohim, en onse Jesjuwa die Messias verloën het."* (Judas 1:4).

Slégs Paulus het afvallige en ongebonde (wettelose) leringe verkondig. **[41]**

---

**[40]** Paulus was dus in twee teenstrydige godsdienste opgelei, en dit verklaar óók waarom teenstrydighede in sy briewe voorkom. Sy sinvolle leringe is nie ŉ bewys van sy apostelskap nie, maar weerspieël gedeeltelik-korrek die Esseners se leringe! Dit het nou aan die lig gekom dat die pragtige gedeelte in 1 Kor 13:1-13 wat handel oor die liefde, woordeliks by die Esseners afgeskryf is! *"Perhaps even more important is the fact that (...the Essene Gospel of Peace) was found hidden away in the Vatican Library and removed by a priest because he believed the world should know the truth."* (http://www.truthseekers.co.za). Die *Essene Gospel of Peace* was in die Vatikaan weggesteek om Paulus se skandelike plagiaat te versteek! Hy het die Esseners gehaáát, maar hy gebruik hul materiaal (soos aas aan ŉ hoek) om ons met sy misleiding te vang!

**[41]** *"[3]Want wat maak dit as sommige ontrou geword het? Sal hulle ontrou miskien die getrouheid van Elohim vernietig? [4]Nee, stellig nie! Maar Elohim moet waaragtig wees en elke mens leuenagtig, soos geskrywe is: Sodat U geregverdig kan word in u woorde en oorwin as U gerig hou."* (Rom. 3:3-4). Paulus leer elke mens **moet** *"leuenagtig"* wees sodat ŉ (vyandige) god kan *"oorwin"* wanneer hy gerig hou! Hierdie is ŉ sataniese lering vanuit die son-godsdienste wat via Paulus se briewe in ons Bybel beland het! Die Talmoed leer dit is nié ŉ sonde om leuens te vertel nie, daarom doen en leer Paulus dit.

> *"Paul was seen as the demon-driven enemy of the Messiah... For the legitimate Church, Paul was dangerous and disruptive, bent on enlisting a large following among the Gentiles in order to provide himself with a numerical superiority with the support of which he could set at defiance the Elders at Jerusalem. Paul had been the enemy from the beginning, and because he failed in his former open hostility he had craftily insinuated himself into the fold to destroy it from within."* (Dr. Schonfield, *Those Incredible Christians*).

Indien hierdie inligting korrek is, het Paulus nie sy sendingreise onderneem en sy briewe geskryf om Jesjuwa se Evangelie uit te dra nie, maar hy het homself as apostel voorgedoen, bloot om getalle te werf sodat hy Jesjuwa se apostels omver kon werp. Dit mag vergesog klink, maar ons gaan later sien dat Paulus wél 'n verskuilde agenda gehad het. Paulus het tog ook self erken:

> *"[20]Vir die Judeërs het ek soos 'n Judeër geword om die Judeërs te win; vir die wat onder die wet is, soos een wat onder die wet is, om die wat onder die wet is, te win. [21]Vir die wat sonder die wet is, soos een sonder wet – al is ek nie sonder die wet van Elohim nie, maar onder die wet van Messias – om die wat sonder die wet is, te win; [22]vir die swakkes het ek soos 'n swakke geword om die swakkes te win; vir almal het ek alles geword..."* (1 Kor 9:20-22).

Wat Paulus hier van sy werkwyse vertel, is natuurlik uiters oneerlik! Wanneer hy by mense is wat nie die wet toepas nie, verkondig hy dit is reg; en wanneer hy by mense is wat wél die wet toepas, verkondig hy óók dit is reg! Dit is natuurlik 'n bydraende faktor waarom sy leringe so teenstrydig met mekaar, en ook met die res van die Bybel is. Lees asb. Rom 14:6. Daarvolgens leer Paulus dat elkeen maar kan glo en doen volgens hul eie goeddunke! Weens sy desperate poging om as apostel aanvaar te word, het hy sy mantel gedraai volgens die wind, en aan almal vertel wat húlle graag wou hoor!

Weens Paulus het 'n godsdiens ontstaan sonder die Bybel se belangrikste lering—die wet, en word Christene geleer dat die wet net vir Jode bedoel is!

■ Daar was sekere vereistes gestel vir die apostel wat in die plek van Judas Iskáriot gekies moes word, maar Paulus het géénsins daaraan voldoen nie:

> *"[21]Van die manne dan wat saam met ons rondgegaan het al die tyd waarin Jesjuwa by ons in- en uitgegaan het, [22]van die doop van Johannes af tot op die dag dat Hy van ons opgeneem is - van hulle moet daar een saam met ons getuie word van sy opstanding."* (Hand 1:21-22).

Paulus het nie saam met Jesjuwa en sy dissipels rondgegaan nie (hy het hulle gehaat), en is nooit ten volle aan Jesjuwa se onderwysing blootgestel nie.

## 7 Teenstrydige en verwarrende leringe

Paulus skryf:

- Vurig téén die besnedenes: *"Kyk, ek, Paulus sê vir julle dat as julle jul laat besny, Messias vir julle tot geen nut sal wees nie."* (Gal 5:2). **[42]**
- Maar ook ten gunste van die besnedenes: *"[1]Of wat is die nut van die besnydenis? [2]Groot in alle opsigte..."* (Rom 3:1-2).
- Die besnydenis is niks, net die gebooie is belangrik: *"Die besnydenis is niks en die onbesnedenheid is niks, maar die onderhouding van die gebooie van Elohim."* (1 Kor 7:19).
- Maar die gebooie is tot niet gemaak: *"deurdat Hy in die vlees die vyandskap tot niet gemaak het, naamlik die wet van die gebooie wat in insettinge bestaan..."* (Efé 2:15).

Nou is ons terug waar ons was, want met hierdie vier uitsprake het Paulus elkeen van sy leringe weerspreek!

■ Kom ons kyk na nog weersprekings:

- Ons word nie gered deur ons werke (ons dade) nie: *"[8]Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is 'n gawe van Elohim; [9]nie uit die werke nie..."* (Efé 2:8-9).

  Ons word gered deur ons werke: *"[5]...in die dag van die toorn en die openbaring van die regverdige oordeel van Elohim [6]wat elkeen sal vergeld na sy werke."* (Rom 2:5-6).

- Teen die wet: *"ons weet dat die mens nie geregverdig word uit die werke van die wet nie, maar alleen deur die geloof in Jesus Christus"* (Gal 2:16).

  Maar ook ten gunste van die wet: *"Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof? Nee, stellig nie! Inteendeel, ons bevestig die wet."* (Rom 3:31).

- Weer teen die wet: *"Maar nou is ons ontslae van die wet waardeur ons gebonde was, aangesien ons dit afgesterf het, sodat ons dien in die nuwigheid van die Gees en nie in die oudheid van die letter nie."* (Rom 7:6).

  Ten gunste van die wet: *"omdat nie die hoorders van die wet by Elohim regverdig is nie, maar die daders van die wet geregverdig sal word."* (Rom 2:13).

---

**[42]** Hier draai Paulus weer sy mantel volgens die wind, want volgens Hand 16:3 het hy vir Timótheüs *"geneem en besny"*. Indien sy lering in Gal 5:2 korrek sou wees, het hy dus met opset toegesien dat die Messias vir Timótheüs *"...tot geen nut sal wees nie."*

- Israel is nie die uitverkorenes nie: *"Wat Israel soek, dit het hy nie verkry nie; maar die uitverkorenes het dit verkry..."* (Rom 11:7).

  Israel ís die uitverkorenes: *"the people of Isra'el! They were made God's children…"* (Rom 9:4, *The Complete Jewish Bible*).

- Paulus jaag volmaaktheid na: *"Nie dat ek dit al verkry het of al volmaak is nie, maar ek jaag daarna..."* (Fil 3:12).

  Maar drie verse verder is Paulus volmaak: *"Laat ons almal dan wat volmaak is, so gesind wees..."* (Fil 3:15). Wat 'n kragtige evangelie! Hy het binne minute volmaak geword!

- *"[11]...daar is niemand wat Elohim soek nie. [12]Hulle het almal afgewyk, saam het hulle ontaard. Daar is niemand wat goed doen nie, daar is selfs nie een nie."* (Rom 3:11-12). Maar dan weer:

  *"...die geroepe heiliges, saam met almal wat die Naam van onse Jesjuwa Messias in elke plek aanroep..."* (1 Kor 1:2).

Behalwe dat Paulus se leringe meestal in konflik is met Jesjuwa se leringe, weerspreek sy leringe ook mekaar! **Jy kan enigiets glo, Paulus sal jou ondersteun!** Dit was nie Paulus se doel om Jesjuwa se onveranderlike evangelie (Matt 25:35) uit te dra nie, nee, soos hy self skryf: *"vir almal het ek alles geword."* Paulus het met sy eie evangelie bloot gewildheid nagejaag.

Hiervan sê Jakobus:

- *"Wie dan 'n vriend van die wêreld wil wees, word 'n vyand van Elohim."* (Jak 4:4). Maar ook hiérmee stem Paulus heelhartig saam:

  *"Soek ek dan nou die guns van mense, of van Elohim? Of probeer ek om mense te behaag? As ek nog mense behaag, dan sou ek nie 'n dienskneg van Messias wees nie. "* (Gal 1:10). Maar dan weer:

  *" [32]Give no offense to Jews or Greeks or to the Church of Elohim, [33]just as I try to please everyone in everything I do..."* (1 Kor 10:32-33, *Eng St Ver*).

Volgens sy eie kriterium in Gal 1:10 verklaar Paulus homself dus onbevoeg om 'n dienskneg van die Messias te wees!

- Kyk net van wanneer af dien Paulus al vir Elohim: *"Ek dank Elohim, wat ek van my voorouers af in 'n rein gewete dien..."* (2 Tim 1:3).
- Paulus skryf hoe ons te werk moet gaan: *"Maar as iemand onkundig is, laat hom onkundig bly."* (1 Kor 14:38).
- Hier is Paulus se gebede: *"Broeders, ek bid julle, word soos ek, want ek is ook soos julle."* (Gal 4:12).

Mens kan vir groot vermaak hierdie lys baie langer maak, maar die skrikwekkende realiteit is dat die skrywer van hierdie **sinnelose snert**, se leringe steeds in die Kerk aanvaar word as die Woord van die Almagtige!

- Mense wat sê dat Paulus ten gunste van die onderhouding van die wet is, is reg, want hy sê soms so.
  Mense wat sê dat Paulus **nié** ten gunste van die onderhouding van die wet is nie, is reg, want hy sê soms so.
- Mense wat sê dat Paulus ten gunste van die besnydenis is, is reg, want hy sê soms so.
  Mense wat sê dat Paulus **nié** ten gunste van die besnydenis is nie, is reg, want hy sê soms so.

En so het Paulus 'n teenstelling vir elkeen van sy leringe. Aan die einde is ons weer terug waar ons was, want dan is alles wat hy gesê het, weer gekanselleer. Mens kan hom nooit vaspen vir waarvoor hy nou éintlik staan nie, want hy verkondig op elke lering ook die teendeel. Hierdie is waarskynlik een van die redes waarom hy vir so 'n lang tyd kon wegkom met sy valse en sinlose leringe. Indien iemand bv. sou sê; *maar hy verontagsaam dan die wet,* kan nog iemand sy weersprekende tekste aanhaal om aan te toon dat hy wél die wet onderhou. Elkeen kan sy eie sienswyse uit Paulus se briewe regverdig en dan vas glo dit is wat 'die Bybel' hulle leer. Om ook die teenoorgestelde lering te gee om almal *"te win"*, is tog sy erkende werkwyse in 1 Kor 9:20-22.

Met die noukeurige uitkies van tekste is dit bepaald moontlik om te 'bewys' dat Paulus eintlik ons Messias is, en dat hierdie studie oor Paulus pure onsin is! Dit is tyd dat ons wakker skrik en besef dat Paulus se briewe 'n bespotting maak van die Almagtige en sy Woord! Ons laat dit toe én om mislei te word!

## 8 Is die hele Bybel onder Goddelike inspirasie geskryf?

Skrifnavorsers verduidelik dat daar tydperke was toe daar aan Bybelboeke bygeskryf is, terwyl hulle nie noodwendig die bestaande gedeeltes verwyder het nie. Dit verduidelik die talle teenstrydighede. Paulus word bv. weens sy valse leringe deur die apostels se volgelinge uit die tempel gesleep (waarskynlik deel van die oorspronklike dokument), maar nou staan daar ook dat Jesjuwa vir Paulus as 'n *"uitverkore werktuig"* verkies het (Hand 9:15). Die Kerk volg nie die Bybel nie, maar verander die Bybel volgens húl behoeftes:

> *"Die feit is dat die Kerk verskeie eeue lank bestaan het voordat die Bybel aan die wêreld gegee is.* ***Die Kerk het die Bybel gemaak, die Bybel het nie die Kerk gemaak nie."*** (Martin Scott, *Things Catholics are asked about*).

■ In die Nuwe Testament is daar talle onversoenbare verskille:

- *"En hy* [Judas] *het die silwerstukke in die tempel neergegooi en weggeloop en homself gaan ophang."* (Matt 27:5). Maar Handelinge 1:18 lees:

  *"Hy het dan 'n stuk grond gekoop met die loon van ongeregtigheid en het vooroor geval en oopgebars, en al sy ingewande het uitgestort..."* Hierdie twee tekste kan nie albei reg wees nie, want in albei gevalle is hy dood!

- Die verhaal van die owerspelige vrou (Joh 8:1-11) kom nie in die ouer Aramese grondteks, of in die eerste vier Griekse manuskripte van Johannes voor nie. Dit is dus op 'n heelwat later stadium gefabriseer, seker om (valslik) aan te toon dat Jesjuwa nie owerspel as 'n groot sonde sien nie.

- Die geslagsregister van Josef in Matt 1:1-17, verskil grootliks van dieselfde register in Luk 3:23-34. En hoe kan hierdie register *"Die geslagsregister van Jesjuwa die Messias"* wees, as Matt 1:20 sê dat Jesjuwa verwek is *"...uit die Heilige Gees,"* en nié deur Josef nie? Die beskrywing van gebeure voor en ná die opstanding in die evangelies verskil ook van mekaar.

Noudat ons besef dat sommige inligting in Handelinge waarskynlik bygeskryf is om die Edomiete se agent 'n aanvaarbare en verhewe beeld te gee, kan ons ook aanvaar dat al die wonderwerke en genesings wat Paulus sou vermag, ook maar net die verbeeldingsvlugte van die skrywers is. **[43]**

My opmerkings moet nie verwar word met die aanval wat sommige geleerdes van die Kerk, asook vanuit die akademiese wêreld, huidiglik teen die gesag van die Bybel voer nie. Met hierdie skrywe word daar gepoog om die valshede wat alreeds ín die Bybel geplaas is, hetsy weens foutiewe inligting, vervalste grondtekste of vertaalfoute, aan die leser uit te wys. Indien die Bybel nie vervals was nie, sou hierdie studie en skrywe nie nodig gewees het nie.

Maar laat ons ook hierin balans hou. Al verskil die evangelies ietwat van mekaar, bly die basiese boodskap dieselfde. "Die Kerk" **[44]** het wel ook aan die grondtekste gepeuter en doen nog steeds wanvertalings vanaf die grondtekste, maar dit beteken nie dat ons die Bybel in sy geheel moet verwerp nie! Laat ons eerder bewus wees van die veranderings, as om af te sien van ons anker in die lewe, want dan speel ons **juis** in die hande van die duiwel!

---

**[43]** In *Fathers of the Third and Fourth Centuries*, A.C. Coxe, vind ons die *Openbaring van Paulus,* waarin Paulus sy besoek aan verskeie hemele beskryf. Met 'n kus word hy deur Henog verwelkom met die woorde; *"Welkom, Paulus, geliefde van God!"* Hierdie boek moet met minagting verwerp word want dit is gefabriseer (daarom is dit nie in die Bybel opgeneem nie) om aan Jesjuwa se substituut (Paulus) geloofwaardigheid te gee.

**[44]** Die meeste veranderings het waarskynlik reeds tydens die eerste eeue plaasgevind nadat die apostels se mag gebreek is, maar voordat die Roomse Kerk ontstaan het.

Indien ons Handelinge en Paulus se briewe ignoreer, is ons weer terug by die leringe van Vader en Seun, en is die pad na ons hemelse koninkryk weer duidelik. Nadat ek in my jeug die Kerk verlaat het, het ek die fout begaan om ook die Bybel te verwaarloos. Ek het later besef dit is ŉ groot fout om te dink die Kerk en die Bybel loop hand-aan-hand! Wanneer ons begin insien dat die Christendom in werklikheid gegrond is op die valse godsdiens wat in 47 nM in Rome ontstaan het, het ons nét die Bybel om aan vas te hou!

■ Ons het reeds gesien dat die apostels se volgelinge vir Paulus (lank ná sy 'bekering') as ŉ teenstander van die (Israel) volk geïdentifiseer het. Paulus het ook erken dat hy eintlik ŉ Fariseër is en ŉ *"ander evangelie"* as die apostels verkondig. Jesjuwa waarsku ons **téén** die Fariseërs se leringe, so waarom sou Jesjuwa skielik van plan verander en Paulus begin ondersteun?

> *"En die volgende nag het Jesjuwa by hom gestaan en gesê: Hou goeie moed, Paulus, want soos jy aangaande My in Jerusalem kragtig getuig het, so moet jy in Rome ook getuig."* (Hand 23:11).

Hier lees ons dat Jesjuwa Paulus as apostel erken en aanmoedig, maar hierdie gedeelte is ooglopend ŉ vervalsing! Paulus erken tog in Gal 1:17-19 dat hy **nie** in Jerusalem getuig het nie! Boonop het hy nie *"kragtig getuig"* nie:

> *"Want die briewe, sê julle, is wel gewigtig en kragtig, maar die persoonlike teenwoordigheid is swak en die woord niks werd nie."* (2 Kor 10:10).

Mens hoef nie ŉ Bybelnavorser te wees om in te sien dat Hand 23:11 ŉ vervalste teks is nie. In die vorige vers sien ons dat Paulus deur die soldate beskerm moes, want die Israeliete wou hom *"verskeur"* o.a. weens sy valse leringe! (Daarvoor het hy later in die gevangenis beland en nie omdat hy ŉ 'martelaar vir Jesjuwa' was nie). Hand 23:11 dui op ŉ bedrieglike byskrywing sodat dit nou voorkom asof Jesjuwa hom wél as apostel erken het. **[45]**

■ Ek vermoed dat waardevolle inligting, veral van die Nuwe Testamentiese era, uit die Bybel gehou word. Behalwe vir die boekrol, Jesaja, beweer die Roomse Kerk dat hulle nie meer oor die oorspronklike boekrolle beskik nie. Leringe wat die apostels gegee het t.o.v. van bv. die geldigheid van die wette ná die opstanding, ontbreek, en kom net gedeeltelik in Hebreërs voor.

---

**[45]** In Hand 9:1-2 lees ons Paulus het *"...na die hoëpriester gegaan en van hom briewe gevra..."* om manne en vroue geboeid na Jerusalem te kon bring, maar toe hy later voor die hoëpriester moes verskyn, is Handelinge só geskryf asof hulle vir mekaar onbekendes is, en het Paulus kwansuis nie Ananias as die hoëpriester herken nie: *"Ek het nie geweet, broeders, dat hy hoëpriester is nie..."* (Hand 23:5). Hierdie ontkenning verklap waarskynlik die byskrywer(s) van handelinge se poging om Paulus as ŉ Israeliet voor te stel wat nie met die hoëpriesters van die Fariseërs en Sadduseërs bekend is nie, en om sy verbintenis en voortgesette vriendskap met sy Edomitiese vriende te versteek.

Tot groot vermaak van Paulus-aanhangers is die dilemma van diegene wie se oë oopgegaan het, dat ons Paulus gelyktydig verwerp én aanhaal! Dit is omdat Paulus ook leringe gebruik wat hy by die Esseners (en in hul Skrifte) geleer het. Maar om te verhoed dat ook foutiewe leringe by ons wortelskiet, is dit beter om Paulus toe te maak en dit ook nie weer oopmaak nie! **[46]** *"Al verkondig 'n leuenaar die waarheid kan mens hom nie vertrou nie!"* (D.B.)

> Jesjuwa het van die Fariseërs (Matt 15:12) gesê: *"**Laat hulle staan;** hulle is blinde leiers van blindes. En as 'n blinde 'n ander blinde lei, sal altwee in die sloot val."* (Matt 15:14). Waarom luister ons nie eerder na Jesjuwa nie?

■ Na 'n nugtere beskouing behoort dit duidelik te wees dat Paulus se briewe 'n warboel teenstrydige leringe bevat. Ons het in hierdie studiestuk ook van ander teenstrydighede in veral Handelinge kennis geneem, maar ten spyte van hierdie ooglopende valshede, verseker die Kerk ons dat die hele Bybel *"die Woord van God self is."* Kyk net wat leer die N.G. Kerk hul lidmate:

- *"Dit beteken dat God, die Heilige Gees, op heel besondere manier in die Bybelskrywers teenwoordig was en hulle gebruik het om die Bybel te skryf. Hy het hulle deuradem, ja uitverkies, voorberei, bekwaam, geheilig, gelei, onderrig en gebruik om die Bybelboeke te skryf, sodat daardie boeke vry is van dwaling en die Woord van God self is."*
- *"Hul wou vir hul toehoorders en lesers duidelik maak dat dit nie hulle is wat praat nie, maar God. Wanneer ons dus luister na die Bybel, luister ons na die stem van God; wanneer ons dit lees, is ons daarvan bewus dat dit Heilige en Goddelike geskrifte is."* (*Katkisasieboek*, bl. 229 - 230).

Die geleerde(s) wat hierdie geskryf het, is seker bewus van (ten minste sommige) byskrywing in Handelinge? Deur dit nie uit te wys nie, skep die Kerk die gevaar dat mense die hele Bybel verwerp wanneer hulle dit begin insien.

---

**[46]** Met reg word dit bevraagteken of Paulus die brief aan die Hebreërs geskryf het. Die Kerkvader, Origen (185-254 nM) skryf: *"Only God knows who wrote this."* Die brief het die kenmerke van meer as een skrywer. Die brief dra nié Paulus se watermerk nie, want Paulus verwys gemiddeld 18,2 /1 000 woorde na homself, teenoor die (normale) 1,3 /1 000 van Hebreërs. Die brief is redelik vry van Paulus se sinlose uitlatings, máár in tipiese Paulus-taal lees ons: *"Maar die regverdige sal uit die geloof lewe..."* (Heb 10:38). Dit is woord-vir-woord dieselfde as in Rom 1:17 en Gal 3:11, en is in stryd met Jesjuwa se evangelie, want dit stel *"geloof"* (sonder dade) as die enigste vereiste tot saligheid. Die brief bevat dus belangrike én valse inligting, en kan nie blindweg aanvaar word nie. Het Paulus by iemand anders se brief bygeskryf en dit as sy eie uitgestuur?

In die *Handboek by die Bybel* lees ons van Hebreërs: *"Selfs in die eerste eeue na Christus het niemand geweet wie die skrywer is nie, hoewel baie mense dit aan Paulus toegeskryf het. Vandag word dit as hoogs onwaarskynlik beskou. Hebreërs weerspieël nie Paulus se styl of gedagtegang nie."* (Saamgestel deur David en Pat Alexander, Bl. 626).

## 9 Het Jesjuwa na Paulus verwys?

Dit is natuurlik geweldig veelseggend dat Jesjuwa nie vooraf (of in Openbaring), daarvan melding gemaak het dat Hy Paulus as dertiende apostel gaan aanstel nie. Maar hét Jesjuwa nie dalk na Paulus verwys toe Hy voorspel het:

*"Want daar sal valse Christusse en valse profete opstaan..."* (Matt 24:24).

Kom ons kyk nou of Paulus moontlik kwalifiseer vir die bogenoemde status:

■ *"Ek het gekom in die Naam van my Vader, en julle neem My nie aan nie. As 'n ander een in sy eie naam kom, hóm sal julle aanneem."* (Joh 5:43).

Wie het ná Jesjuwa op die toneel verskyn van wie gesê kan word: *"hóm sal julle aanneem"*? **[47]** Weens die Kerk se volgehoue verheerliking van Paulus het hy 'n oorweldigende gewildheid bereik, en kan daar absoluut géén twyfel bestaan dat Jesjuwa na Paulus verwys het nie; 'n *"ander een"* is aangeneem!

Ek hoor 'n tyd gelede iemand sê: *"Mens hoef die Bybel net te lees vanaf Romeine."* Hierdie woorde klink seker soos musiek in die duiwel se oor, want dit verontagsaam ons Vader in die Ou Testament, asook vir Jesjuwa in die evangelies! Tot hierdie mate het die Kerk reeds daarin geslaag om sommige lidmate van Vader en Seun te vervreem en Paulus te verheerlik. Ons kan met sekerheid aanneem dat dit wél Paulus is na wie Jesjuwa in Joh 5:43 verwys! Paulus hét *"in sy eie naam"* 'n verdraaide *"ander evangelie"* begin verkondig.

■ Vader se boodskap aan die gemeente in Éfese was: *"...dat jy slegte mense nie kan verdra nie; en dat jy dié op die proef gestel het wat sê dat hulle apostels is en dit nie is nie, en hulle leuenaars bevind het..."* (Opb 2:2).

Die Éfesiërs (Paulus se gemeente) was een van die gemeentes in Asië (Opb 1:11) wat in Openbaring **geprys word** omdat hulle die valse apostels uitgeken en afgekeer het. Daarna kla Paulus (2 Tim 1:15) by Timótheüs:

*"Jy weet dit dat almal wat in Asië is, hulle van my afgekeer het…"*

Daar kan min twyfel bestaan dat Opb 2:2 spesifiek na Paulus en sy geselskap verwys, want (a) Paulus het self erken dat hy leuens verkondig (lees net verder), en (b) Paulus het uit die niet verskyn en sonder énige getuies t.o.v. sy 'bekering', begin vertel dat hy ook 'n apostel is! Nou kan ons verstaan waarom *"almal wat in Asië is"* hulle van Paulus afgekeer het, want net soos die Éfesiërs, het almal hom as 'n leuenaar en valse apostel uitgevang!

---

**[47]** Het Jesjuwa dalk na die Pousdom verwys? Nee, want (a) die Christendom hét Paulus in **oorweldigende** mate aangeneem in die plek van Jesjuwa, en (b) Johannes het in sy tyd geskryf dat die Antichris *"nou al"* in die wêreld is (1 Joh 4:3), en die Roomse Kerk het eers ongeveer twee eeue later ontstaan. (Daar is *"baie antichriste"*; 1Joh 2:18). Jesjuwa kon duidelik nie na die Roomse Kerk verwys het nie, maar na iemand anders.

■ Wou Paulus homself in die plek van Jesjuwa Messias stel? Kom ons kyk:

- Aan die Galásiërs skryf hy: *"...maar julle het my ontvang as 'n engel van Elohim, ja,* ***as Jesjuwa die Messias.****"* (Gal 4:14). Sou ons hierdie soort selfverheerliking van Jesjuwa se ware apostels hoor?
- *"Maar toe dit Elohim behaag het, wat my afgesonder het van die skoot van my moeder af en deur sy genade geroep het [16]om sy Seun in* ***my*** *te openbaar, sodat ek Hom onder die heidene sou verkondig..."* (Gal 1:15-16).
- *"Ek verwonder my dat julle so gou afvallig word van hom wat julle deur die genade van Messias geroep het, na 'n ander evangelie toe..."* (Gal 1:6). **[48]**
- Jesjuwa sê: *"Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is."* (Matt 5:48).

  Paulus sê: *"Broeders, ek bid julle, word soos ek..."* (Gal 4:12).
- Jesjuwa sê: *"My skape luister na my stem, en Ek ken hulle, en hulle volg My."* (Joh 10:27).

  Paulus sê: *"Ek vermaan julle dan, word my navolgers."* (1 Kor 4:16). **[49]**
- Jesjuwa sê: *"Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag."* (Joh 12:48).

  Paulus sê: *"In die dag wanneer Elohim die verborge dinge van die mense deur Jesjuwa die Messias sal oordeel, volgens my evangelie."* (Rom 2:16). **[50]**
- Jesjuwa sê: *"Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook."* (Joh 20:21. Ook Mark 16:15).

  Paulus sê: *"volgens die evangelie van die heerlikheid van die salige Elohim wat aan my toevertrou is."* (Tim 1:11). **[51]**

---

**[48]** Paulus verkwalik die Galásiërs omdat hulle van *"hom"* (Paulus) afvallig raak. Dit illustreer die verskil tussen die ware apostels en Paulus: Die ware apostels wys die pad na Vader via Jesjuwa, terwyl Paulus (onder Jesjuwa se Naam) die pad wys na homself!

**[49]** Paulus vermaan die Korintiërs om hom te volg, en nie vir Jesjuwa nie! Ons gaan weldra sien Paulus erken dat hy nié dieselfde evangelie as die apostels verkondig nie.

**[50]** Nie een van die ware apostels sou praat van *"my evangelie"* nie, want hulle het tog almal Jesjuwa se suiwer evangelie verkondig — die evangelie wat Paulus en sý vader háát, daarom het hy dit teengestaan met die verkondiging van sy eie evangelie.

**[51] Nee, dit is nóg 'n leuen!** In die evangelies lees ons dat die evangelie van Jesjuwa aan die twaalf apostels toevertrou was (Matt 28:19b). Hier sien ons dat Paulus weinig agting vir die ware apostels in Jerusalem gehad het en homself ook bó hulle verhef het.

■ In 'n antieke evangelie **[52]** waaruit die evangelie van Matthéüs moontlik afgeskryf is, kry ons inligting wat nie in Matthéüs voorkom nie. Alhoewel hierdie weergawe soms fundamenteel met Matthéüs verskil en bevraagteken kan word, is daar dele wat woord-vir-woord ooreenstem. Na die invoeging van die perikope, lees ons vanaf vers 30 in hoofstuk 26 die volgende:

**The False Teachings of Saul.**

*"30 When Jmmanuel* **[53]** *had finished this speech, behold, a man named Saul approached him and said, 31 You preach a new teaching, and it has been strange to me from the beginning; it seems silly to me, and your mind appears confused. 32 But Jmmanuel said, How can you tell me that I am confused in mind when it is you who are confused in consciousness and do not understand? 35 You will load great guilt upon yourself, for in your ignorance you will misunderstand my teachings and will therefore preach them incorrectly. 36 Your speech will be confused, and people throughout the world will be enslaved by it and will worship the false doctrine. 42 Truly, I say to you: Like so many others, you will be greatly at fault that my teachings will be adulterated and humans will establish erroneous religious cults. 43 You, however, will be the cornerstone of the folly by which I will be called 'Jesus Christ' and the 'redeemer' for a deluded religious cult. 44 And Jmmanuel was furious, seized a stick and chased Saul away. 45 Saul, his thoughts full of revenge, joined forces with Juda Ihariot, son of the Pharisee, and they discussed how to seize Jmmanuel so he could be handed over to the henchmen."*

Op die stadium toe die vroeë kerkvaders besluit het om Paulus se briewe ook in die Bybel op te neem, moes hierdie soort inligting uit die Bybel gehou word, anders sou dit vir almal duidelik gewees het dat Jesjuwa ons **alreeds** teen Paulus se valse evangelie gewaarsku het! Indien hierdie inligting vandag in die Bybel sou voorkom, sou niemand Paulus se briewe gelees het nie!

Vir die geldigheid van hierdie dokument kan ek nie instaan nie, maar dat Jesjuwa kon sê dat mense *"...will worship the false doctrine",* stem ooreen met Joh 5:43—dat die Christendom 'n *"ander een"* (se evangelie) gaan volg! Dit alléén dui op die valsheid van beide Paulus en Christelike (Paulus) Kerk.

---

**[52]** In 1963 ontdek Eduard Meier en Isa Rashid aan die suidekant van Jerusalem 'n antieke manuskrip in 'n vervalle graftombe. Weens die kontroversiële inhoud, besluit hulle om hul ontdekking geheim te hou totdat dit vertaal is. Rashid het hierdie Aramese teks in 1970 tot hoofstuk 36 in Duits voltooi, waarna dit ook in Engels vertaal is.

**[53]** *"Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar, en hulle sal Hom Emmánuel noem, dit is, as dit vertaal word: God met ons."* (Matt 1:23). Waarom sê vers 21 dan ons moet Hom *"Jesus"* noem? Vers 21 kom nie in hierdie Aramese teks voor nie, en dui daarop dat die Kerk dit later self ingeskryf het om die (valse) Naam, Jesus, te regverdig.

Dat Paulus wél die fondament van die hedendaagse Christendom gelê het, kan daar min twyfel oor bestaan, en (soos reeds genoem), het sy leringe in Rome nog verder met die Baäl-godsdiens vermeng geraak, waaruit eers die Vatikaankultus, en toe later die Rooms Katolieke Kerk ontstaan het.

> *"[10]Volgens die genade van Elohim wat aan my gegee is, het ek soos 'n bekwame boumeester die fondament gelê... [11]Want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is Jesjuwa die Messias."* (1 Kor 3:10-11). **[54]**

■ Let op na hierdie oortreffende trap van verwaandheid en self-verheerliking:

> *"Onthou dat Jesjuwa die Messias, uit die geslag van Dawid, uit die dode opgewek is volgens my evangelie."* (2 Tim 2:8).

Wat het Timótheüs van hierdie belaglike brief gedink? Hou asb. in gedagte:

- Paulus het met sy *"evangelie"* begin, etlike jare **nádat** ons Meester reeds uit die dode opgestaan het! Wat hy beweer, is dus absoluut absurd!
- Nadat Jesjuwa uit die dood opgewek is, het Paulus se 'evangelie' slegs daaruit bestaan om Jesjuwa se volgelinge te soek en te laat doodmaak.
- Wanneer Paulus praat van *"my evangelie"* **[55]** is hy ten minste eerlik, want soos ons weldra gaan sien, maak hy geen geheim daarvan dat hy 'n *"ander evangelie"* as Jesjuwa se twaalf apostels verkondig het nie.

■ *"onder wie daar is Himenéüs en Alexander, wat ek aan die Satan oorgegee het, sodat hulle kan leer om nie te laster nie."* (1 Tim 1:20).

> *"[3]Want wat my betref, het ek, liggaamlik afwesig maar in die gees teenwoordig, alreeds besluit asof ek teenwoordig was, om hom wat so iets gedoen het, [4]in die Naam van onse Jesjuwa die Messias, as julle vergader het en my gees saam met die krag van onse Jesjuwa die Messias – [5]om so iemand aan die Satan oor te lewer tot verderf van die vlees, sodat die gees gered kan word in die dag van Jesjuwa."* (1 Kor 5:3-5). **[56]**

---

**[54]** Hy sê dat Jesjuwa die fondament is, maar dat hy (Paulus) die fondament gelê het. Maar Paulus sê ook dat hy 'n *"ander evangelie"* as Jesjuwa verkondig; hy het dus sy **eie** evangelie as die fondament voorgehou, en so word hy vandag nog deur die Kerk erken. Jesjuwa se evangelie is effektiewelik geskaak en sy werk word *"vrugteloos"* gemaak! Die verskillende Christelike denominasies gebruik Paulus se valse en verwarrende evangelie as hul fondament, daarom is die Christendom ewe vals, verward en verdeeld!

**[55]** *"Hy wat uit homself spreek, soek sy eie eer; maar Hy wat die eer soek van dié Een wat Hom gestuur het, Hy is waaragtig en daar is geen ongeregtigheid in Hom nie."* (Joh 7:18). Met sy herhaaldelike verwysing na *"my evangelie"* (Rom 2:16; Rom 16:25; 2 Kor 11:4; 1 Tim 1:11), slaag Paulus beslis nie die toets van Jesjuwa se woorde nie!

Die Griekse woord wat met *"verderf"* vertaal is, is *ŏlĕthrŏs* (G3639), en beteken: *"death, punishment:- destruction."* **[57]** Selfs die owersters wat Jesjuwa beskuldig het, het aan Pilatus gesê hulle is *"...nie geoorloof om iemand dood te maak nie"* (Joh 18:31).

Jesjuwa of sy apostels het **niemand** aan Satan oorgelewer nie! Om iemand dood te maak of *"aan die Satan oor te lewer"* om sy *"gees"* te red klink na onverdunde satanisme, en is moontlik geloofsaspekte van die Talmoed **[58]** **(**waarin Paulus opgelei was), maar wat <u>beslis **nié** in ons Bybel tuishoort nie!</u>

- *"Want al sou julle tienduisend tugmeesters in Messias hê, dan het julle tog nie baie vaders nie; want in Jesjuwa die Messias het ek <u>julle vader</u> geword deur die evangelie."* (1 Kor 4:15).

Paulus het homself as die Korinthiërs se geestelike *"vader"* aangestel, met géén erkenning aan die twaalf apostels nie. En ten spyte daarvan dat hy voorgee om Jesjuwa te volg, is sy leringe in stryd met Jesjuwa se evangelie:

> *"En julle moet niemand op aarde julle vader noem nie,* **[59]** *want een is julle Vader, Hy wat in die hemele is."* (Matt 23:9).

Geestelik gesproke, sê Jesjuwa dat hierdie woord nét na ons Vader in die hemel verwys, maar Paulus matig homself daardie status toe! Ten spyte van Jesjuwa se opdrag, het die Roomse Kerk ook die titel, "Vader" in 'n geestelike sin in gebruik geneem. Dit is 'n verdere aanduiding tot watter mate die Kerk Jesjuwa se leringe verontagsaam en eerder Paulus aanhang!

---

**[56]** Die Bybelkommentator, Clarke, skryf die volgende oor Paulus se sinlose uitlatings: *"There is no evidence that delivering to Satan was any form of excommunication known either among the Jews or the Christians. Lightfoot, Selden, and Schoettgen, who have searched all the Jewish records, have found nothing that answers to this."*

**[57]** Die *King James Version* het hierdie teks korrek vertaal: *"To deliver such a one unto Satan for* ***the destruction*** *of the flesh, that the spirit may be saved..."* (1 Cor 5:5). Paulus hét dus die gemeente opdrag gegee om die man dood te maak! Hier ontbloot Paulus weer sy Edomitiese geaardheid, en net soos Paulus se geesgenote wat die RKK laat ontstaan het, het hulle deur die eeue Vader se ware aanbidders doodgemaak.

**[58]** Paulus het <u>erken</u> hy is *"...wat die wet betref, 'n Fariseër"* (Fil 3:5). In Gal 3:10 <u>ontken</u> hy weer sy lojaliteit aan die Talmoed: *"Want almal wat uit die werke van die wet* [die Talmoed] *is, is onder die vloek; want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet* [Moses se wette] *om dit te doen nie."* Maar in Rom 6:14 ontken Paulus ook Moses se wette; ons *"…is <u>nie</u> onder die wet nie…"* Paulus saai verwarring deurdat hy op <u>elke</u> lering ook **presies** die teenoorgestelde leer!

**[59]** Hier word nie van 'n aardse vader gepraat nie, want Jesjuwa het dikwels dieselfde woord, "vader" *patēr* (G3962) gebruik: *"Eer jou <u>vader</u> en moeder..."* (Matt 15:4). Jesjuwa sou nié sy eie voorskrif oortree nie. Die woord word ook in die Ou Testament gebruik: *"Daarom sal die man sy <u>vader</u> en moeder verlaat en sy vrou aankleef."* (Gen 2:24).

■ *"Now I rejoice in my sufferings for you, and I am completing in my flesh what is lacking in Christ's afflictions for his body, that is, the Church."* **[60]** (Col 1:24, *Holman Christian Standard Bible*).

In hierdie lasterlike uitlating beweer Paulus dat **Jesjuwa nie voldoende gely het vir sy volk nie**, en dat hy (Paulus) die gedeelte wat nog kortkom, verder sal ly! Tot hierdie mate stel hy homself in die rol en plek van ons Meester! Dit is géén wonder die Israeliete wou hom telkens doodmaak nie!

■ In die volgende vers beweer Paulus dat die Woord van Elohim *"vervul"* is omdat hy 'n dienaar geword het. Ons lees in Kol 1:25:

> *"waarvan ek 'n dienaar geword het volgens die bediening van Elohim wat aan my gegee is in julle belang, om die woord van Elohim te vervul."*

Wou Paulus dit laat voorkom asof *"die Woord van Elohim"* hóm voorspel het? Aan die Galasiërs skryf Paulus:

> *"15 Maar toe dit Elohim behaag het, wat my afgesonder het van die skoot van my moeder af en deur sy genade geroep het, 16 om sy Seun in my te openbaar, sodat ek Hom onder die heidene sou verkondig"* (Gal 1:15-16).

Paulus sinspeel op 'n profesie wat die koms van die Messias voorspel het:

> *"En nou sê JHWH wat My van die moederskoot af geformeer het om sy Kneg te wees, om Jakob na Hom terug te bring en dat Israel by Hom versamel mag word..."* (Jes 49:5). **[61]**

Wou Paulus ook hier die plek van ons Messias inneem deur voor te gee dat die profesie in Jesaja eintlik na hom verwys? Ja! In Kol 1:25 beweer hy dat sy bediening *"die Woord van Elohim"* vervul het—dat die Ou Testament wél sy koms voorspel het! Hy wat op veragtelike wyse 'n vervolger en moordenaar van Vader se kinders was (1 Tim 1:13), beweer dat hy **van geboorte** geroep is vir sy taak! Paulus se weersprekings wys sy leuens en valsheid uit!

■ Het Paulus in 2 Tim 1:6 voorgegee dat hy oor bonatuurlike magte beskik?

> *"Om hierdie rede herinner ek jou daaraan om die genadegawe van Elohim aan te wakker wat in jou is deur die oplegging van my hande."*

Hoe kan Timótheüs *"die genadegawe van Elohim"* in homself aanwakker deur die oplegging van Paulus se hande, nogal in Paulus se afwesigheid? En dan is daar nog predikers wat voortgaan om Paulus se leringe te verkondig!

---

**[60]** Die woord Kerk kom nie in die grondteks voor nie, en skep (valslik) die indruk dat die Bybel die Kerk goedkeur. Q'Hall (q'ahall) dui op mense in wie die Gees begin werk.

**[61]** Ons merk dat die vertalers die woorde, *"My"* en *"Kneg",* heeltemal tereg met hoofletters geskryf het, want dit dui op Jesjuwa, beslis nie op Paulus nie!

■ Hier is nog ’n geval waar die vertalers moes ingryp om Paulus se beeld meer aanvaarbaar te maak. Ons vind dit in Fil 2:25. In die ouer grondteks van die Nuwe Testament wat in Aramees geskryf is, lees die teks as volg:

> *“But now, a circumstance urged me to send to you Epaphroditus, the brother who is an assistant and laborer with me, but is your apostle and minister to my wants.”* (*Aramaic English New Testament*).

Dit is natuurlik totaal ongeloofwaardig dat Jesjuwa ’n dertiende apostel (Paulus) aangestel het, en hier lees ons dat hy (Paulus) sommer nog ’n (veertiende) apostel aangestel het! Kom ons kyk net weer ’n slag wat beteken die woord, apostel. Die HAT woordeboek verklaar die woord as volg:

> *“Een van die twaalf mans deur Christus gekies om sy leer te verkondig.”*

Die apostelskap is ’n ere aanstelling binne die geloofsleer van Jakob/Israel, en kan nie deur ’n buitestaander (Fariseër) nageaap word nie! Apostels word slegs deur Jesjuwa aangestel, en daar is ook net twaalf apostels! Soos daar in hierdie studie gesien kan word, gee die Bybel (Handelinge uitgesluit) géén erkenning aan Paulus nie, wat nog van apostels wat hý nou aangestel het!

Met allerlei drogredenasies kan die Kerk nog probeer om Paulus as ’n dertiende apostel te probeer regverdig, maar hoe gemaak met hierdie veertiende apostel? Geen probleem; tydens die skryf van die Griekse grondteks (?) vanuit die Aramese grondteks, het die vertalers die woorde wat na Epafrodítus as apostel verwys, eenvoudig verander en (in die Afrikaanse Bybel) vervang met: *“...julle afgevaardigde en bedienaar...”* **[62]** Nou is daar nie meer hierdie ongemaklike veertiende apostel **[63]** wat die Kerk van rekenskap hoef te gee nie! Die vertalers vervals (vandag nog) die Bybel soos dit hulle pas, en om vir Paulus ’n meer aanvaarbare beeld te skep! **[64]**

---

**[62]** Die Griekse grondteks lees nou as volg: Yet[1161] I supposed[2233] it necessary[316] to send[3992] to[4314] you[5209] Epaphroditus,[1891] my[3450] brother,[80] and[2532] companion in labor,[4904] and[2532] fellow soldier,[4961] but[1161] your[5216] messenger,[652] and[2532] he that ministered[3011] to my[3450] wants.[5532] (Die onderstreepte gedeelte vervang die ware teks).

**[63]** Hierdie veertiende apostel laat ons dink aan die waarskuwing in Openbaring: *“Ek ken jou werke en jou arbeid en jou lydsaamheid, en dat jy slegte mense nie kan verdra nie; en dat jy dié op die proef gestel het wat sê dat hulle apostels is* ***en dit nie is nie,*** *en hulle leuenaars bevind het.”* (Opb 2:2). Nou weet ons waarom Openbaring ons teen valse apostels (meervoud) waarsku, want behalwe dat Paulus homself as apostel aangestel het, het hy hom ook in die plek van ons Messias gestel en sy eie apostel(s) aangestel. In Hand 14:14 word Bárnabas, Paulus se metgesel, óók ’n apostel genoem. Maar Bárnabas was nie ’n apostel nie (Matt 10:2-4). ‘Apostels’ wat nie deel van die twaalf was nie, word in Opb 2:2 *“leuenaars”* genoem, want daar is nét twaalf apostels (Opb 21:14).

**[64]** Maar aan die goedgelowige Christendom wat nog bereid is om na die Kerk te luister, verkondig die predikers dat *“elke woord”* in die Bybel die *“Woord van God”* is!

Noudat ons gesien het dat Paulus homself herhaaldelik in die plek van Jesjuwa geplaas het, kán ons aanvaar dat Jesjuwa na Paulus verwys het toe Hy gesê het; *"daar sal valse Christusse en valse profete opstaan."* (Matt 24:24).

■ Jesjuwa hét natuurlik Paulus se vernietigingwerk voorsien. In Jes 49:4 (geskryf in die jaar 732 vM), vind ons 'n merkwaardige profetiese heenwysing na Jesjuwa se werk hier op aarde:

> *"Maar Ek het gesê: Tevergeefs het Ek My vermoei, my krag vir niks en vrugteloos verteer! Nogtans is my reg by JHWH en my loon is by Elohim."*

Wanneer mens besef dat Jesjuwa se evangelie reeds in die eerste eeue verlore geraak het (die Waldense het nog Jesjuwa se leringe gevolg, maar hulle is óók deur die Kerk uitgewis), en Vader se volk vandag steeds 'n valse godsdiens én "Christus" volg, kan mens begrip kry vir die hartseer in die woorde.

Bepeins asb. Jesjuwa se woorde baie sorgvuldig, aangesien hierdie voorspelling in Jesaja nie daar sou staan **indien Jesjuwa se werk nié *"vrugteloos"* gemaak is nie!** Hierdie profetiese uitlating dui op Jesjuwa se voorkennis; dat Paulus wél daarin sou slaag om die apostels se mag te breek, en dat sy volk *"'n ander een"* (Joh 5:43) in sy plek gaan aanneem. **[65]**

Die kommentare van Bybelkommentators wat ek nageslaan het, is dit almal eens dat hierdie Skrifgedeelte wél na Jesjuwa se eerste koms verwys, maar die uiters belangrike vraag; waarom Jesjuwa voorsien het dat sy werk *"vrugteloos"* sou wees, het geeneen dit gewaag om hom daaroor uit te laat nie. Selfs al sou hulle begryp dat dit Paulus was wat sy werk ongedaan gemaak het, sal hierdie Kerkgesindes dit nie waag om dit te noem nie. **[66]**

In 'n gelykenis sê Jesjuwa: *"1 ...Ek sê vir julle, wie nie by die deur in die skaapkraal ingaan nie, maar van 'n ander kant af inklim* [self-aangestelde apostel?], *hy is 'n dief en 'n rower. 2 Maar hy wat by die deur ingaan* [Jesjuwa], *is 'n herder van die skape."* (Joh 10:1-2). Wanneer Jesjuwa sê *"hy is 'n dief en 'n rower",* kon Hy nie maar net so wel Paulus by sy naam genoem het nie?

---

**[65]** Jesjuwa figureer dikwels in die Ou Testament, bv. Ps 82:6 (Joh 10:34), maar is nie Vader nie. (Tekste wat oënskynlik so 'n siening ondersteun, kán verklaar word). Vader het *"'n profeet"* aarde toe gestuur (Deut 18:15); Hy het nie Homself gestuur nie. Jesjuwa bid tot Vader: *"Ek kom na U toe"* en praat van Homself en Vader as *"Ons"* (Joh 17:11). In Opb 1:1 gee Vader die inhoud van Openbaring aan Jesjuwa; in Opb 5:7 neem Jesjuwa die verseëlde boek by Vader; en in Opb 7:9 staan 'n *"groot menigte"* voor *"die troon* [Vader] *en voor die Lam"* [Seun]. Hulle is beide in die hemel en figureer op twee plekke.

**[66]** Die *Geneva Bible Commentary* skryf oor hierdie teks: *"Thus Christ in his members complains that His labour and preaching take no effect, yet He is contented that His doings are approved by God."* Jesjuwa hét sy werk op aarde volbring (Joh 17:4), so wie se evangelie volg Christene dan indien Jesjuwa se werk weer *"vrugteloos"* geword het?

## 10 Openbaring verwys ook nie na Paulus nie

Die boek Openbaring kan as kontrole gebruik word in die Paulus-vraagstuk, aangesien dit geskryf is nadat Paulus 'bekeer' is; hy die rol van 'n apostel begin speel het; en hy reeds al sy briewe (behalwe 2 Tim) geskryf het. **[67]**

■ Nadat Matthías in die plek van Judas Iskáriot geloot is, was die twaalf apostels weer voltallig. Let asb. mooi op, dit was **vóór** Paulus se 'bekering'.

> *"En **die twaalf** het die menigte van die dissipels byeengeroep en gesê..."* (Hand 6:2).

Volgens Handelinge het Paulus eers op 'n latere stadium in die prentjie gekom (as Saulus in Hand 7:58), en op daardie stadium het hy nog openlik Jesjuwa se volgelinge vervolg. Jesjuwa belowe sy twaalf dissipels dat hulle:

> *"...wat My gevolg het, in die wedergeboorte wanneer die Seun van die mens op sy heerlike troon gaan sit, julle ook op **twaalf trone** sal sit en die twaalf stamme van Israel sal oordeel."* (Matt 19:28). Daar is duidelik nie vir Paulus 'n dertiende troon gereed nie!

**Nádat** Paulus sy briewe geskryf het (behalwe 2 Timótheüs), ontvang Johannes die boek, Openbaring. Daarin word die toekomstige Jerusalem beskryf:

> *"...die muur van die stad het twaalf fondamente gehad, en daarop was die name van die **twaalf apostels** van die Lam."* (Opb 21:14).

Dit klink ook nie asof dáár 'n ou plekkie is om Paulus se naam te skryf nie! Met hierdie bekendmaking in Openbaring, maak Vader dit vir ons **baie** duidelik dat Hy slégs Jesjuwa se twaalf apostels erken! **Daar ís eenvoudig nie iets soos 'n dertiende apostel nie!** Openbaring 21:14 is sekerlik een van die belangrikste verse in die ganse Skrif, deurdat Vader onherroeplik Paulus as 'n valse apostel uitwys! Het ons nog enige verskoning om Paulus te volg?

Uit hierdie inligting kan ons duidelik sien dat Paulus beslis nie as 'n apostel gereken kan word nie! Vóór Paulus se 'bekering' was die twaalf apostels voltallig, en ná sy apostelskap lees ons in Openbaring stééds van twaalf apostels! **Paulus was dus op géén stadium deel van die twaalf apostels nie!** En die Skrif verwys ook nie na 'n dertiende apostel nie! Paulus word nie deur Vader of sy Seun, die evangelies, óf sy tydgenote erken nie!

---

**[67]** Meeste vroeëre geskiedkundiges soos Victorinus, Eusebius, en Jerome, kry die datum wanneer Openbaring geskryf is by Irenaeus, maar hy het ongeveer 'n eeu later eers geleef. Sy datum (96 nM) lyk onwaarskynlik, omdat (a) Johannes dan meer as 110 jaar oud sou wees (baie ongewoon vir daardie tyd), en (b) Openbaring geskryf is voor die vernietiging van die tempel in 70 nM, want dit is geskryf asof dit nog bestaan (Opb 11:1-2). Die datum van skrywe word deur sommige bronne aangegee as 65 nM.

Indien Vader van sy aanvanklike Plan afgewyk het, was dit mos met die deurgee van Openbaring die ideale geleentheid om ten minste Paulus se apostelskap 'agteruit' te bevestig! Maar Paulus, of die bestaan van 'n dertiende apostel, word op géén stadium in Openbaring bekend gestel nie! **[68]**

Die Kerk steun baie swaar op Paulus se leringe, en indien dit algemeen bekend sou word dat Paulus wél 'n self-aangestelde en valse apostel is, word die Kerk se geloofwaardigheid en voortbestaan baie ernstig bedreig!

■ In Openbaring lees ons dat die duiwel (die draak) vertoorn is as ons die gebooie (bevele) van Elohim, asook die getuienisse van Jesjuwa onderhou:

> *"En die draak was vertoorn op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar nakomelinge wat die gebooie van Elohim bewaar en die getuienis van Jesjuwa die Messias hou."* (Opb 12:17; ook 14:12). **[69]**

**Paulus-aanhangers kan gerus begin wonder waarom die duiwel dan nie ook vertoorn is indien hulle Paulus se *"ander evangelie"* volg nie!**

■ Indien ons vir Paulus, die boek Handelinge en die Kerk sou glo, en dus aanvaar dat Vader en Seun wél vir Paulus as 'n dertiende apostel aangestel het, sit ons werklikwaar met 'n besondere ongemaklike situasie, want dit blyk:

- Ná sy opvaring kom Jesjuwa agter Hy het vergeet om 'n apostel aan te stel om die evangelie aan die tien stamme te bring. (Rom 11:13; Gal 2:7).
- Nadat Jesjuwa sy fout ontdek het, kon Hy onder die héle Israel nie 'n geskikte kandidaat vind wie Hy kon stuur nie, en moes seker in desperaatheid 'n Romeinse burger gebruik (Hand 22:26-28), vir wie die Bybel se leringe *"nie geoorloof is om aan te neem of na te volg nie"* (Hand 16:21).
- Paulus was seker weens Jesjuwa se kortsigtigheid nie opgelei nie, tog het Hy Paulus bo die apostels as *"uitverkore werktuig"* verkies (Hand 9:15), al het hy géénsins aan die vereistes vir 'n apostel voldoen nie (Hand 1:21-22).
- Toe Vader vir Matthías in die plek van Judas Iskáriot d.m.v. die lot aangewys het (Hand 1:24 - 26), het Hy per abuis nie aan Paulus gedink nie.

---

**[68]** Hierdie toedrag van sake is seker vir die Kerk 'n groot verleentheid, en dit mag een van die grootste redes wees waarom sommige kerke verkondig dat Openbaring 'n onverstaanbare boek is (of dat dit alreeds heeltemal vervul is), en ons dit nie hoef te lees nie.

**[69]** Dit is die duiwel se werkwyse om, indien die waarheid nie teengestaan kan word nie, die mense te beswadder deur wie die waarheid kom. Mense wat die valsheid van Paulus se apostelskap insien en terugkeer na die Bybel se wette en feeste, sal via hul vriende aanslae ervaar. Dit is ons toets van standvastigheid en sif ook ons vriende uit.

- Vader het blykbaar nie vooraf daaraan gedink dat wanneer Jesjuwa aan die vloekhout sterf, ons van sy wet losgekoop is nie (Gal 4:4-7). Hy het toe nagelaat om ons in te lig (Amos 3:7); ook dat ons nié meer volgens sy Seun geoordeel word nie (Joh 12:48), maar volgens Paulus (Rom 2:16).
- Nadat Vader en Seun agtergekom het dat Hulle ons per ongeluk nog die wet geleer het (Joh 14:15), gee Hulle Persoonlik (1 Kor 14:37), die goeie nuus aan Paulus: Ons is *"...ontslae van die wet..."* (Rom 7:6), en *"...sonde word nie toegereken as daar geen wet is nie…"* (Rom 5:13). Nou hoef ons nie na Vader se bevele te luister nie, en Christene kan ook nie meer sondig nie! (As sondes nie *"toegereken"* word nie, wonder mens waarom sê Paulus; *"...want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai"* – Gal 6:7).
- Dit moet nou seker vir Vader en sy Seun 'n baie groot verleentheid wees omdat Hulle nie hierdie opwindende gebeurtenis kon voorsien nie, want Hulle het <u>nie 'n enkele woord</u> vooraf geuiter dat ons 'n evangelie sonder die wet gaan ontvang nie, selfs nie <u>nadat</u> Hulle Paulus aangestel het nie!
- En seker maar weens administratiewe flaters in die hemel, word Paulus na ál sy harde werk stééds nie erken nie, want Jesjuwa het nagelaat om 'n dertiende troon te bestel (Matt 19:28), en Vader het vergeet dat die nuwe Jerusalem eintlik oor dertien fondamente moet beskik (Opb 21:14).
- Jesjuwa het nagelaat om die apostels in te lig t.o.v. Paulus, en dat hy 'n aanstellingsbrief moet kry. Hy het ook nie die verwarring en *"twiste"* voorsien (1 Kor 1:11-12) as Hy Paulus met 'n heel *"ander evangelie"* stuur nie.
- Vader se beplanning loop toe nóg verder verkeerd, want omdat Paulus toe 'n *"ander evangelie"* as die apostels verkondig het, wou die apostels se volgelinge hom doodmaak (Hand 21:27-36) omdat hy toe *"...oral aan almal dinge leer teen die volk en die wet..."* en die tempel (Hand 21:28).
- Paulus is later verwerp (2 Tim 1:15), maar Jesjuwa het nagelaat om; (a) in Openbaring te erken dat Hy ná sy opvaring besef het dat Hy 'n fout gemaak met sy twaalf, en Paulus gestuur het om die fondament te lê (1 Kor 3:10), en (b) sy *"uitverkore werktuig"* te gebruik om Openbaring te skryf.
- Jesjuwa het blykbaar nie mooi opgelet dat Paulus nie heeltemal bekeer het nie, want toe hy sy lewe moes verdedig voor die Fariseërs en Sadduseërs, erken hy dat hy óók 'n Fariseër is (Hand 23:6), 'n teenstrydige geloofsleer (Matt 15:3), waarteen Hy ons **juís** gewaarsku het (Matt 16:6, 12).
- Wie dus deel was van die *"addergeslag"* (Matt 21:33-<u>**45**</u>); wie die Talmoed gevolg het (Fil 3:5); wie die profete asook vir Jesjuwa doodgemaak het (Matt 21:45; Hand 7:52); wie deur Vader gehaat word (Mal 1:3); en vir wie Jesjuwa alreeds die *"oordeel van die hel"* belowe het (Matt 23:33).

Indien ons die feite ondersoek, word Paulus se apostelskap taamlik belaglik! Sy rol as apostel asook sy leringe, pas eenvoudig nie by die res van die Bybel in nie! **[70]** Al sou slegs enkele van die bogenoemde punte meriete hê, word die onmoontlikheid van Paulus se apostelskap onwrikbaar bevestig. Hierdie nugtere studie dui egter daarop dat elke punt Paulus as valse apostel uitwys! Die vraag is net; waarom het ons dit nie al lankal raakgesien nie?

**Die getuienis teen Paulus se apostelskap is absoluut oorweldigend!** Enige volksgenoot wat hiervan kennis neem en stééds voortgaan om eer en agting aan Paulus se leringe te gee, verdien seker maar om bedrieg te word.

## 11 Wat sê die Dooie See Rolle van Paulus?

Die Skrifnavorser, prof. Robert Eisenman, vergelyk in sy gesaghebbende navorsing, (a) die Nuwe Testament, (b) Die Dooie See Rolle, en (c) geskiedskrywers van die eerste eeue, met mekaar. Hieroor skryf Baigent en Leigh:

- *"Eisenman turned to the Dead Sea Scrolls, and particularly the 'Habakkuk Commentary.' When the fragmentary details of the Qumran texts had been assembled into a coherent sequence, what emerges was something extraordinarily similar to the chronicle of Acts, Josephus and early Christian historians.*

*"The Scrolls told their own story, at the centre of which was a single protagonist, 'the Teacher of Righteousness' – an exemplar of the same virtues associated with James. Like James, the 'Teacher' was the acknowledged leader of a 'sectarian' religious community whose members were 'zealous for the Law.' And like James, the 'Teacher' had to contend with two quite separate and distinct adversaries. One of these was dubbed the 'Liar', an outsider who was admitted to the community, then turned renegade, quarrelled with the 'Teacher' and hijacked part of the community's doctrine and membership.* **[71]**

---

**[70]** Ons Alwetende Vader maak nie foute nie, en sy raad (beplanning) verander ook nie! *"[9]...Ek is Elohim… [10]wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie; wat sê: My raad sal bestaan…"* (Jes 46:9-10). Paulus en sy leringe sonder die wet verteenwoordig nié Vader of Seun se leringe nie! Paulus is waarskynlik slegs deel van Vader se toelatingswil; as 'n toets vir ons gehoorsaamheid.

**[71]** *"James's second adversary is from outside the community – the High Priest Ananias, head of the Sadducee priesthood."* Josephus skryf; Ananias *"...assembled the Sanhedrin of judges, and brought before them the brother of Y'shua, who was called Mashiyach,* [Josephus erken dus Jesjuwa as 'n historiese figuur] *whose name was Ya'akov and some others... and when he had formed an accusation against them as breakers of the law, he delivered them to be stoned..."* (Antiquities 20.9.1). Die Sadduseërs het Jakobus valslik laat vermoor! Paulus was 'n Fariseër, en hulle het óók die apostels gehaat! Hoe kon Paulus enige liefde vir Jesjuwa hê as hulle sy apostels haat?

*"According to the 'Habakkuk Commentary,' the 'Liar' did not listen to the word received by the 'Teacher of Righteousness' from the mouth of God. Instead, he appealed to 'the unfaithful of the New Covenant in that they have not believed in the Covenant of God and have profaned his Holy Name.' The text states explicitly that 'the Liar...flouted the Law in the midst of their whole congregation.' He 'led many astray' and raised 'a congregation on deceit.' These, of course, are precisely the transgressions of which Paul is accused in Acts.*

*"Paul, an outsider who, having first persecuted the community, then converts and is admitted into it, only to turn renegade, prevaricate and quarrel with his superiors, hijack the image of Jesus and begin preaching his own doctrine – a doctrine which draws on that of the community, but distorts it.*

*"Does Paul, then, belong in the company of history's secret agents?' Of history's informers and 'super grasses'? These are some of the questions generated by Robert Eisenman's research. But in any case, Paul's arrival on the scene set a train of events in motion that was to prove irreversible.*

*"What began as a localised movement within the framework of existing Judaism, it's influence extended no further than the Holy Land, was transformed into something of a scale and magnitude that no one at that time can have foreseen.*

*"The movement entrusted to the 'Early Church' and the Qumran community was effectively hijacked and converted into something that could no longer accommodate it's progenitors. There emerged a skein of thought which, heretical at its inception, was to evolve in the course of the next two centuries into an entirely new religion.*

***"What had been heresy within the framework of Judaism*** [Jesjuwa en die apostels het Judaïsme verkondig] ***was now to became the orthodoxy of Christianity.*** *Few accidents of history could have had more far-reaching consequence.*

***"Christianity, as it will subsequently evolve from Paul, has by now severed virtually all connections with its roots, and can no longer be said to have anything to do with Jesus."***

***"Paul is, in effect, the first 'Christian' heretic****, and that his teachings – which become the foundation of later Christianity –* **[72]** *are flagrant deviation from the 'original' or 'pure' form extolled by the leadership."* (Baigent and Leigh, *The Dead Sea Scrolls Deception*).

■ Die Esseners, skrywers van die *Damaskus Dokument* (deel van die Dooie See Rolle), verwys na 'n sekere persoon as die *"Sprouter of lying"*:

> *"...Paul – also makes an appearance in a crucial section of the Damascus Document referring, as we saw, to 'turning aside from the Fountain of living Waters', 'rejecting the Commandment of God', and betraying 'the New Covenant in the Land of Damascus.'"* (Eisenman, *James the brother of Jesus*).

Die Esseners, sowel as die Israeliete wat Paulus in Handelinge aangekla het, het dieselfde probleem met hom gehad. In Handelinge word Paulus aangekla weens sy leringe *"teen die wet"*, en in die Damaskus Dokument word die *"Sprouter of lying"* beskuldig vir *"rejecting the Commandment of God."* In hierdie dokumente uit die antieke verlede, beskryf Paulus se tydgenote hom as 'n ketter wat hul godsdiens verloën—omdat hy Vader se wet verwerp het!

Uit die afvallige en verraderlike evangelie van 'n Edomitiese Fariseër het 'n totaal valse godsdiens begin ontstaan! Dit moet nou vir almal duidelik wees dat die Christendom nié met die Almagtige óf sy Seun verbind kan word nie!

## 12 Hét Paulus leuens vertel?

Indien ons kan vasstel dat Paulus nie altyd die waarheid verkondig het nie, staan sy aanspraak as apostel en al sy leringe **nóg** verder onder verdenking.

■ Paulus het verkondig dat die wederkoms in sy eie leeftyd sou plaasvind:

- *"[26]Ek meen dat dit goed is vanweë die aanstaande nood – dat dit goed is vir 'n mens om so te bly. [27]Is jy aan 'n vrou verbonde, moenie losmaking soek nie; is jy los van 'n vrou, moenie 'n vrou soek nie. [29]Maar dit sê ek, broeders, die tyd is kort; van nou af moet ook die wat vroue het, wees asof hulle nie het nie... [31]want die gedaante van hierdie wêreld gaan verby."* (1 Kor 7:26-27, 29, 31).

---

**[72]** Ná die apostel era het Ignatius, Marcion, en Tertullian in die tweede eeu die hedendaagse Christendom begin vorm. A.G. Roth skryf van Marcion: *"…he aggressively went out on his own, propagating his new concepts of Christianity which rapidly took root throughout the Roman Empire. Using maligned* [verderflike] *teachings of Paul, who he believed to be the only Apostle who understood the teachings of Y'shua, Marcion set out to free the Christian Church from 'false Jewish* [Judean] *doctrines.' By the end of the second Century Marcion was challenging the mainstream Christian Churches and rapidly pushing them in the background with his own popular gospel." "Like most Christian leaders, Marcion was very ignorant of the basic Torah principles." "Marcion started the 'but Paul says.'" "Polycarp… referred to Marcion as 'the firstborn of the devil.'" "These church founders who are venerated by Christendom displayed unfathomable resentment toward the original Netzari Jewish followers of Y'shah* [Judeërs wat Jesjuwa gevolg het] …*because they 'accepted Christ* ***without ceasing to observe the old law.'"***

- *"Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons* [hy sluit homself in] *sal nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin ..."* (1 Kor 15:51).

Die mense aan wie Paulus hierdie brief geskryf het, het **nie** die wederkoms ervaar volgens sy *"verborgenheid"* nie. Ook het al daardie mense alreeds ontslaap. Hulle het ongeveer twintig eeue gelede ontslaap en die wederkoms het nog stééds nie plaasgevind nie! **Hy hét dus vir hulle leuens vertel!** Hier het Paulus se slimpraatjies nie "die toets van die tyd" geslaag nie. **[73]**

**Indien ons Paulus se voorspellings vergelyk met wat wérklik gebeur het, staan hy ontbloot as 'n volslae leuenaar!**

■ En waar sê Paulus het hy sy inligting gekry? **[74]**

> *"[11]Maar ek maak julle bekend, broeders, dat die evangelie wat deur my verkondig is, nie na die mens is nie. [12]Want ek het dit ook nie van 'n mens ontvang of geleer nie, maar deur 'n openbaring van Jesjuwa die Messias."* (Gal 1:11-12). Lees asb. ook 1 Kor 14:37; Gal 1:1; Ef 3:3-4.

Indien ons Paulus sou glo dat Jesjuwa na sy opvaring in kommunikasie met hom was, **het Jesjuwa dus 'n fout gemaak t.o.v. sy eie wederkoms!**

Aangesien Paulus se bewerings ooglopend vals is, kan ons hieruit aflei dat:

- Paulus valse leringe aan die Korinthiërs gegee het.
- Jesjuwa géénsins met hom in kontak was soos hy beweer het nie.
- Hy 'n leuenaar en valse apostel is.
- Daar is gedeeltes in Handelinge wat valse inligting m.b.t. Paulus bevat.

---

**[73]** Paulus het hierdie voorskrifte gegee tot tyd en wyl die wederkoms plaasvind, maar waarom sien die Kerk nie toe dat hierdie voorskrifte nagekom word nie? Paulus se voorskrif was tog; *"moenie 'n vrou soek nie."* (1 Kor 7:27). Die Kerk volg self nie **húl** meester se voorskrif nie, deurdat hulle tog mense in die eg verbind. Almal kan natuurlik nou sien dat hy 'n leuenaar was, maar weens die Kerk se onwilligheid om hierdie voorskrif te predik, erken hulle stilswyend dat hulle daarvan bewus is dat hy 'n valse apostel is! En waarom is Paulus-aanhangers nie gehoorsaam aan hul 'geliefde apostel' se uitdruklike voorskrif nie? *"Die wat vroue het, wees asof hulle nie het nie."* (1 Kor 7:29).

Hoe sou ons die Bybel se opdrag om te vermeerder (Gen 1:28) kon gehoorsaam, indien ons nou vir bykans tweeduisend jaar na Paulus se valse leringe geluister het?

**[74]** In Hand 22:14 lees ons dat 'n sekere Ananías na Paulus gekom het ná sy Damaskus-pad ervaringe en gesê het: *"Die Elohim van ons vaders het jou voorbeskik om sy wil te ken en die Regverdige te sien en die stem uit sy mond te hoor."* Paulus het beslis nie al sy leuens uit *"die Regverdige"* se mond gehoor nie! Indien ons nie hierdie teks in Handelinge kan glo nie, hoe kan ons Handelinge glo dat Paulus as apostel aangestel was?

■ Die enigste uitlatings wat ons sonder twyfel van Paulus kan aanneem, is wanneer hy homself as sondaar en leuenaar uitmaak. Ons lees in Rom 3:7:

- *"Maar as die waarheid van Elohim deur **my leuen** oorvloediger geword het tot Sy heerlikheid, waarom word ek dan nog as sondaar geoordeel?"*

  Hier erken Paulus **openlik** dat hy leuenagtige leringe verkondig! Indien hy wérklik *"die waarheid van Elohim"* verkondig het, sou dit **baie** beslis nie nodig gewees het om dit d.m.v. leuens *"oorvloediger"* te maak nie! Paulus laster teen Jesjuwa deur te beweer dat Hy in direkte kommunikasie met hom was! Het Paulus sy talle leuens by Jesjuwa gehoor?

  *"Hy wat bedrog pleeg, mag binne-in my huis nie bly nie; wie leuens praat, kan voor my oë nie bestaan nie."* (Ps 101:7).

  *"[15]...elkeen wat leuens liefhet en doen,"* kan nie ingaan *"[14]...deur die poorte in die stad"* nie. (Opb 22:15, 14).

  Net soos die kerke van vandag, gee hy blykbaar nie om om leuens te verkondig nie, net solank die aanhangers vermeerder. Let ook op dat Paulus in Rom 3:7 erken dat sy tydgenote hom ook *"as sondaar"* bestempel het!

- In die jaar 55 nM skryf Paulus aan die Korinthiërs:

  *"Maar vir die ongetroudes en die weduwees sê ek, dit is vir hulle goed as hulle bly soos ek..."* (1 Kor 7:8). Paulus was ongetroud.

  Maar toe hy 'n paar jaar later aan Timótheüs skryf (61-64 nM), het hy blykbaar vergeet wat hy aan die Korinthiërs geskryf het:

  *"[2]...deur die geveinsdheid van leuenaars wat gebrandmerk is in hulle gewete, [3]wat verbied om te trou..."* (1Tim 4:2-3). **[75]**

  Paulus het die Korinthiërs verbied om te trou, dus is **hyself** die leuenaar!

- *"Yeshua Messiah came into the world to save sinners, and I am the worst of them all."* (1 Tim 1:15, *AUV-NT*). Dit sê Paulus **ná** sy 'bekering', en dan is daar stééds mense wat hom volg? Lees saam met Rom 7:15-26.

- Aan die Korinthiërs skryf hy: *"Ek het julle nie beswaar nie, maar omdat ek slim was, het ek julle met lis gevang."* (2 Kor 12:16).

  Mens kan nie 'n beter beskrywing van Paulus se werkwyse gee as wat hy dit self gedoen het nie! **Hy het die totale Christendom met lis gevang!**

---

**[75]** Dit is duidelik dat hy **nie** Jesjuwa se evangelie verkondig het wat gister, vandag, en more geldig bly nie! Uit hierdie teenstrydighede bleik dit dat Paulus nie besef het dat sy briewe op 'n latere stadium versamel sou word, en met mekaar vergelyk kan word nie.

## 13 <u>Hét Jesjuwa vir Paulus gestuur?</u>

■ In sy tweede brief aan die Korinthiërs skryf Paulus:

*“[4]Want as iemand kom en 'n <u>ander Jesjuwa</u> verkondig as wat ons verkondig het, of as julle 'n <u>ander gees</u> ontvang as wat julle ontvang het, of 'n <u>ander evangelie</u> as wat julle aangeneem het, laat julle dit goed geval. [5]Want ek reken dat ek niks agterstaan by dié uitnemende apostels nie”* (2 Kor 11:4-5).

Die *“uitnemende apostels”* is natuurlik Jesjuwa se <u>ware</u> apostels in Jerusalem teenoor wie hy homself stel. **[76] I**s daar ook afgunstigheid in sy woorde? Let mooi op wat sê Paulus <u>self</u> is die verskil tussen hom en die apostels:

- Dat hy 'n *“ander Jesjuwa”* verkondig.
- Dat sy volgelinge 'n *“ander gees”* ontvang.
- Dat hy 'n *“ander evangelie”* verkondig.

Ons kan met groot sekerheid aanneem dat Jesjuwa se twaalf apostels voortgegaan het met die verkondiging van die ware evangelie, en hier sê Paulus duidelik dat sy evangelie van die *“uitnemende apostels”* verskil! **[77]** Die Kerk het dus: (a) Paulus se briewe as *kanon* verklaar (as eg aanvaar), en (b) hul dogma en leringe grootliks gegrond, op die leringe van 'n persoon wat erken <u>dat hy **nie** Jesjuwa se evangelie verkondig nie!</u> **[78]** Die Kerk hét dus Paulus se leringe bo Jesjuwa se evangelie verkies! Jesjuwa se **ware** apostels leer:

> *“As iemand na julle kom en hierdie leer* [**Jesjuwa** se evangelie] *nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie en groet hom nie.”* (2 Joh 1:10).

---

**[76]** Hier kan ons sien dat Paulus hom nié as deel van die twaalf *“uitnemende apostels”* beskou nie. (Openbaring erken slégs Jesjuwa se twaalf apostels). Hy sê ook dat hy *“niks agterstaan by dié uitnemende apostels nie”*, maar in 1 Kor 15:9 skryf hy: “...*ek is die geringste van die apostels, wat <u>nie werd is om 'n apostel genoem te word nie</u>...”*

**[77]** In 1 Kor 1:11-12 noem Paulus *“dat daar twiste”* onder die Korinthiërs is weens 'n groep wat o.a. Petrus (Céfas) se leringe volg. Dit dui weereens daarop dat Paulus nie dieselfde evangelie as Petrus (en dus die ware apostels), verkondig het nie. Net soos vandag, was dit <u>Paulus</u> se leringe wat die teenstrydige groepe en twiste veroorsaak het.

Volgens *Acts of Peter* (uit Cod. Vercellensis), beweer Paulus dat Vader se voorskrifte ter syde gestel is: *“…Paul often <u>quarreled with</u> the teachers of the Jews* [Judeans] *and had confounded them by saying: 'Christ, on whom your fathers laid their hands, <u>abrogated their Sabbath and their fasting and their festivals and circumcision</u>...”* Dit bevestig dat Paulus (en sy wettelose leringe) in stryd is met Jesjuwa se ware apostels.

**[78]** Van Christene word verwag om te glo dat Jesjuwa ná sy opvaring skielik van plan verander het, en toe vir Paulus gestuur het om nou weer 'n *“ander evangelie”* te verkondig! Nét voor sy opvaring sê Jesjuwa aan die apostels: *“…en leer hulle om alles te onderhou wat **Ek** julle beveel het”* (Matt 28:19). Paulus se bewering dat <u>Jesjuwa</u> hom gestuur het, maak Jesjuwa se opleiding én die opdrag aan sy apostels 'n bespotting!

Maar Paulus se *"ander evangelie"* is wél ontvang en in ons Bybel opgeneem; dit het die fondasie van die Christendom geword; en is sy wettelose leringe nou deel van die algemene sienswyse van ons (vervalle) samelewing! Christene rig hul lewens op die leringe van 'n Fariseër, die Fariseërs wie Jesjuwa as die *"Addergeslag"* beskryf het—die genetiese nageslag van die duiwel!

■ In sy briewe aan die Korinthiërs, kla Paulus oor sy behoeftige toestand:

- *"Tot op hierdie uur ly ons honger en dors, is ons naak en word geslaan, en swerwe ons rond."* (1 Kor 4:11).
- *"in arbeid en moeite, in slapelose nagte dikwels, in honger en dors, dikwels sonder ete, in koue en naaktheid."* (2 Kor 11:27).

Hierdie 'klaagliedere' staan in skrille kontras met Jesjuwa se <u>ware</u> apostels:

> *"[8]Maak siekes gesond, reinig die melaatse, wek dooies op, dryf duiwels uit. Julle het dit verniet ontvang, <u>verniet moet julle dit gee</u>.* **[79]** *[9]Moenie vir julle goud of silwer of koper in julle beurse aanskaf nie; [10]geen reissak vir die pad of twee kledingstukke of skoene of 'n stok nie; want <u>die arbeider is sy voedsel werd</u>."* (Matt 10:8-10).

Jesjuwa het na sy apostels omgesien, **[80]** maar Paulus skryf dat Jesjuwa dit nié vir hom gedoen het nie! Dit is duidelik dat Jesjuwa géén bemoeienis met Paulus gemaak het nie, ten spyte van wat ons in Handelinge aantref!

Alhoewel Paulus weet dat die Hoër Hand nié vir hom sorg nie, belowe hy vir die skyn Vader se sorg aan andere mits hulle <u>hom</u> (nie Jesjuwa nie) nadoen:

> *"En wat julle geleer en ontvang en gehoor en <u>in my</u> gesien het, doen dit, en die Elohim van vrede sal met julle wees."* (Fil 4:9).

■ Paulus was nie deur Jesjuwa opgelei nie, en sy leringe toon soms weinig begrip vir selfs die basiese leringe van die Bybel. Hy leer bv. dat daar 'n verskil is tussen *"die evangelie vir die onbesnedenes"* en *"dié vir besnedenes."*

> *"Maar, inteendeel, toe hulle sien dat <u>aan my die evangelie vir die onbesnedenes</u> toevertrou is, net soos <u>aan Petrus dié vir die besnedenes."</u>* **[81]** (Gal 2:7). **[82]**

---

**[79]** Maar Paulus skryf: *"[11]As ons vir julle die geestelike gesaai het, <u>is dit 'n groot saak as ons julle stoflike goed maai?</u> [18]<u>Watter loon het ek dan?</u> Dat as ek die evangelie verkondig, ek die evangelie van Messias kosteloos bring, om nie van my reg in die evangelie ten volle gebruik te maak nie."* (1 Kor 9:11, 18). Hy gee homself weg deur vergoeding te eis, nogal vir sy valse leringe. Tot vandag <u>betaal</u> ons Paulus-predikers om ons te mislei.

**[80]** *"En Hy sê vir hulle: Toe Ek julle uitgestuur het sonder beurs en reissak en skoene, het julle iets kortgekom? En hulle antwoord: Niks nie."* (Luk 22:35).

Die gedagte dat die tien stamme 'n ander evangelie moet volg as die Judeërs, kom van Paulus! Jesjuwa het nog nooit twee verskillende evangelies geleer nie! Jesjuwa het sy dissipels **juís** na die onbesnedenes **[83]** gestuur:

> *"...maar gaan liewer* **[84]** *na die verlore skape van die huis van Israel."* (Matt 10:6). **[85]**

Ons sien ook dit is hoe die apostels hul opdrag verstaan en uitgevoer het:

- In die aanhef van sy brief skryf Jakobus: *"...aan die twaalf stamme wat in verstrooiing is..."* (Jak 1:1). Hy maak in sy brief géén onderskeid tussen die besnedenes (Judeers) en die 'onbesnedenes' (tien stamme) nie.
- In die aanhef van sy brief skryf Petrus: *"Petrus, 'n apostel van Jesjuwa Messias, aan die vreemdelinge van die verstrooiing* [tien stamme] *in Pontus, Galásië, Kappadocië, Asië en Bithínië."* (1 Pet 1:1). Ook Hand 8:40.

---

**[81]** Omdat Paulus nie in die Bybel inpas nie, is die 'feite' in Bybel in stryd met mekaar, want Petrus sê in Hand 15:7 die teenoorgestelde: *"...dat die heidene deur my mond die woord van die evangelie sal hoor en gelowig word."* In 1 Pet 1:1 bevestig Petrus dit.

**[82]** Hier lê die wortel van die kwaad! (a) Hier kan ons duidelik sien dat Paulus se evangelie van dié van Petrus verskil! Paulus se evangelie (wat deur Christene gevolg word) is dus **nié** die evangelie wat Jesjuwa vir die apostels geleer het nie! (b) Volgens Paulus was Jesjuwa se evangelie slégs vir die Judeërs (die besnedenes) bedoel, terwyl Jesjuwa natuurlik nooit so 'n beperking op sy eie evangelie geplaas het nie! (c) Dit is 'n dwaling dat Israel se twee huise twee verskillende gelowe moet volg! (d) Ons weet almal instinktief dat ons Jesjuwa moet volg, maar Hy is 'n Judeër wat Judaïsme verkondig het! (e) Die huidige Christelike tradisie verskil van (die eerste-eeuse) Judaïsme, weens Paulus se inmenging en bedrog, en het nié weens Jesjuwa se wil tot stand gekom nie! (f) Volgens Hand 21:24; 24:14 het Paulus die Judeërs se wette gevolg (wanneer dit hom gepas het), maar Paulus se wettelose leringe het later die fondasie van die huidige Christendom geword, daarom kan **Jesjuwa nié 'n Christen genoem word nie!**

**[83]** Die *"onbesnedenes"* het ook as *"die huis van Israel"* (tien stamme) of *"die vreemdelinge in verstrooiing"* bekend gestaan. Hulle word ook (verkeerdelik) *"heidene"* genoem.

**[84]** *"And go especially to the lost sheep of the house of Isra El."* (*The Aramaic New Testament*). Jesjuwa het dus die apostels spesifiek na die *"onbesnedenes"* gestuur!

**[85]** Die Kerk beweer dat Jesjuwa nét voor sy opvaring hierdie opdrag omgekeer het met sy woorde: *"Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het."* (Matt 28:19). Indien ons egter 'n ouer weergawe van Mattheüs raadpleeg (*Hebrew Gospel of Matthew*, Mercer University Press, ISBN 0-86554-470-0), sien ons dat die hele onderstreepte gedeelte **nié** daarin voorkom nie! Hierdie ekstra sin is klaarblyklik op 'n later stadium valslik bygevoeg om Jesjuwa se lering van 'slegs Israel' om te keer. En weens die wanvertaling van woorde soos *nasies, wêreld* en *ganse mensdom*, regverdig die Kerk nou hul onbybelse liberale beleid vanuit die Bybel. Jesjuwa sê ons sal met *"die stede van Israel"* nie klaar kry voordat Hy weer kom nie (Matt 10:23).

Paulus se aansprake dat Jesjuwa hóm na die vreemdelinge in verstrooiing gestuur het, **[86]** strook nie met die opdragte en dade van die apostels nie! Sou Jesjuwa wérklik ŉ dertiende apostel stuur as dit rééds die spesifieke opdrag aan die twaalf apostels is, en hulle ook daarmee besig was? Dit wil eerder voorkom asof Paulus vir homself ŉ pos geskep het wat nie bestaan het nie en dat die byskrywer(s) van Handelinge Paulus se 'apostelskap' ondersteun het. Weens die verraad teen Jesjuwa het ŉ valse godsdiens vir *"die huis van Israel"* ontstaan en is sy evangelie ook vervang met dié van Paulus.

Nou weet ons dat Paulus nié Jesjuwa se evangelie verkondig het nie, weens:

- Paulus self (2 Kor 11:4-5 en Gal 2:7).
- Paulus was deur die apostels se volgelinge aangekla, juis omdat hy *"... oral aan almal dinge leer teen...<u>die wet</u>"* en teen <u>die tempel</u> (Hand 21:28).
- Die geskiedkundige, Durand, rapporteer dat mense *"preferred the Christianity that had been brought to them from Jerusalem"* (Paulus s'n verskil).
- Die Esseners (ook Paulus tydgenote) het hom beskryf as ŉ *"sprouter of lying"* en hy *"led many astray and he raised a congregation on deceit."*

Ons word *"in die laaste dag"* geoordeel volgens <u>Jesjuwa se woord</u> (Joh 12:48), maar Christene volg iemand wat nié Jesjuwa se woord verkondig nie!

■ *"Het ek dan jul vyand geword deur julle die waarheid te vertel?"* (Gal 4:16).

Watter waarheid? Hier kan ons sien dat Paulus nie baie gewild was nie, ook nie by die Galásiërs nie, want hy skryf dat hulle hom as <u>hul *"vyand"*</u> beskou het. Die Galásiërs moes net soos die Éfesiërs dwarsdeur Paulus se leuens en bedrog gesien het: *"...wat sê dat hulle apostels is en dit nie is nie, en hulle leuenaars bevind het."* (Opb 2:2). Dat Paulus homself ingewurm en opgedring het waar hy nie welkom was nie, het ons ook reeds in die geskiedkundige werk van Durand gesien: *"They welcomed Peter, but <u>were cold to Paul.</u>"*

■ Volgens Gal 1:8 vervloek Paulus **almal** wat nie sý evangelie verkondig nie:

> *"Maar al sou <u>**ons**</u> of ŉ <u>engel uit die hemel</u> julle die evangelie verkondig in stryd met die wat <u>**ons**</u> julle verkondig het, laat hom ŉ vervloeking wees!"*

Paulus skryf dat hy **wél** ŉ *"ander evangelie"* verkondig as wat Jesjuwa vir die apostels geleer het (2 Kor 11:4-5; Gal 2:7), dus vervloek hy <u>die apostels</u>; <u>vir Jesjuwa</u> wat dit vir hulle geleer het; <u>vir Vader</u> Wie die woorde in Jesjuwa se mond lê, en **almal van ons** wat Jesjuwa volg en sy evangelie verkondig!

---

**[86]** Paulus <u>moes</u> uit Judea padgee want die Israeliete het hom as valse apostel uitgeken: *"...meer as veertig man van hulle lê hom voor wat hulleself vervloek het om nie te eet of te drink totdat hulle hom omgebring het nie."* (Hand 23:21). Daarom het hy die Israeliete in verstrooiing besoek, en nie omdat Jesjuwa hom daarheen gestuur het nie.

Paulus is voortdurend in stryd met sy eie lering, dus vervloek hy ook homself.

Openbaring was wél deur 'n *"engel uit die hemel"* aan Johannes gegee. **[87]** Wás Paulus in stryd met die engel? Mens kan maar énige van Paulus se leringe as voorbeeld gebruik waar hy leer dat die gebooie tot niet gemaak is:

- Paulus: *"deurdat Hy in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het, naamlik die wet van gebooie wat in insettinge bestaan..."* (Ef 2:15).
- Openbaring: *"Salig is die wat die gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad."* (Opb 22:14).

Hier ís Paulus se leringe **direk in stryd** met die evangelie wat die engel vir Johannes gegee het, en hét hy dus die engel vervloek! Die engele bring slégs Vader se wil vir die mens (nie hul eie nie), maar Paulus vervloek die engele wat Vader se wil uitvoer! Laat dit nie as 'n skok kom dat Paulus vir Vader vervloek nie, want (a) dit is nie sý vader nie (Joh 8:42-44), en (b) hy is reeds verdoem (Matt 5:20; 23:33) en poog om ons saam met hom te trek.

## 14 Ander skrywers

Ons gaan later ook in die aanhangsel sien dat daar nog altyd die wete was dat Paulus 'n valse apostel is. Hier is enkele voorbeelde van ander skrywers:

■ *"You see, Constantine was not a theologian. No. He was simply a politician, and a simpler Christianity was bequeathed to him – 'Just have faith in Jesus.' I think this was the Pauline doctrine ... Never mind that Paul had never even met Jesus in the flesh. Yet he had the temerity to argue with the Apostles over matters of doctrine. He argued with those who studied under Jesus directly!*

*"Since Paul's doctrine was more appealing to Emperor Constantine – not exactly Paul's doctrine, but the perversion of his doctrine that 'faith' is merely 'belief,' and not the practical application of faith – it was this form of Christianity that was embraced by the Roman Empire, and norms were eventually set by those in power.*

***"Original, pure Christianity was eventually obscured by this perversion of Pauline doctrine.*** *Actually, I've even read where scholars of religion now laughingly refer to modern Christianity as 'Paulianity' or 'Churchianity,' but rarely refer to it as 'Christianity.'"* (Satyaraja Adhikari – *"a learned Krishna devotee."* Uit: *KRSNA Consciousness and Christianity*). **[88]**

---

**[87]** Opb 1:1 lees: *"Die openbaring van Jesjuwa die Messias wat Elohim Hom gegee het om aan sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur, en wat Hy deur die sending van sy engel aan sy dienskneg Johannes te kenne gegee het."*

■ *“Paul was a self promoter par excellence. He knew it would be of no use to claim to have been appointed to the Apostolate on the same terms as the others, because they knew better and would soon show him up as a fraud. It appears he decided to use this to his advantage by deliberately posing his apostleship on different terms from theirs.*

*“The earthly Jesus appointed them, but he was appointed by the heavenly Christ, the sole person so appointed, therefore his appointment was superior to theirs. He was appointed last of all, and therefore his appointment was, again, superior to theirs. He was commissioned to go to all nations but, in his view, they only went to the Jews even though the Great Commission sent them also to all nations.*

*“But Paul needed the aura of apostolic calling in common with theirs to strengthen his ministry among the gentiles, and he needed at least the appearance of their support. If it became known to those to whom he preached that* ***the original apostles all rejected him as a false apostle****, they would hardly have heeded him. So he presented himself as having the apostles’ support.”* (Pastor Edgar Jones, *Paul: The Stranger*).

■ *“Esau was slangsaad en Paulus sien die slangsaad nie raak nie, omdat hy dit self was...”*

> *“Al die beloftes in die ganse Woord is gekoppel aan een enkele faset van die teologie, dit is gehoorsaamheid aan die Woord en die wette van die Hemelse Vader. As daar ’n belofte is aan lewe, is dit die gebod en die wet wat nagekom word.* ***Elke, elke, elke belofte is gekoppel aan die wet.*** *Met ander woorde, as Paulus die wette weggooi, gooi hy ’n volkome, totale wandel met die Hemelse Vader weg.”*

*“Paulus hoort nie in die Woord nie. Die Hemelse Vader het dit toegelaat sodat die wet wat Hy gestel het, nagekom moet word, naamlik: ‘Soek en jy sal vind.’”* (Ds. Ben Maree, *Paulus en sy Veldstoeltjie*).

■ “*...it is...a fact of history that St. Paul and his successors added to... or imposed upon, or substituted another doctrine for...the plain...teachings of Jesus...”* H.G. Wells (1866-1946).

■ *“There has never been a more monstrous imposition perpetrated than the imposition of the limitations of Paul’s soul upon the soul of Jesus.”* (The British playwright, George Bernard Shaw).

---

**[88]** Dit wil voorkom asof hierdie volgeling van Krishna beter ingelig is en insig het t.o.v. Paulus, as selfs die ‘geleerde’ en toonaangewende leiers binne die Christendom!

## 15 Is Paulus se leringe strydig met die res van die Bybel?

In werklikheid is Vader en Seun se leringe meestal presies die teenoorgestelde as wat Paulus en die Kerk leer. (Sien asb. my nuwe studiestuk; *Die Kerk*). In hierdie skrywe raak ek slegs enkele punte in Paulus se briewe aan:

- *"Maar ons het van die heimlike dinge wat skandelik is, afstand gedoen, en ons wandel nie in listigheid of vervals die woord van Elohim nie..."* (2 Kor 4:2).

Dit sou nie vir Paulus nodig gewees het om homself te probeer verontskuldig, as hy nie tevore deur die Korinthiërs beskuldig was dat hy *"die Woord van Elohim"* vervals het nie. Paulus sê ook dat hy nié *"in listigheid"* wandel nie, maar verder aan in **dieselfde** brief erken hy dat hy dit wél gedoen het:

> *"Ek het julle nie beswaar nie, maar omdat ek slim was, het ek julle met lis gevang."* (2 Kor 12:16).

Kom ons kyk of die Korinthiërs rede gehad het om Paulus daarvan te beskuldig dat hy *"die Woord van Elohim"* vervals. Om 'n volledige beeld te kry, kyk ons ook in sy ander briewe:

> *"Want die geregtigheid van Elohim word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: Maar die regverdige sal uit die geloof lewe."* (Rom 1:17).

Hier staan: *"soos geskrywe is."* Paulus grond dus sy lering van *"die regverdige sal uit die geloof lewe"* op 'n lering uit die Ou Testament. Die onderstreepte gedeelte van Rom 1:17 verwys na Hábakkuk:

> *"2 Toe antwoord JHWH my en sê: Skryf die gesig op en graveer dit op tafels... 3 Want die gesig sal nog duur tot op die vasgestelde tyd... As dit mag vertoef, wag daarop; want alte seker sal dit kom... 4 Kyk, sy siel is opgeblase in hom en nie reg nie. Maar die regverdige, deur sy geloof sal hy lewe."* (Háb 2:2-4).

Die Hebreeuse woord *'ĕmûwnâh* (H530) wat na *"geloof"* vertaal word, beteken: *faith (-ful, -ly, -ness)*. Die woord kan dus eerder as "faithfulness" (getrouheid) vertaal word. As bevestiging kyk ons na die konteks; die voorafgedeelte van hierdie vers lees: *"As dit mag vertoef, wag daarop."* Die bedoeling is dat die regverdige sal wag weens sy getrouheid (of gehoorsaamheid), eerder as om te wag weens sy geloof. Volgens die konteks en betekenis, word hierdie woord korrek vertaal in; *Die Bybel vir almal*:

> *"Hoogmoedige mense sal nie kry wat hulle wil hê nie, maar mense wat reg lewe, sal aanhou lewe omdat hulle gehoorsaam is aan My."*

Slegs 'n enkele Engelse Bybel (*God's Word*) kon opgespoor word wat ook die ware boodskap van die teks weergee:

> *"Look at the proud person. He is not right in himself. But the righteous person will live because of his faithfulness."* (Hab 2:4).

Die betekenis van die woord in Háb 2:4 is in die meeste Bybels as "geloof" vertaal, en nie "getrouheid" nie, en ons sien in Rom 1:16-17 dat Paulus die begrip van "geloof" (faith) verstaan asof dit "glo" (belief), sou beteken. Paulus stel gewoonlik geloof teenoor die werke (ons dade), en verkondig derhalwe 'n 'glo net' godsdiens, in stede daarvan om Vader se bevele getrou na te kom.

Paulus kon dus eerder geskryf het: *Maar die regverdige sal uit sy getrouheid lewe.* Maar hierdie 'glo net' leringe word toe die kern van sy leringe:

> *"8...Dit is die woord van die geloof wat ons verkondig: 9As jy met jou mond Jesjuwa die Messias bely en met jou hart glo dat Elohim Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word;"* (Rom 10:8-9).

Hierdie twee-stap prosedure tot saligheid van *"bely"* en *"glo"* is 'n onvolledige en misleidende lering en kom nét van Paulus. Daarteenoor leer Jesjuwa:

- "*Want die Seun van die mens staan gereed om met sy engele in die heerlikheid van sy Vader te kom, en dan sal Hy elkeen vergeld volgens sy dade."* (Matt 16:27).
- *"12...En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke. 13...en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke."* (Opb 20:12-13).

Omdat Paulus se briewe as "kanon" verklaar is, kom sy onbybelse leringe nou **in** die Bybel voor! Volgens Paulus is hierdie *"bely"* en *"glo"* die enigste vereistes vir saligheid! Ten spyte daarvan dat dit 'n blatante verloëning van die Bybel se leringe verteenwoordig, het dit die hoeksteen van die Romeinse weergawe van die Christelike geloof geword! **[89]** Uit hierdie godsdiens (nie uit die godsdiens van Jerusalem nie), het Protestantisme later ontstaan.

Die feit dat Paulus se leringe (meestal) ooglopend in stryd is met die res van die Bybel, weerlê sy aansprake dat hy sy leringe van Jesjuwa ontvang het. Hierdie 'bely en glo' leringe is totaal gebrekkig en is slegs gedeeltelik in ooreenstemming met die Skrif. (Lees asb. Jak 2:24). Dit kan 'n rede wees waarom die Korinthiërs hom beskuldig het—hy vervals *"die Woord van Elohim."*

---

**[89]** Hierdie maklike 'glo net' geloof was vir Konstantyn aanvaarbaar, en hy het dit as die staatsgodsdiens verklaar. Die lering om 'gelowig' te wees (glo net) sonder om ook aan Vader se bevele **gehoorsaam** te wees, kom nét van Paulus! Die woord *"gelowiges"* kom dertien keer in die Bybel voor, en **almal** is in Handelinge en in Paulus se briewe!

■ Ons het gesien dat Paulus vir die Romeine geskryf het dat hulle gered sal word deur bloot te 'bely en glo', maar vir die Galásiërs maak hy die pad hemel toe **nóg** makliker! Hulle hoef **net** in Jesjuwa te glo! Ons lees in Gal 2:16:

> *"terwyl ons weet dat die mens nie geregverdig word uit die werke van die wet nie, maar alleen deur die geloof in Jesjuwa die Messias."* **[90]**

Hoe totaal nutteloos Paulus se lering is om alleen in Jesjuwa te glo, word geantwoord deur Jakobus, Jesjuwa se half-broer en leier van die apostels:

> *"Wat baat dit, my broeders, as iemand sê dat hy die geloof het, maar hy het nie die werke nie? Dié geloof kan hom tog nie red nie?"* (Jak 2:14).

In teenstelling met Paulus se 'glo net'-leringe, leer Jesjuwa ons in Luk 6:46:

- *"En wat noem julle My: Meester, Meester! en doen nie wat Ek sê nie?"*
- *"Julle is my vriende as julle alles doen wat Ek julle beveel."* (Joh 15:14).

■ In sy brief aan die Romeine gebruik Paulus Vader se belofte aan ons aardsvader, Abraham, om sy (valse) *"geregtigheid van die geloof"*- lering te staaf:

> *"Want die belofte dat hy erfgenaam van die wêreld sou wees, het Abraham of sy nageslag nie deur die wet verkry nie, maar deur die geregtigheid van die geloof."* (Rom 4:13).

Is Paulus se lering volgens die Bybel? Kom ons kyk wat leer Vader ons:

> *"4 En ek sal jou nageslag vermeerder soos die sterre van die hemel en aan jou nageslag al hierdie lande gee, en in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën word; 5 omdat Abraham na my stem geluister en my ordening, my gebooie, my insettinge en my wette onderhou het."* (Gen 26:4-5. Sien ook Deut 7:6-9).

Paulus grond sy vreemde en onbybelse lering **[91]** van *"die geregtigheid van die geloof",* op Vader se lering wat ons in Gen 26:4-5 aantref, maar ons sien dat Paulus se lering totaal teenstrydig is met wat Vader wérklik bedoel.

---

**[90]** Paulus het *gehoorsaamheid aan Jesjuwa* vervang met "*geloof in Jesjuwa*". Dit klink baie dieselfde, maar dit is *"...'n weg wat vir 'n mens reg lyk, maar die einde daarvan is weë van die dood."* (Spr 14:10). Paulus se wettelose evangelie is die weë van die dood!

Paulus verdoem *"die werke van die wet"* (die Fariseërs se wette en oorlewerings—die Talmoed), maar tien jaar later (in 60-61 nM) weerspreek hy homself en sê: *"Ek is ...wat die wet betref, 'n Fariseër."* (Fil 3:5). Paulus se onthulling dat hy ná sy 'bekering' stééds die Fariseërs se wet volg, is seker vir die Kerk 'n verleentheid, want Fariseïsme spruit uit die Babiloniese godsdienste. Om Paulus se geloofwaardigheid te beskerm, is sy uitlating in die *1983 Nuwe Vertaling* vervals na: *"...in wetsopvatting was ek 'n Fariseër."*

**[91]** Paulus se briewe kom nou wel in die Bybel voor, maar dit is strydig met die Bybel.

Abraham het na Vader se stem geluister en sy ordening, gebooie, insettinge en wette onderhou. **[92]** Met sy valse *"geregtigheid van die geloof"*-lering, is Paulus dus algeheel in stryd met Vader se ware lering in Génesis.

Kan daar 'n **nóg** groter mate van oneerlikheid bestaan as wat Paulus hier doen? Paulus se valse lering kan nie weens 'n misverstand of 'n vertaalfout weggeredeneer word nie; **dit is blatante en opsetlike misleiding en bedrog!** Paulus-aanhangers se gewone verweer; *julle verstaan Paulus net nie reg nie*, kan **géénsins** hier ter sprake wees nie! Paulus wys homself uit as 'n werktuig van die bose wat met opset die Bybel se kosbare leringe verdraai!

Paulus skryf aan die Galásiërs:

> *"17...die wet wat vier honderd en dertig jaar later gekom het, maak die verbond wat deur Elohim in Messias vantevore bekragtig is, nie kragteloos om die belofte tot niet te maak nie. 18Want <u>as die erfenis uit die wet is, dan is dit nie meer uit die belofte nie.</u> Maar Elohim het dit aan Abraham deur 'n belofte genadiglik geskenk."* (Gal 3:17-18).

Hierdie tekste verteenwoordig omgekeerde logika en leuen-bevlekking sonder gelyke! Ons het in Gen 26:4-5 gesien dat Vader vir Abraham geseën het **<u>omdat</u>** Abraham die ordening, gebooie, insettinge en wette onderhou het. Maar Paulus draai Vader se belofte op sy kop en skryf: ons erfenis is nou **slégs** uit die belofte, <u>sonder</u> om aan Vader se voorwaardes te voldoen! Paulus se verraderlike leringe sorg daarvoor dat die ganse Christendom **afgesny** word van Vader se beloftes, want hoe kan ons enige van die beloftes verwag indien ons nie Vader se uitdruklike voorwaardes nakom nie? **[93]**

**Die Korinthiërs wat eerstehands met hom te doen gekry het, was dus heeltemal reg! Paulus hét die Woord van Elohim vervals en ons behoort hom derhalwe met die grootste mate van minagting te verwerp!**

■ Paulus leer ook dat *"...almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van Elohim, en hulle word deur sy genade <u>sonder verdienste</u> geregverdig deur die verlossing wat in Jesjuwa die Messias is."* (Rom 3:24).

---

**[92]** Kyk net wat skryf Jakobus: *"21Is Abraham, ons vader, nie uit <u>die werke</u> geregverdig toe hy Isak, sy seun, op die altaar geoffer het nie? 22Sien jy dat die geloof saamgewerk het met sy werke en dat die geloof volkome geword het uit die werke?"* (Jak 2:21-22).

**[93]** Vandag belowe die kerke namens "Jesus" sy ontferming, maar maak vooraf seker dat ons nie vir daardie ontferming kwalifiseer nie! Jesjuwa kon destyds beloftes maak, want die Israeliete het in die regte Name aanbid, was besny, en het die wette en feeste onderhou, maar die Kerk leer ons hoef dit nie meer te doen nie. In teenstelling met Paulus se misleiding skryf 'n <u>ware</u> apostel: *"...wat ons ook al bid, ontvang ons van Hom, **<u>omdat</u>** <u>ons sy gebooie bewaar</u>* (#) *en **<u>doen</u>** wat welgevallig is voor Hom."* (1 Joh 3:22). (#) Gebooie (Aramees: *misvoth*) is al Vader se <u>bevele</u>, en nie net die tien Gebooie nie!

Om sy lering te staaf, maak Paulus in Rom 3:10-18 ses aanhalings uit die Ou Testament. Kom ons ondersoek nou elkeen van hierdie ses aanhalings:

**1) Rom 3:10-12.** *“[10]soos geskrywe is: Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie. [11]Daar is niemand wat verstandig is nie, daar is niemand wat Elohim soek nie. [12]Hulle het almal afgewyk, saam het hulle ontaard. Daar is niemand wat goed doen nie, daar is selfs nie een nie.”*

Hierdie gedeelte kom uit Psalm 14:1-3, wat lees:

> *“ [1]Die dwaas sê in sy hart: Daar is geen Elohim nie. Sleg, afskuwelik maak hulle hul dade; daar is niemand wat goed doen nie. [2]JHWH het uit die hemel neergesien op die mensekinders, om te sien of daar iemand verstandig is, wat na Elohim vra. [3]Hulle het almal afgewyk, tesame het hulle ontaard; daar is niemand wat goed doen, ook nie een nie.”*

Tot by vers 3 lyk dit asof Paulus die oorspronklike bedoeling van Dawid reg weergee, maar vers 4 lees:

> *“Het die werkers van ongeregtigheid dan geen kennis nie, die wat my volk opeet asof hulle brood eet? Hulle roep JHWH nie aan nie.”*

Nou sien ons dat Dawid ’n onderskeid maak tussen *“die werkers van ongeregtigheid”* en diegene wat *“my volk”* opeet. Dawid praat dus in verse 1-3 van sy volk se teenstanders, nié van sy eie volk nie! Verse 5 en 7 lees:

> *“ [5]Dáár het skrik hulle oorweldig, want Elohim is by die regverdige geslag. [7]Ag, mag die verlossing van Israel uit Sion kom! As JHWH die lot van sy volk verander, dan sal Jakob juig, Israel sal bly wees.”*

Dawid praat van twee verskillende groepe van mense, maar deur slégs verse 1-3 aan te haal, skep Paulus die indruk dat dit Israel is (die regverdige geslag), wat *“almal afgewyk”* het. Paulus het Dawid se ware boodskap in Psalm 14 omgekeer en dus misbruik.

**2) Rom 3:13** *“Hulle keel is ’n oop graf, met hul tonge pleeg hulle bedrog...”*

Hierdie gedeelte kom uit Psalm 5:10, wat lees:

> *“Want in hulle mond is niks betroubaars nie; hulle binneste bring onheil; hulle keel is ’n oop graf; hulle maak hul tong glad.”*

Dawid praat van sy *“vyande”*, maar vir sy eie mense versoek hy in vers 12:

> *“Maar laat húlle almal bly wees wat by U skuil; laat hulle vir ewig jubel, en beskut U hulle; en laat in U juig die wat u Naam liefhet.”*

Weens die feit dat Paulus slégs vers 10 aanhaal, word dit baie duidelik dat hy met opset ’n gedagtegang skep wat nie deur die Psalm bedoel word nie!

**3) Rom 3:13** *"...die gif van adders is onder hulle lippe."*

Hierdie gedeelte kom uit Psalm 140:4, wat lees:

> *"Hulle maak hul tong skerp soos 'n slang; gif van 'n adder is onder hulle lippe."*

Indien ons net verder lees, is dit duidelik dat Paulus weereens 'n gedeelte gekies het waar Dawid slégs van sy teenstanders praat. Dawid maak 'n onderskeid tussen *"die goddelose"* (vers 5), en *"die regverdiges"* (vers 14).

> *"Bewaar my, JHWH, vir die hande van <u>die goddelose</u>... Sekerlik, <u>die regverdiges</u> sal u Naam loof, die opregtes sal voor u aangesig woon."* (Verse 5 en 14).

Dawid het nié gesê dat die <u>regverdiges</u> *"gif van adders onder hulle lippe"* het nie!

**4) Rom 3:14** *"Hulle mond is vol vervloeking en bitterheid."*

Hierdie gedeelte kom uit Psalm 10:7, wat lees:

> *"Sy mond is vol van vloek en van bedrog en verdrukking; onder sy tong is moeite en onreg."*

Hier het Paulus weereens slegs die gedeelte gekies wat die *"goddelose"* (Vers 2 en 15) beskrywe.

**5) Rom 3:17-18** *"Haastig is hulle voete om bloed te vergiet. Verwoesting en ellende is in hulle paaie."*

Hierdie gedeelte kom uit Jesaja 59:7, wat lees:

> *"Hulle voete hardloop om kwaad te doen en is haastig om onskuldige bloed te vergiet; hulle gedagtes is onheilsgedagtes, verwoesting en verbreking is in hulle paaie."*

In hierdie hoofstuk kon Paulus byna enige gedeelte gekies het, maar dit beteken nie dat Jesaja skryf dat <u>alle mense</u> <u>altyd</u> sonde doen nie.

Jesaja skryf bv. in Jes 57:1-2:

> *"1 ...want <u>die regverdige</u> word weggeruk vanweë die boosheid. 2 Hy gaan in die vrede in: hulle sal rus op hulle bedde – hy wat die reguit pad loop."*

**6) Rom 3:18** *"Daar is geen vrees van Elohim voor hulle oë nie."*

Hierdie gedeelte kom uit Psalm 37:1, wat lees:

> *"Daar is geen vrees van Elohim voor sy oë nie."*

Die vraag is weereens of dit die bedoeling van hierdie Psalm was om hierdie boodskap op al die mense van toepassing te maak? Die antwoord vind ons in vers 11 in dieselfde Psalm:

> *"Die ootmoediges daarenteen sal die aarde besit en hulle verlustig oor groot vrede*." (So ook in verse 9, 22, en 28-29).

Paulus nou vir die sesde keer Skrifgedeeltes buite verband aangehaal. Nadat ons elkeen van sy ses 'aanhalings' ondersoek het, vind ons dat Paulus:

- In élk van die gevalle 'n ander betekenis aan die Skrifgedeeltes gee as wat die oorspronklike skrywers se bedoeling was.
- Selektief en op **bedrieglike** wyse Skrifgedeeltes aanhaal van Ou Testamentiese skrywers se verwysings na *"die goddelose"* (die ses onrein nasies), en dan voorgee asof dit op Vader se *"regverdige geslag"* (Israel) dui. Volgens Rom 3:10-18 het Israel slégs 'n sondige natuur, en is daar *"niemand wat goed doen nie."* Met hierdie valse lering skep Paulus die nodigheid vir sy ewe-valse *"genade sonder verdienste"* lering.

- **Behalwe dat Paulus die Skrif herhaaldelik en opsetlik buite verband aanhaal en dus misbruik, skep hy ook sy eie leringe téén die Skrif!**

- Paulus word **onweerlegbaar** as valse apostel uitgewys! Hier is nie vertaalfoute ter sprake nie, of dat ons hom kastig nie reg verstaan, of dat iemand aan sy briewe verander het nie!
- Hieruit kan ons weereens verstaan waarom die Korinthiërs hom kon beskuldig het; **hy vervals die Woord van Elohim! [94]**

Kom ons kyk weer na die besonder raak woorde van Baigent and Leigh, die skrywers van die boek; *The Dead Sea Scrolls Deception*:

> *"It must be emphasised that Paul is, in effect, the first 'Christian' heretic, and that his teachings – which become the foundation of later Christianity – are flagrant deviation from the 'pure' form extolled by the leadership."*

---

**[94]** Predikers wat hiervan kennis neem en voortgaan om Paulus te verkondig, is sekerlik aandadig aan sy bedrog? Ons lees in Dan 12:4 dat in die tyd van die einde *"die kennis sal vermeerder",* en kyk net hoeveel beter verstaan ons vir 'Paulus en Kerk' vandag!

Paulus se listigheid herinner aan die misleiding van sy geesgenoot toe hy in die tuin vir Eva mislei het: *"Toe sê die slang vir die vrou: Julle sal gewis nie sterwe nie."* (Gen 3:4). Vandag weet ons watter rampspoedige gevolge dit teweeg gebring het deurdat Eva nie by Vader se bevele gebly het nie! Wat is die *"slang"* se boodskap vandag aan ons? *Ag, moet julle nou nie steur aan al jul sondes en aan jul Vader se bevele nie, Hy is julle mos genadig.* Maar is dit nie presies wat Paulus leer nie? *"Want die sonde sal oor julle nie heers nie; want julle is nie onder die wet nie, maar onder die genade."* (Rom 6:14).

■ Vader het vir ons duidelike riglyne gegee i.v.m. ons voedsel:

*"Daarom moet julle onderskeid maak tussen die rein en onrein diere, en tussen die onrein en rein voëls; en maak julleself nie 'n gruwel deur diere of deur voëls of deur enigiets wat op die aarde roer nie — wat Ek vir julle afgesonder het deur dit onrein te verklaar."* (Lev 20:25).

Maar met jou Bybel oopgeslaan by Paulus, kan mens saam met hom sê:

- *"[23]Alles is my geoorloof... [25]Eet alles wat in die slaghuis verkoop word sonder om navraag te doen..."* (1 Kor 10:23, 25).
- *"Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank..."* (Kol 2:16).
- *"Ek weet en is oortuig in Jesjuwa dat niks op sigself onrein is nie, maar hy wat reken dat iets onrein is, vir hom is dit onrein."* (Rom 14:14).

Volgens Paulus is daar niks wat *"op sigself onrein is nie",* terwyl Vader spesifiek vir ons sê wat is onrein voedsel! Maar Paulus en die Kerk verkondig **presies** die teenoorgestelde as wat die res van die Bybel ons leer! **[95]**

- *"[3]'n volk wat My gedurigdeur in die aangesig terg... [4]wat varkvleis eet, en daar is brokke onrein vleis in hulle skottels."* (Jes 65:3-4) **[96]**
- *"... wat varkvleis eet en verfoeisels en muise – almal saam sal hulle tot niet raak, spreek JHWH."* (Jes 66:17).

Dit lyk asof Paulus onder skoot gekom het vir sy totaal onskriftuurlike leringe, want in sy tweede brief aan die Korinthiërs skryf hy nou die teenoorgestelde:

> *"[6:17]...raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem ... [7:1]Terwyl ons dan hierdie beloftes het, geliefdes, laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig, en laat ons die heiligmaking in die vrees van Elohim volbring."* (2 Kor 6:17; 7:1).

*"Raak nie aan wat onrein is nie"* beteken in die eerste plek, die verwerping van onrein voedsel. Hierdie belangrike voorskrifte in Vader se 'Handboek' (Lev 11 en Deut 14), is **slégs** op Israeliete van toepassing (Deut 14:2, 21), en sal nie deur die Kerk verkondig word nie, omdat hierdie Bybelse voorskrifte nie op die Roomse Kerk van toepassing is nie. (Ps 147:19-20; Hand 16:21).

---

**[95]** Matt 15:11 veroorsaak soms baie verwarring: *"Nie wat in die mond ingaan, maak die mens onrein nie; maar wat uit die mond uitgaan..."* Uit die konteks (Matt 15:18-**20**) sien ons Hy het bedoel dat ons nie bevuil word indien ons nie eers ons hande was nie. Matt 15:11 handel dus oor skoon of vuil hande, en nie die soort kos nie. Jesjuwa het nié Vader se voedselwette gekanselleer soos sommige predikers graag verkondig nie! En Petrus moes nie onrein diere eet nie, dit is mense wat rein gemaak is (Hand 10:10-28).

**[96]** Ons tart Vader met die eet van krewe, mossels, slakke, calamari, ens. Die Bybel leer: *"Maar alles wat geen vinne en skubbe het nie, mag julle nie eet nie."* (Deut 14:10).

■ Jesjuwa wat self deur Johannes die Doper gedoop is (Matt 3:16), het gesê:

- *"[15]Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom* [oorspronklike geskapenes (G2937)]. *[16]Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word..."* (Mark 16:15-16).
- *"[28]Want Ek sê vir julle, onder die wat uit vroue gebore is, is daar geen profeet groter as Johannes die Doper nie... [29]En toe die hele volk en die tollenaars dit hoor, het hulle Elohim geregverdig deur hulle te laat doop met die doop van Johannes."* (Luk 7:28-29).

Sonder om hul bekeerlinge ook te (groot)doop, sou die apostels se werk dus vrugteloos gewees het, maar Paulus beweer:

- *"Want Messias het my nie gestuur om te doop nie, maar om die evangelie te verkondig..."* (1 Kor 1:17).
- *"[14]Ek dank Elohim dat ek niemand van julle gedoop het nie, behalwe Crispus en Gajus, [15]sodat niemand kan sê dat ek in my naam gedoop het nie. [16]Ek het ook nog die huisgesin van Stéfanus gedoop. Verder weet ek nie of ek iemand anders gedoop het nie."* (1 Kor 1:14 - 16). **[97]**

Sy optrede regverdig Dr. Schonfield se siening dat hy bloot getalle wou werf waarmee hy die ware apostels in Jerusalem omver kon werp, want behalwe dat hy aan almal vertel het wat hulle graag wou hoor (1 Kor 9:20-22), was sy prediking sonder die doop, vrugteloos! Hy het ook nie sy 'bekeerlinge' aangesê om hulle elders te laat doop nie. Sy optrede is ooglopend in stryd met Jesjuwa se opdrag aan die ware apostels, wat weereens daarop dui dat Jesjuwa hom nie gestuur het, of in direkte kommunikasie met hom was nie.

■ Paulus het nog twee maniere uitgedink waarmee hy mense wat hóm volg, die hemel belowe. Die eerste vind ons in sy eerste brief aan die Korinthiërs:

> *"Want die ongelowige man is geheilig deur die vrou, en die ongelowige vrou is geheilig deur die man..."* (1 Kor 7:14).

Maar ongelukkig is daar nou bepalings en voorwaardes gekoppel aan hierdie wonderlike uitkoms vir ongelowiges, want net twee verse verder skryf hy:

> *"Want hoe weet jy, vrou, of jy die man sal red; of hoe weet jy, man, of jy die vrou sal red?"* (1 Kor 7:16).

---

**[97]** Die apostels hét na die opvaring voortgegaan met die 'doop na bekering', maar Paulus verkondig dit nie, waarskynlik omdat die doop slegs as 'n instelling binne Israel gesien moet word, en Paulus 'n Fariseër was. Net soos Jesjuwa nie die Fariseërs wou genees nie (Matt 13:10-15), het Johannes die Doper geweier om hulle te doop: *"Maar toe hy baie van die Fariseërs en Sadduseërs na sy doop sien kom, sê hy vir hulle: Addergeslag, wie het julle aangewys om te vlug vir die toorn wat aan kom is?"* (Matt 3:7).

Die tweede manier geld ongelukkig net vir vrouens:

> *"Maar sy sal gered word deur kinders te baar, as hulle bly in geloof en liefde en heiligmaking, met ingetoënheid."* (1 Tim 2:15).

Hierdie leringe is natuurlik **totaal** onbybels! Hoe kan ons predikers en ander geleerdes Paulus ernstig opneem en sy apostelskap regverdig en verdedig?

■ Weens die belangrikheid daarvan, vind ons talle geslagsregisters in die Skrif. Die byhou daarvan was 'n waardevolle hulpmiddel om o.m. te verhoed dat die twaalf stamme van Israel met die ander rasse of volke vermeng.

> *"[18]En hulle moes in die geslagsregister opgeneem word met al hulle kindertjies, hul vroue en hul seuns en hul dogters... [20]En so het Jehiskía in die hele Juda gedoen: hy het gedoen wat goed en reg en trou was voor die aangesig van JHWH sy Elohim."* 2 Kron 31:18, 20). Maar Paulus weet blykbaar nou beter as die Almagtige en skryf:
>
> *"...vermy dwase strydvrae en geslagsregisters en twis en stryery oor die wet, want dit is nutteloos en doelloos."* (Titus 3:9).

Koning Jehiskía *"het gedoen wat goed en reg en trou was",* maar Paulus leer dat ons geslagsregisters moet *"vermy".* Let op dat Paulus nêrens Vader en Seun se leringe teen verbastering herhaal of leer nie! Sy minagting t.o.v. die hou van geslagsregisters, dui daarop dat dit nooit sy doel was dat Israel suiwer moet bly nie, en dit is tog een van die Bybel se **méés** fundamentele opdragte! **[98]** Net soos sommige van ons kerke van vandag, was hy subtiel besig om Vader se ware boodskap teen te staan, en om sy uitverkore volk uit te wis, want Israel kan slegs voortbestaan in 'n suiwer bloedlyn.

■ Paulus leer van vroue:

- *"[34]Julle vroue moet in die gemeentes swyg; want dit is hulle nie toegelaat om te spreek nie, maar om onderdanig te wees, soos die wet ook sê. [35]Maar as hulle iets wil leer, laat hulle tuis hul eie mans vra, want dit is lelik vir vroue om in die gemeente te spreek."* (1 Kor 14:34-35).
- *"[11]Die vrou moet haar in stilte laat leer in alle onderdanigheid. [12]**Ek** laat die vrou egter nie toe om onderrig te gee of oor die man te heers nie, maar sy moet haar stil hou."* (1 Tim 2:11-12).

---

**[98]** Waarom is dit dan nie deel van die tien Gebooie nie? Die sewende gebod: *"Jy mag nie egbreek nie"* (Exo 20:14), word ooglopend verkeerd vertaal. Die Hebreeuse woord; *nâ'aph* (H5003) adulterate, beteken; *vervals, knoei met; verdun, meng; verwater, oneg, geskandvlek, baster*. (Reader's Digest). Die sewende gebod moet dus eerder lees: **Jy mag nie vermeng nie.** Die ware boodskap van hierdie gebod word waarskynlik opsetlik versteek, want dit is die bose se strewe om die blanke uit te wis, en een van hul metodes is om ons te laat vermeng. Die totale samelewing is deesdae ingestel hiervoor.

Hoe moet vroue dan leer indien hul mans nie die antwoord het nie, hul mans nie in die Skrif belang stel nie, of hulle nie 'n man het nie? En om sy misleiding te versteek, vermeng Paulus die waarheid en die leuen, want dit is waar dat die vrou nie oor die man mag heers nie: *"...na jou man sal jou begeerte wees, en hy sal oor jou heers"* (Gen 3:16). Daar was ook nie vroue spesifiek as priesters aangestel nie, maar die res van Paulus se leringe oor die vrou is in werklikheid direk in stryd met die getuienisse uit die Skrif. Rig 4:4-5 lees:

- *"[4]En Debóra, 'n profetes, die vrou van Láppidot, het in dié tyd Israel gerig; [5]...en die kinders van Israel het na haar opgegaan vir regspraak."*

Hier dien 'n vrou as 'n rigter, en is in beheer van al twaalf stamme van Israel! En Wie het die rigters aangestel?

> *"naamlik van die dae af dat Ek* [Vader JHWH] *Rigters oor my volk Israel aangestel het..."* (1 Kron 17:10).
>
> *"En wanneer JHWH vir hulle rigters verwek, was JHWH met die rigter om hulle te verlos uit die hand van hul vyande al die dae van die rigter..."* (Rig 2:18).

Vader het 'n vrou aangestel waarheen Israel *"opgegaan het vir regspraak",* maar Paulus sê: *"**Ek*** [Let wel] *laat die vrou egter nie toe om onderrig te gee"* nie. Paulus verwys nie na Vader se wette nie, maar dink self sy eie wette uit!

- Ons lees ook van *"...Anna, 'n profetes, die dogter van Fánuel, uit die stam van Aser."* (Luk 2:36).
- Spreuke beskryf die voortreflike vrou: *"Haar mond maak sy oop met wysheid, en vriendelike onderrigting is op haar tong."* (Spr 31:26).
- Die Esseners (wat verbind word met die Dooie See Rolle) het volgens die Cayce rekords, op 'n stadium 'n vrou as hul hoof gehad:

  *"The individual most important in this portion of the story is a woman named Judy, 'the first of women,' appointed as head of the Essenes group..."* (Anne Read, *On Jesus and His Church*, p. 24).

Kan ons geleerdes nie sien daar is fout met Paulus se leringe nie? Die vernederings wat Paulus vroue aandoen, is tog ooglopend onbybels! Dit is dikwels vroue wat met hul verskerpte intuïsie, indrukke of boodskappe vanaf Vader ontvang. Die verwarring wat in die Christendom heers kan wél die intellek mislei, maar Sy Gees *"herinner"* ons (Joh 14:26) d.m.v. ons intuïsie om weer die pad te vind. Is dít wat die duisternis (d.m.v. Paulus) wil verhoed?

■ Aan die Korinthiërs skryf Paulus:

> *"As iemand Jesjuwa Messias nie liefhet nie, laat hom 'n vervloeking wees! Maranáta!"* (1 Kor 16:22).

Wat Paulus doen, is om almal te vervloek wat nog nie met die Woord bereik is nie! **[99]** Sou Jesjuwa hierdie vervloeking van sy verstrooide skape kondoneer wat nog nie bereik is nie? (Matt 10:23b). Beslis nie! In Luk 6:28 leer Hy:

> *"Seën die wat vir julle vervloek, en bid vir die wat julle beledig."* **[100]**

Op watter wyse sê Jesjuwa moet ons wys dat ons hom liefhet?

> *"As julle My liefhet, bewaar my gebooie."* (Joh 14:15).

Maar wat sê Paulus (soms) van die gebooie?

> *"deurdat Hy in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het, naamlik die wet van gebooie wat in insettinge bestaan..."* (Ef 2:15).

Jesjuwa leer dat ons Hom liefhet as ons sy gebooie bewaar, maar Paulus leer dat Jesjuwa die *"wet van die gebooie"* tot niet gemaak het! As ons Paulus glo, kan ons dus nié Jesjuwa se gebooie bewaar nie! Maar (waarskynlik vir die skyn) sê hy dat iemand 'n vervloeking is as hulle nié Jesjuwa liefhet nie, terwyl hy keer dat ons (met die nakoming van die gebooie) liefde aan Jesjuwa kan betoon. Kan Satan ons nog erger mislei as wat Paulus dit doen?

■ *"Want al is Hy gekruisig in swakheid, lewe Hy tog uit die krag van Elohim."* (2 Kor 13:4).

Hoe durf Paulus sê dat ons Gesalfde *"in swakheid"* gekruisig is? Hier kom die Edomiet in Paulus weer na vore! Hy is besig om Jesjuwa, wie hy voorgee om te verkondig, te verlaag en te verneder! Nadat Jesjuwa gevange geneem is, sê Hy vir Petrus (Joh 18:10) wat die swaard getrek het:

- *"Of dink jy dat Ek nie nou my Vader kan bid en Hy vir My meer as twaalf legioene van engele beskikbaar sal stel nie?"* (Matt 26:53).
- *"[17]Daarom het die Vader My lief, omdat Ek my lewe aflê om dit weer te neem. [18]Niemand neem dit van My nie, maar Ek lê dit uit Myself af. Ek het mag om dit af te lê en Ek het mag om dit weer te neem."* (Joh 10:17-18).

Jesjuwa het in *"mag"* opgetree, nie in *"swakheid"* soos Paulus beweer nie! Dit is géén wonder dat die Israeliete hom telkens wou doodmaak nie, want hierdie beledigende verwysing na ons Gesalfde ontbloot sy ware sentiment.

---

**[99]** Met hierdie uitlating versteek Paulus seker ook sy eie haat vir Jesjuwa, want hy was deur 'n Talmoediese leermeester (Gamáliël) opgelei, en die Talmoed leer uitdruklik dat Jesjuwa die vyand is. Ons gaan later sien wat Paulus se ware motiewe was en watter haat hy vir Jesjuwa en sy volk gehad het, deur persoonlik die slagting van meer as 'n miljoen Israeliete en die vernietiging van Jerusalem en die tempel te bewerkstellig.

**[100]** Soos in al sy leringe het Paulus homself weerspreek: *"seën die wat julle vervolg, seën en moenie vervloek nie"* (Rom 12:14). Ons het niemand nodig om te bewys dat Paulus 'n valse en teenstrydige evangelie verkondig het nie—hy doen dit sommer self!

Indien ons in gedagte hou dat Paulus in wese 'n Fariseër was en ook in die Talmoed opgelei was, kan mens maklik insien waarom hy so skryf, aangesien Jesjuwa se magtige verlossingsdaad in die Talmoed verkleineer word:

> *"Die Talmoed... verkleineer sy persoon en skryf aan Hom buite-egtelike geboorte toe, towerkuns en 'n skandelike dood."* (J. Malherbe, *Bestudeer die feite en begryp die Bybel*).

■ Paulus leer: *"Want die hele wet word vervul in een woord, naamlik: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself."* (Gal 5:14).

Jesjuwa leer: *"37...Jy moet JHWH jou Elohim liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. 38Dit is die* ***eerste*** *en* ***groot gebod.*** *39En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. 40Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete."* (Matt 22:37 - 40).

Paulus leer dat ons die *"hele wet"* nakom met naasteliefde! Was liefde teenoor ons Vader per abuis weggelaat? Waarskynlik nie, want die Fariseërs het Jesjuwa gehaat, en Jesjuwa leer: *"Wie my haat, haat ook my Vader."* (Joh 15:23). Paulus kon tydens sy toneelspel horisontale liefde teenoor die naaste bevorder, maar hy kón eenvoudig nie liefde teenoor ons Vader bevorder nie, want Jesjuwa leer; die Fariseërs *"...het die duiwel as vader..."* (Joh 8:44).

Met die nakoming van die eerste vier gebooie betoon ons ons liefde teenoor Vader, en ons betoon liefde teenoor ons naaste met die nakoming van die orige ses gebooie. Let op dat toe Paulus die tien Gebooie in sy brief aan die Israeliete in Rome 'aanhaal', hy óók nie die eerste vier gebooie noem nie:

> *"8...want hy wat 'n ander liefhet, het die wet vervul. 9...Jy mag nie egbreek nie, jy mag nie doodslaan nie, jy mag nie steel nie, jy mag geen valse getuienis gee nie, jy mag nie begeer nie, en watter ander gebod ook al, word in hierdie woord saamgevat: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself."* (Rom 13:8-9). (Terloops, ons naaste is volksgenote: Lev 19:18).

Weer word ons eerste verpligting (liefde vir ons Vader) deur Paulus weggelaat! Paulus lei sy volgelinge na die verderf, want sonder die nakoming van die eerste vier gebooie het ons *"aan almal skuldig geword"* (Jak 2:10). **[101]**

---

**[101]** Is dit nie 'n slinkse werkwyse dat Paulus juís doen waarteen hy predik nie? Hy vereer die skepsel i.p.v. die Skepper, maar in Rom 1:25 skryf hy van: *"... hulle wat die waarheid van God verruil het vir die leuen en die skepsel vereer en gedien het bo die Skepper…"* Kan die vlaag van homoseksualisme en lesbiërs daaraan toegeskryf word dat mense oor die algemeen nié die eerste vier gebooie onderhou nie? (Rom 1:26-27).

Die tien Gebooie in Matt 19:18-19, Mark 10:19, en Luk 18:20, is óók sonder die eerste vier gebooie! Het húlle wat Vader haat (en die Bybel vir eeue weerhou het) dit verwyder?

## 16 <u>Is die wet vandag nog van toepassing?</u>

Ons het reeds gesien Paulus leer; *“nou is ons ontslae van die wet”* (Rom 7:6), maar dat hy ook <u>die teendeel</u> leer; dat *“die daders van die wet geregverdig sal word.”* (Rom 2:13). Dit is egter op Paulus se leringe **téén** die wet waarop kerke gewoonlik hul dogma en leringe grond. Die vraag is nou; is ons onder genade, of ís die wet vandag nog van toepassing? Paulus spel dit uit as volg:

- *“Want die sonde sal oor julle nie heers nie; want <u>julle is nie onder die wet nie, maar onder die genade.</u>”* (Rom 6:14).
- *“Julle wat geregverdig wil wees deur die wet, is losgemaak van Messias; julle het van die genade verval.”* (Gal 5:4).

■ Kom ons kyk wat leer die Bybel wérklik oor hierdie **uiters belangrike** saak:

- Aan die einde van sy bergpredikasie noem ons Meester die vereistes om in te gaan in die koninkryk van die hemele. Ons lees in Matt 7:21-23:

*“21 Nie elkeen wat vir My sê: Meester, Meester! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy <u>wat die wil doen</u> van <u>my Vader</u>* [O/T] *wat in die hemele is. 22 Baie sal in daardie dag vir My sê: Meester, Meester, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? 23 En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die <u>ongeregtigheid</u> werk!”*

Die Griekse woord, *anŏmia* (G458), wat na *“ongeregtigheid”* vertaal word, beteken ook; *violation of law* of *transgress (-ion of) the law.* Om ‘ongeregtigheid te werk’ (om sonder die Tora te leef) was in die Bybel se tyd ’n erkende spreekwyse, en moet as sulks deur die vertalers in ag geneem word. **[102]** Snaaks genoeg, dit is korrek vertaal in die *1983 Nuwe Vertaling.* Daar staan:

> ***“Gaan weg van My af, julle <u>wat die wet van Elohim oortree</u>”*** (Matt 7:23).

Die vertalers het dus in meeste Afrikaanse Bybels Jesjuwa se <u>uiters</u> belangrike lering vervals/versteek, en dit is; dat <u>die nakoming van die wet</u> die grootste voorvereiste is om in te gaan *“in die koninkryk van die hemele”.* **[103]**

Hier sien ons dat Paulus (wat voorgee dat hy Jesjuwa se evangelie verkondig), in werklikheid <u>presies die teenoorgestelde</u> leer as wat Jesjuwa ons leer!

> **Jesjuwa leer in Matt 7:23 dat Hy diegene gaan wegstuur wat die wet oortree, en Paulus leer ons in Gal 5:4 om <u>nie</u> die wet te onderhou nie!**

---

**[102]** Dieselfde Griekse woord word wél in 1 Joh 3:4 as wetteloosheid vertaal: *“Elkeen wat die sonde doen, doen ook <u>die wetteloosheid</u>...”* Nou kén die vertalers die betekenis!

- Jesjuwa verklaar een van sy gelykenisse aan sy dissipels, en gee daardeur ook vir ons 'n insig wat sal gebeur by *"die voleinding van die wêreld"*:

  *"40 Net soos die onkruid bymekaargemaak word en verbrand word, so sal dit ook wees by die voleinding van die wêreld. 41 Ek, die Seun van die Mens, sal my engele uitstuur. Hulle sal alles wat sonde veroorsaak en almal* ***wat Elohim <u>se wet</u> oortree*** **[104]** *uit my koninkryk verwyder 42 en hulle in die brandende oond gooi. Daardie mense sal bitterlik huil en van selfverwyt op hulle tande kners. 43 Dan sal dié wat reg voor Elohim gelewe het, soos die son skitter in die koninkryk van hul Vader.* **[105]** *Elkeen wat kan hoor, <u>moet goed luister</u> na wat Ek sê."* (Matt 13:40 - 43, *2006 NLV* ).

<u>Almal</u> van ons *"moet goed luister".* Ons tyd raak min, en ek <u>smeek</u> u om asb. die geleenthede te gebruik wat daar nog is! Enigiemand wat nog nie van Paulus afstand gedoen het en teruggekeer het na die Bybel (sonder Paulus) se voorskrifte nie, moet dit asb. onverwyld doen! Ons ewige lewe is op die spel! Ons bepaal self of ons deur Jesjuwa weggestuur gaan word, en of ons *"soos die son skitter".* Ek <u>smeek</u> ook ons volk se herders om hulself te bekeer van Paulus en om terug te keer na die kosbare leringe van Vader en Seun; leringe wat die potensiaal het om die slapende siel weer op te wek!

- *"As 'n mens die besnydenis op die Sabbat ontvang, sodat <u>die wet van Moses nie verbreek mag word nie</u>, is julle kwaad vir My, omdat Ek 'n mens op die Sabbat heeltemal gesond gemaak het?"* (Joh 7:23).

---

**[103]** Die vertalers van talle Engelse Bybels het volgens die betekenis van die spreekwoord (en dus Jesjuwa se bedoeling) hierdie kosbare teks (Matt 7:23) korrek vertaal:
*Literal Translation of the Holy Bible*: *"…depart from Me, those <u>working lawlessness!</u>"*
*1889 Young's Literal Translation*: *"…depart from me ye who are <u>working lawlessness.</u>"*
*Analytical Literal Translation*: *"…be departing from Me, the ones <u>practicing lawlessness!</u>"*

In die *2006 Nuwe Lewende Vertaling* het die vertalers Jesjuwa se **krities belangrike** lering laat verlore gaan, en lees nou as volg: *"Gaan weg van My af! Julle het nie gedoen wat voor Elohim reg is nie."* **Miljoene** Christene is <u>totaal onbewus</u> dat Jesjuwa leer dat die <u>nakoming van die wet</u> die sleutelrol speel in die bepaling van ons lot, omdat die vertalers skynbaar **doelgerig** poog om ons te mislei! Die preke wat Christene in hul kerke hoor, is <u>direk in stryd</u> met wat Jesjuwa leer, want die Kerk se geloofsbelydenis en dogma is hoofsaaklik <u>op Paulus</u> se valse en misleidende *"genade sonder verdienste"* gegrond.

**[104]** Hierdie tekste kom uit die *2006 Nuwe Lewende Vertaling*, en hier is die Griekse woord *anŏmia* nou wél as 'die oortreding van Vader <u>se wet</u>' vertaal. Waarom kon die vertalers dit nie by Matt 7:23 in <u>dieselfde</u> Bybel reg vertaal nie? Woorde kan wél volgens die konteks verskillend vertaal word, maar in Matt 7:23 is die boodskap slinks versteek!

**[105]** En hoe sal ons *"reg voor Elohim"* lewe? Natuurlik deur gehoorsaam te wees aan Vader se wette: *"Elkeen wat die sonde doen, doen ook die wetteloosheid, want die sonde is wetteloosheid."* (1 Joh 3:4). <u>Die apostel Johannes waarsku ons hiermee dat die navolg van Paulus se wettelose leringe, niks anders is as die doen van sonde nie!</u>

Jesjuwa leer dat *"die wet van Moses nie verbreek mag word nie",* asook: *"Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde sal nooit verbygaan nie."* (Matt 24:35). Jesjuwa sou nie leringe gee wat (soos die Kerk beweer), ná die opvaring nie meer geldig is nie. Volgens Joh 7:23 en Matt 24:35 mag die wet van Moses, ook in vandag se tyd, **nié** verbreek word nie!

- Sommige predikers gebruik graag Matt 5:17 om aan te toon dat Jesjuwa die wet *"vervul"* het, en dit nie meer nagekom hoef te word nie. Dit lees:

  *"Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul."* (Matt 5:17). **[106]**

Hier staan egter twee keer dat Hy nié gekom het *"om die wet of die profete te ontbind nie".* Om dubbel seker te maak ons verstaan sy belangrike lering, herhaal en bevestig Jesjuwa in vers 19 weereens die geldigheid van die wet:

*"Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele."* (Matt 5:19).

- Net soos Paulus se briewe, bied Handelinge geen vaste basis vir lering nie, maar ongeag of hierdie deel dalk latere byskrywing is, sien ons dit word steeds in die Nuwe Testamentiese era as 'n groot aanwins beskou indien bekeerlinge oorgehaal kon word om die wet met ywer te onderhou:

  *"En toe hulle dit hoor, het hulle JHWH verheerlik en vir hom gesê: U sien, broeder, hoeveel duisende Jode* [Judeërs] *daar is wat gelowig geword het, en almal is yweraars vir **die wet**."* (Hand 21:20).

■ Die Ou Testament handel nie alleen oor die verlede nie, maar strek sy geldigheid tot in die eindtyd, asook in die komende hersteltydperk. Die volgende Skrifgedeeltes dui op die belangrikheid van die wet in ons huidige tydvak:

- In Jes 24:1, 3 word 'n skrikwekkende beeld van toekomstige gebeure geskets wanneer die aarde en sy bewoners deur 'n verwoesting getref word:

  *"[1]Kyk, JHWH maak die aarde leeg en verwoes dit, en Hy keer sy oppervlakte om en verstrooi sy bewoners. [3]Die aarde word heeltemal leeg gemaak en heeltemal geplunder, want JHWH het hierdie woord gespreek."*

---

**[106]** Die bedoeling van die Griekse teks word pragtig uitgespel in hierdie vertaling: "*Do not think that I have come to do away with the Law of Moses and the teachings of the prophets. I have not come to do away with them, but to make their teachings come true*" (Mat 5:17, *Good News Bible*). 'n Skrifnavorser, Welburn, haal 'n Aramese teks aan: *"… neither to take away nor to add to the Law of Moses."* Hierdie meer betroubare teks gebruik nie die woord *"vervul"* nie en laat nie ruimte vir moedswillige waninterpretasie nie.

En waarom hierdie erge verwoesting? Die antwoord vind ons in Jes 24:5-6:

> *"[5]Want die aarde is ontheilig onder sy bewoners; want hulle het die wette oortree, die insetting geskend, die ewige verbond verbreek. [6]Daarom verteer die vloek die aarde en moet sy bewoners boet; daarom word die bewoners van die aarde deur 'n gloed verteer en bly daar min mense oor."*

In hierdie studie kan ons duidelik sien waarom "*die wette oortree, die insetting geskend, die ewige verbond verbreek"* word—'n sekere Fariseër het ons wysgemaak *"...nou is ons ontslae van die wet waardeur ons gebonde was..."* (Rom 7:6). Dat Paulus se wettelose leringe 'n strik is van die bose, word nou duidelik, want die leringe van al die Paulus-kerke het gelei na ons huidige geestelike laagtepunt, Vader se woede, en die komende verwoesting! **[107]**

- Die Skrif leer dat dit Vader is wat ons aan die plunderaars oorgee indien ons nie sy wette onderhou nie, maar die vertalers **versteek** die boodskap:

> *"[14]Ek het baie lank geswyg, My stil gehou, My bedwing. [21]Dit het JHWH behaag ter wille van sy geregtigheid om die onderwysing* **[108]** *groot en heerlik te maak. [24]Wie het Jakob oorgegee as 'n plundering en Israel aan die berowers? Is dit nie JHWH teen wie ons gesondig het nie? En hulle wou in sy weë nie wandel nie en het na **sy wet** nie geluister nie.* **[109]** *[25]Daarom het Hy oor hulle uitgestort die gloed van sy toorn en die geweld van die oorlog; en dit het hulle rondom aan die brand gesteek, maar hulle het dit nie bemerk nie; en dit het hulle gebrand, maar hulle het dit nie ter harte geneem nie."* **[110]** (Jes 42:14, 21, 24-25).

---

**[107]** Kyk net in watter gevaar is ons; diegene op wie die verpligting rus om die wet te onderhou (Israel), besef nie eens wie hulle is nie! Weens die georkestreerde misleiding oor die eeue, besef ons (Israel) nie dat ons die wet moet onderhou nie! Daar is egter 'n baie vinnige ontwaking besig om plaas te vind. Israel staan skynbaar in vir alle volke en gelowe op aarde: *"Julle alleen het Ek geken uit al die geslagte* [volke/rasse] *van die aarde; dáárom sal Ek by julle besoeking doen oor al julle ongeregtighede."* (Amos 3:2).

**[108]** Hier moet staan; "Tora" of "wet", maar is vertaal as; *"onderwysing".* Is dit 'n poging om die geldigheid van die wet vir ons te versteek? Drie verse verder (vers 24), weet die vertalers skielik dieselfde Hebreeuse woord; *tôrâh* (H8451) beteken "wet." In die *1983 Nuwe Vertaling* staan: *"JHWH het vreugde daaraan om getrou te wees, Hy laat sy woord roem en eer ontvang."* "Wet" is uitvertaal en die boodskap is heeltemal verander!

**[109]** In die *1983 Nuwe Vertaling* is vers 24 as volg vertaal: *"Wie het van Jakob 'n gevangene gemaak, wie het vir Israel oorgegee aan dié wat buit gemaak het? Is dit nie JHWH nie, Hy teen wie ons gesondig het? Ons wou nie sy wil doen nie, ons wou nie na sy woord luister nie."* Weereens is die boodskap dat Vader JHWH ons oorgegee het aan die plunderaars omdat ons nie **die wet** onderhou nie, uitvertaal! Dieselfde vind ons in die *2006 Nuwe Lewende Vertaling*: *"...Hulle wou nie doen soos Hy vereis het nie. Hulle wou nie na sy woord luister nie."* Die woorde *"sy woord"* word gebruik in stede van *"die wet".* Weens hierdie vervalsings is Christene onbewus dat die wet stééds geldig is!

- *"Hoor aarde! Kyk, Ek bring onheil oor hierdie volk, die vrug van hulle planne; want na my woorde het hulle nie geluister nie, en my wet, dié het hulle verwerp."* (Jer 6:19). Lees asb. ook Deut 31:29 en Mal 4:4.

  *"[4]Sy profete is ligsinnig, trouelose manne, sy priesters verontreinig wat heilig is, hulle verkrag die wet. [7]Ek het gesê: Mag jy My maar vrees, tugtiging aanneem!* **[111]** *Dan sou sy woonplek nie uitgeroei word nie, nie plaasvind alles wat Ek teen hom bestel het nie...* **[112]** *[8]...Want die ganse aarde sal deur die vuur van my ywer verteer word!"* (Sef 3:4, 7-8b). **[113]**

---

**[110]** Ons neem óók nie ons straf ter harte nie want ons besef nie ons is in 'n strafgerig nie! Meeste volksgenote is steeds verjeug oor ons huidige demokratiese stelsel waarby 'versoening' en 'vrede' verkry is, en glo dit is Vader se wil. Ons verstaan eenvoudig nie dat ons in 'n duiwelse strik gevang is nie, en dat integrasie 'n onbybelse beginsel is nie! Dit is die Kerk wat ons in hierdie toestand van verknegting gelei het, en wat nog noodwendig in 'n volkslagting gaan eindig! Ons is daagliks besig om Vader al verder te vertoorn deurdat ons 'n valse evangelie van totaal misplaaste liefde volg, in stede van Jesjuwa se evangelie van afsondering! Dit is futiel om oplossings op 'n politieke vlak te soek, want die oorsake van ons verdrukking lê op die geestelike vlak! Die duiwel sorg dus bloot daarvoor dat ons teen Vader sondig (stuur vir Paulus om 'n godsdiens te begin **sonder die wet**) en deur Paulus te volg, bemagtig **ons** al ons haters om ons te plunder!

Tevore het die Kerk die weg na die koninkryk versper deur vervolging en om die Bybel te weerhou; vandag doen hulle dit deur valse leringe en om die Bybel al verder te vervals.

Cohen van die *Council of Foreign Relations* sê die volgende: *"Through most of your churches you are supporting the SA Council of Churches, which is controlled by the Revolutionary Movement,* ***which is controlled by us****... We have infiltrated your churches to make your faith seem like a fairy story, to turn you away from* ***your*** *God... You have not even realized that He can only work through a pure bloodline...like sheep you throw away your Bible and open up your schools... ...*[you] *do not even know that you originally came from the Biblical lands. Because you do not know, we have tricked you out of your heritage."* (Susan Pöhl, *Geloftevolk Ontwaak!* Herdruk uit die *Roepstem*).

**[111]** Diegene wat nie in *"lydsaamheid"* (Opb 3:10) ons verdrukking aanvaar nie, en met allerlei 'slim' planne poog om die juk af te gooi, sonder om die wette na te kom van Hóm wat die juk op ons geplaas het, **rebelleer téén die Wetgewer!** Dit skep ook die gevaar dat ons huidige omstandighede nog *"sewevoudig"* vermeerder (Lev 26:14 - 35).

**[112]** Die Bybel leer ons word geseën of gestraf volgens ons dade! Vader het reeds 90 jaar gelede 'n engel na Johanna Brandt gestuur met 'n boodskap vir ons huidige tyd: *"Gij sijt geroepe om uw volk te waarsku ... Bereid die volk van Suid Afrika voor, maak een beroep op die ganse land... om in geregtigheid verenigd te wees, om alle politieke en persoonlike geskille te laat sink in een poging om die mag van die storm te breek. ...die oordeel wat nie afgeweer kan word nie, kan versagt word—die verskrikkinge kan verkort word—rampe die niet vermelde kan word nie kan verminder word. Dit hang af... van die gehoor wat die volk daaraan sal gee."* (Johanna Brandt, *Die Millennium*, bl. 111).

**[113]** Hierdie is nie ydele woorde nie! Dieselfde natuurverskynsel wat die tien plae in Egipte veroorsaak het, kan ons weer tref (Opb 8 - 9). Lees: http://planetx.kolbrin.com/

■ Nie alleen is die nakoming van die wet 'n voorvereiste vir die ewige lewe nie, die wet gaan ook in die komende hersteltydperk nog stééds geldig wees:

- *"[3]dan sal JHWH jou Elohim jou lot verander en Hom oor jou ontferm; en Hy sal jou weer versamel uit al die volke waarheen JHWH jou Elohim jou verstrooi het. [8]Maar jy sal weer na die stem van JHWH luister en al sy gebooie doen wat ek jou vandag* [in Moses se tyd] *beveel."* (Deut 30:3, 8).
- *" [29]Die regverdiges sal die aarde besit en vir ewig daarop woon. [30]Die mond van die regverdige verkondig wysheid, en sy tong spreek reg. [31]Die wet van sy Elohim is in sy hart; sy gange sal nie wankel."* (Ps 37:29-31).
- *"Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel* [let op; die wet word dan nog steeds slégs aan Israel gegee] *sal sluit, spreek JHWH: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees."* (Jer 31:33).
- *"En Ek sal my Gees in jul binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen."* (Ese 36:27).
- *"Jehovah is well pleased for His righteousness sake; He will magnify the Law* **[114]** *and make it honorable.* (Isa 42:21, *MKJV*).
- *"En baie nasies sal heengaan en sê: Kom, laat ons optrek na die berg van* [die volk van] *JHWH en na die huis van die Elohim van Jakob, dat Hy ons in sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van JHWH uit Jerusalem."* (Miga 4:2).

■ In 'n vergelykende studie van al die godsdienste op aarde, is tot die slotsom gekom dat die Christelike godsdiens die enigste geldige godsdiens is. Maar nou sien ons dat 'n godsdiens sonder die wet (die Christendom), in werklikheid géén bestaansreg het nie, want ons is besig om Vader tot só 'n mate te vertoorn dat Hy die aarde en alles wat daarop is, gaan verwoes omdat sy volk (Israel—vir wie Hy die wet gegee het) **nié** sy wet onderhou nie! **[115]**

In beide die Ou én Nuwe Testament is dit heeltemal duidelik dat die wet **vandag nog** geldig is! **[116]** Weens ons versuim om dit na te kom, het ons 'n *"vloek"* op die aarde gebring en *"...word die bewoners van die aarde deur 'n gloed verteer en bly daar min mense oor."* (Jes 24:6). Maar hulle wat ons op die smal pad moet hou, is Sondag na Sondag besig om ons soos slagskape na verwoesting en verderf te lei! Wat gaan gebeur wanneer Christene begin begryp tot watter mate hul predikers hulle nog altyd bedrieg het? **[117]**

---

**[114]** In die *1953 AOV* word die Hebreeuse woord; *tôrâh* (H8451) as *"onderwysing"* vertaal in stede van "wet". In die *1983 NV* staan: *"Die Here het vreugde daarin om getrou te wees, Hy laat sy woord roem en eer ontvang."* Dit word versteek dat "wet" bedoel word.

**[115]** Ons volk moet terugkeer na **die wet!** Om aan Vader se Woord gehoorsaam te wees, sal ons eers ons groot struikelblok (die Kerk) moet oorkom. Maar daar **is** lig in die tonnel! Net soos met die eerste Volksvergadering te Vegkop in 2009, was die doel van die tweede Volksvergadering wat in Oktober 2010 te Nampo Park naby Bothaville gehou is, om ons volk na vryheid en verootmoediging te lei. Diegene teenwoordig het ons volk verteenwoordig, en daar is o.m. besluit dat ons moet terugkeer na die Bybel se wet! Is dit nie verruklik nie? Hierdie wilsbesluit verteenwoordig ʼn reuse oorwinning vir die waarheid en is seker een van die grootste gebeurtenisse in ons volk se geskiedenis!

**Die draaipunt is bereik!** Is daar in vandag se tyd nóg ʼn land in die wêreld waar die volk spontaan sal besluit om weer aan Vader se bevele gehoorsaam te wees? Ons gaan later sien wie is die volk wat in die eindtyd Vader se *"offerande"* (Sef 3:10, 14) gaan bring.

**[116]** ʼn Struikelblok vir talle Bybelstudente is: *"Want al die profete en die wet het tot op Johannes geprofeteer."* (Matt 11:13). Dit skep die indruk dat die wette nie meer geldig is ná Johannes die Doper nie. Indien ons ʼn ouer weergawe van Matthéüs raadpleeg (*Hebrew Gospel of Matthew,* Shem Tob), sien ons *"concerning"* is gebruik. Die teks het dus oorspronklik gelees: *Want al die profete en die wet het van Johannes geprofeteer.*

**[117]** Wie sal vandag Vader se skrikwekkende boodskap predik; dat die aarde aan die einde van dae verwoes gaan word omdat die inwoners "...*die wette oortree, die insetting geskend, die ewige verbond verbreek"* het? (Jes 24:1-6). Weens Paulus se verraderlike leringe, verkondig kerke dat ons dit juis **nie** moet onderhou nie! Ons eie predikers word aangewend vir ons verderf en vir die verwoesting van die aarde, en sonder dat hulle dit besef! Is dit nie ʼn meesterlike plan nie? Die rede vir hierdie verwoesting lê versteek binne die Christelike geloofstelsel, selfs binne-in ons Bybel—Paulus se briewe! En wie sien dit raak? Kennis van die Bybel kry beperkte aandag tydens predikers se opleiding, en in talle van die kerkgroepe word hul preke ook voorgeskryf. Maar laat ons argwaan nie gerig wees teen ons predikers nie, laat ons hulle liewer probeer terugwen na die Bybel se ware leringe (wat hulle nié ken nie), deur hierdie inligting aan hulle uit te wys.

Eers **nádat** ds. Ben Maree die N.G. Kerk verlaat het, het hy die Bybel begin verstaan! In sy boek, *Godsdiensverraad wat ons en ons Land Vernietig*, skryf hy: *"Vir jare het ek met die Hemelse Vader geworstel oor my kweekskoolmaats wat nie die voorreg het om onafhanklik na die Woord te kan kyk nie." "Die vraag is; hoekom moet alles vernietig word, hoekom is die waarheid nie aan ons verkondig nie? Hulle wat sewe jaar op universiteit sit, hoekom het ons predikante nie by die waarheid uitgekom nie?"* (bl. 427). *"...die feit dat ek N.G. Kerk predikant was, is die enigste groot familieskande!"* (bl. 119).

Voordat die duisternis op die aarde toesak, vergader Vader al twaalf stamme van sy volk in Suid-Afrika en in Duitswes-Afrika (Jer 3:18—*"Noordland"* is ook *versteekte land.* Die Duitsers vat Namibië weer terug—Siener). Dan het Vader ons volk rééds uitgesif (d.m.v. *'die nag van die lang messe'*–Joel 2) en ons ook gesuiwer van volke oor wie Hy nog nooit geheers het nie, en oor wie sy Naam nie uitgeroep is nie. (Jes 63:11-19). Dit blyk dat hierdie twee lande as ʼn veilige hawe gaan dien *"Want kyk, die duisternis sal die aarde oordek en donkerheid die volke; maar oor jóu* [Israel] *sal JHWH opgaan..."* (Jes 60:2). Johanna Brandt skryf dat *"Die Christus kom na Suid Afrika! ...Ontsaglik groot die onderskeiding vir Suid-Afrika!"* (Dit is nié sy globale koms *"in die wolke"* nie).

Vader het slegs met Duitsland en Suid-Afrika (twee- en tien stamme?) ná die Bybel se tyd ʼn gelofte nagekom—die Gelofte van Oberammergau en die Gelofte van Bloedrivier.

## 17 <u>Die toepassing van die wet</u>

Die Kerk se lering dat die wet vervul is met Jesjuwa se bloed, is só deeglik by Christene ingeprent, dat dit bepaald 'n aansienlike densprong verg om nou **die Bybel** se boodskap te aanvaar—dat die wet <u>nog al die tyd</u> geldig is! Dele van Handelinge (asook die geskiedenis) toon duidelik dat die apostels voortgegaan het om sommige van die 613 Ou Testamentiese wette te onderhou. Ons het nie meer 'n priesterorde nie, en die seremoniële wette is wél deur Jesjuwa namens ons vervul. (Heb 10:1-12). Sien my studie; *Die wette*.

Die akkuraatste aanduiding wat ons kan gebruik om ons ware godsdiens op te spoor, is om noukeurig te let na die leringe en gebruike van die twaalf apostels in Jerusalem **ná** die Hemelvaart, want wie sal beter weet as hulle? Die apostels se onderrig het gestrek vanaf Jesjuwa se Hemelvaart, tot by die vernietiging van Jerusalem in 70 nM—'n venstertydperk van slegs 37 jaar.

■ Jesjuwa het ons uit die <u>Ou Testament</u> onderrig en daardeur niemand anders as <u>Vader</u> se wil en opdragte deurgedra tot in ons huidige tydvak nie:

- *"'n Profeet sal Ek vir hulle verwek uit die midde van hulle broers, soos jy is, en Ek sal <u>my woorde</u> in sy mond lê, en Hy sal aan hulle sê alles <u>wat Ek Hom beveel.</u>"* (Deut 18:18). In Joh 14:24 en 8:28 bevestig Jesjuwa dit:
- *"...die woord wat julle hoor, <u>is nie myne nie</u>, <u>maar is van die Vader</u> wat My gestuur het."* **Jesjuwa se leringe is dus steeds alles <u>Vader</u> se leringe!**

D.W. Davis, 'n Deskundige op die vroeë Christendom skryf:

> *"They* [die apostels en hul volgelinge] *took for granted that <u>the gospel was continuous with Judaism</u>; for them the new covenant, which Jesus had set up at the Last Supper with his disciples and sealed by his death, did not mean that the covenant made between God and Israel was no longer in force. They still observed the feasts of Passover, Pentecost and Tabernacles; they also continued to be circumcised, to keep the weekly Sabbath and the Mosaic regulations concerning food."*

Waarom word ons geleer dat ons nie die Bybel se wette, die feeste, en die sewende-dagse Sabbat moet onderhou nie; ook nie besny moet word, of die voedselwette moet gehoorsaam nie? Die antwoord vind ons in die tweede eeu; toe het een van die Kerkvaders, Marcion, Jesjuwa se evangelie (wat nog daarvan oorgebly het) vervang met Paulus se *"ander evangelie"*. **[118]**

---

**[118]** Die Christendom verkondig nog steeds Paulus se *"ander evangelie"* onder die Naam van "Christus". As deel van sy misleiding, gebruik Paulus Jesjuwa se Naam oorvloediglik—232 kere, maar daar waar dit saak maak, in sy leringe, erken ons géénsins Jesjuwa se evangelie nie! Dit lyk eerder asof hy op lukraak wyse **énige** gedagte wat by hom opgekom het neergeskryf het, net solank hy ook Jesjuwa se Naam gebruik!

Marcion het begin verkondig; *"The God of the Old Testament was a ruthless God of vengeance, cruelty and wrath, but Jesus was full of grace and compassion."* Volgens hom het Je - Zeus (Jesus) die vorige God vervang. **[119]**

Hebreërs 8:8-13 dui oënskynlik daarop dat ons alreeds in die nuwe verbond staan. Hierdie gedeelte is gegrond op (die meer betroubare) Jer 31:31-34, maar daar sien ons dat die <u>komende</u> hersteltydperk bedoel word **[120]**, aangesien <u>nie een</u> van die vier beloftes alreeds gerealiseer het nie. **[121]** Nadat Marcion die verbond wat Vader nog met ons gaan sluit na 'testament' verander het, is die indruk geskep dat die nuwe verbond in werking getree het met Jesjuwa se dood. **[122]** Maar Jesjuwa se evangelie loop aaneen met Vader se leringe. Ons het dit aan (sommige van) Paulus se leringe en aan Marcion te danke dat Christene nou geleer word dat die hele Ou Testament vervul is.

Die terugkeer na die Bybel se wette en feeste verteenwoordig nie 'n nuwe godsdiens nie, maar <u>**ís** ons ware godsdiens</u> wat Jesjuwa en sy apostels geleer het. Die Christendom is in werklikheid die nuwe godsdiens. Dit is verstommend hoe predikers daarin slaag om <u>uit die Bybel</u> 'n valse Babiloniese Son(dag)godsdiens kan verkondig! Dit is moontlik gemaak deurdat Paulus se briewe ook in die Bybel voorkom. Mag Vader ons die tyd gun sodat Jakob se nageslag wat onder die Germaanse, Keltiese, en Anglo-Saksiese volke woon, tot die besef kom dat húlle die verlore stamme van Israel verteenwoordig, en dat Vader nét vir <u>ons</u> voorvaders sy wette gegee het (Ps 78:5-7).

---

**[119]** *"Marcion's theology... following a very common <u>pagan</u> mindset that the gods are at war with each other."* (Roth, Appendix, *Aramaic English New Testament*, p. 823).

**[120]** Om te kontroleer of hierdie eksegese korrek is, kyk ons na 'n parallelle beskrywing in Esé 36:24-28. Die opskrif van hoofstuk 36 in die *1953 Afrikaanse Ou Vertaling* lees ook heeltemal tereg: *<u>Die herstel van Israel.</u>* Lees asb. ook Jer 32:37- 42.

**[121]** Die beloftes vir die duisendjarige vrederyk is: (a) *"Ek gee my wet in hulle binneste"* (die wet moet **stééds** nagekom word); (b) *"Ek sal vir hulle 'n Elohim wees, en hulle sal vir My 'n volk wees"*; (c) *"hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie"*; en (d) *"Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie."*

**[122]** Die verandering (verbond) wat in werking getree het, is dat (a) Jesjuwa weer die pad geopen het nadat ons met die sondeval van ons Skepper weggeval het, en (b) die tien stamme (Matt 15:24) is weer teruggeplaas onder die *"Herder"* (1 Pet 2:24-25).

*"Marcion coined the term Old and New Testament. ... By replacing the word 'Covenant' with 'Testament' Marcion and the pagan theologians wrestled Jeremia 31:31-34 away from the foundational teachings of Y'shua and the apostels. By replacing the word covenant with testament, Marcion theologically divided Jesus and his followers away from YHWH the Father and turned Him into a self sustained deity that opposed 'the Old Testament.' Everyone who ever used the terms 'Old and New Testament' can thank Marcion the heretic for implanting such contrary values against the Unified and Eternal Word of the Living Elohim."* (Roth, Appendix, *Aramaic English New Testament*, p. 823).

■ In teenstelling met Paulus se *"genade"* en *"glo"* leringe, leer Jesjuwa 'n wetgebaseerde evangelie van dade; van eie verantwoordelikheid. Matt 5:48 lees:

> *"Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is."* **[123]**

Met die skep van die Griekse grondteks, is die lering van die opwekking van die siel verander na die red van die siel. Jak 1:21 lees volgens die Grieks:

> *"Daarom, doen afstand van alle vuiligheid en oorvloed van boosheid, en ontvang met sagmoedigheid die ingeplante woord, wat in staat is om julle siele te red."*

Maar in die *Aramaic English New Testament* lees dieselfde teks: *"...to resurrect your souls,"* en in *The Aramaic New Covenant: "...to enliven your souls."*

Die vervalsing van die Griekse tekste ondermyn die doel van ons lewe, want die aansporing om geestelik te groei, is uit die Christendom verwyder. **[124]** Mense wat glo hulle is klaar 'gered' dink hulle beskik oor 'n enkelkaartjie hemel toe, en sal géén verdere moeite doen om hul geestelike stand te verbeter nie. Wat 'n bose set is hierdie vervalsings net nie! **[125]** Dit moet lees:

> *"Daarom, doen afstand van alle vuiligheid en oorvloed van boosheid, en ontvang met sagmoedigheid die ingeplante woord, wat in staat is om julle siele op te wek."* (Jak 1:21).

Jesjuwa spoor ons aan om volmaak te leef, maar Paulus leer ons *"word deur sy genade sonder verdienste geregverdig"* (Rom 3:24). Enige beskawing wat geleer word dat hul dade geen nagevolge het nie, is gedoem tot ondergang!

Mense wat Jesjuwa se lering van volmaaktheid nastreef, word soms as godslasteraars bestempel omdat hulle kwansuis 'ook God wil wees'. Matt 5:48 sê nié ons moet Vader verplaas nie—ons moet ons volmaakte toestand herwin!

---

**[123]** Hierdie is 'n wekroep om terug te keer na ons volmaakte toestand voor die sondeval. Ons is aanvanklik na die *"**gelykenis**"* van Elohim geskape! (Gen 1:26). Vader het dieselfde opdrag aan Abraham gegee: *"I am the Almighty Elohim; walk before me, and be thou perfect."* [*taw-meem* (H8549)] (Gen 17:1, *KJV*). Ook Lev 11:44; 19:2. Die opdrag is vervals in die *2006 NLV*: *"Wees julle dan volkome in julle liefde, soos julle hemelse Vader volkome in sy liefde is. Hy het mos álle mense lief."* Die laaste sin is blatant ingeskryf en is boonop 'n leuen—Vader sê Hy haat o.a. Esau se nageslag (Mal 1:3). Die Bybel onderskryf nie die Kerk se liberale teologie nie, dus skryf hulle dit maar self in!

**[124]** Is dit moontlik om in ons leeftyd hierdie opdrag tot volmaaktheid na te kom? In 'n aparte studiestuk wys ek dat Keiser Justinus in 553 nM 'n belangrike lering uit die Christendom verwyder het. Sonder hierdie kennis sal ons nie Jesjuwa se opdrag verstaan nie.

**[125]** Nadat hy op tallose soortgelyke vertaalfoute afgekom het, skryf ds. Ben Maree in sy boek; *Godsdiensverraad wat ons en ons land vernietig*: *"Verstaan u hoe verraderlik uitwissend hierdie vertaalfoute werklik is? Ek herhaal wat ek reeds geskryf het, naamlik dat **alles wat die kerke doen en verkondig, is tot uitwissing van ons en ons land.**"*

In stede daarvan dat ons Jesjuwa se *"wees volmaak"* opdrag nakom, leer die Kerk dat die wet nie meer op ons van toepassing is, as ons maar net in Christus glo nie (Rom 10:4). Paulus het die fondasie van hierdie veëverhaal godsdiens gelê, 'n godsdiens wat nooit moes ontstaan het nie! Weens 'Paulus en Kerk', sit ons vandag met 'n bedrieglike en dooie vormgodsdiens! **[126]**

> *"Want sekere mense het ingesluip wat lank tevore al opgeskryf is vir hierdie oordeel, goddelose mense wat die genade van onse Elohim verander het in ongebondenheid,* [wet-loosheid] *en die enigste Heerser, Elohim, en onse Jesjuwa verloën."* (Judas 1:4).

Hier gee Judas (Jesjuwa se half-broer) 'n **baie** goeie beskrywing van wat Paulus gedoen het, en wat vandag nog steeds deur die Kerk nagedoen word.

**Die bose magte weet dat indien ons Paulus en die Kerk se *"genade"* en *"glo"*- net leringe volg, word Vader se verlossingsplan verongeluk, maar wanneer ons Jesjuwa se *"soek", "klop", "doen", "oorwin"* en *"wees volmaak"* leringe volg, word die doel van ons lewe volbring.**

Maar moenie dink Paulus het nie ook die teendeel geleer nie! Getrou aan sy rol om verwarring te saai, en totaal in stryd met sy ander skrywes, sê hy ook:

- *"Verder, broeders, wees bly; word volmaak..."* (2 Kor 13:11).
- *"Nie dat ek dit al verkry het of al volmaak is nie, maar ek jaag daarna of ek dit ook kan gryp…"* (Fil 3:12).

■ Ons moet noukeurig oplet na die leringe wat ons in Openbaring aantref. Hierdie boekrol kom direk uit die gedagtes van die Almagtige, en omdat dit ontvang is nádat die opvaring reeds plaasgevind het, kan ons kontroleer of daar enige veranderings aan Vader se verlossingsplan ingetree het, en of ons wél in 'n 'nuwe bedeling' staan soos sommige kerke beweer. Volgens Openbaring kan die ander Bybelboeke en die Kerk se dogma en leringe gekontroleer word. Openbaring het die laaste sê! En wat tref ons daar aan?

---

**[126]** Die eerste leerstelling van die Dordtse Sinode lees in gedeelte: *"..volgens Sy wil se vrye welbehae en net uit genade, uitverkies het om gered te word in Christus."* Die *"genade"* wat Paulus en die Kerk verkondig, onthef ons van die nakoming van die wet en sluit sommer ook ons ewige saligheid in! Die lering dat ons self niks kan doen vir ons saligheid nie en dat 'Vader ons liefhet nét soos ons is', is heel duidelik 'n sataniese strik!

En waarom het Jesjuwa gekom om *"...sy lewe te gee as 'n losprys vir baie"* (Matt 20:28), en nie vir almal op aarde nie? Dit blyk dat Génesis slegs die val van die blanke Adamiet beskryf, dit wás dus nie nodig om vir **almal** op aarde die losprys te betaal nie! Kain was bang dat *"elkeen"* wat hom kry hom sou doodslaan, en hy het ook 'n *"...vrou beken..."* (Gen 4:15-17). Daar wás dus mense op aarde voor Adam, maar die Pre-adamiese rasse was blykbaar nié deel van die sondeval in Eden nie. Dit is ook slégs Israel (*"Jakob"*) wat in die hersteltydperk na hul verhewe toestand terugkeer (Jer 30:18, 20).

- *"Aan hom wat oorwin, sal ek gee om te eet van die boom van die lewe wat binne-in die paradys van Elohim is."* (Opb 2:7).
- *Die wat oorwin, sal deur die tweede dood geen skade ly nie."* (Opb 2:11).
- *"Aan hom wat oorwin, sal ek gee om te eet van die verborge manna..."* (Opb 2:17).
- *"En hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal ek mag oor die nasies gee..."* (Opb 2:26).
- *"Wie oorwin, sal beklee word met wit klere, en ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie..."* (Opb 3:5).
- *"Wie oorwin, Ek sal hom 'n pilaar in die tempel van Elohim maak.."* (Opb 3:12).
- *"Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op my troon..."* (Opb 3:21).
- *"Hy wat oorwin sal alles beërwe; Ek sal vir hom 'n Elohim wees"* (Opb 21:7)

Paulus se *"genade"* en *"geloof"* fabels waarvolgens die Kerk sy lidmate valslik die hemel belowe, is **nêrens** in Openbaring te vinde nie! Die woord *"oorwin"* word agt keer gebruik t.o.v. ons oorwinning van die bose; ons sondige natuur, en vir *"...die siele wat onthoof is oor die getuienis van Jesjuwa en oor die woord van Elohim, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie"* (Opb 20:4).

Paulus leer ons word *"deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Jesjuwa die Messias is"* (Rom 3:24), maar Jesjuwa leer dat ons ons geestelike oorwinning moet verdien met ons dade — met geestelike prestasies! **[127]** Ons moet die hemelse koninkryk waardig wees:

> *"Maar jy het enkele persone ook in Sardis wat hulle klere nie besoedel het nie, en hulle sal saam met My in wit klere wandel, omdat hulle dit waardig is."* (Opb 3:4. Ook 3:2). Ook hiérmee stem Paulus (soms) saam:
>
> *"...dat julle die koninkryk van God waardig geag mag word, waarvoor julle ook ly"* (2 Tim 1:5).

**Ons eerste stap tot ons oorwinning, is om van die besoedeling van Paulus en die Kerk se waarheid/leuen-vermengde leringe vry te kom!**

---

**[127]** Die toets van 'n ware godsdiens is om te kyk of dit ons laat leef en streef na: (a) die nakoming van Vader se bevele (Deut 5:32-33); (b) om Jesjuwa te volg (2 Joh 1:9) en niemand anders nie; (c) liefde vir Vader en ons naaste (Matt 22:37-40); (d) 'n heilige lewenswandel (1 Pet 1:15); (e) 'n geestelike groeiproses (Luk 17:21). (Vind binne onsself plaas; die nakoming van die wet is 'n uiterlike verpligting); (f) die herwinning van ons volmaaktheid (Matt 5:48). Volgens die Bybel faal die Christendom met 'n onderskeiding!

■ Ons kan ook duidelik in Openbaring sien dat die gebooie nié *"tot niet gemaak"* is, soos wat Paulus (soms) leer a.g.v. die *"kruis van Messias"* nie:

> *"Salig is die wat sy gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad."* (Opb 22:14).

Noudat ons daarvan bewus is dat die gebooie (Vader se bevele) nie verval het soos die meeste kerke verkondig nie, is die vierde gebod **[128]** natuurlik ook nog steeds op ons van toepassing. Ons sien ook dat die onderhouding van die Sabbat (ook in die eindtyd) 'n belangrike rol speel in ons bestemming:

> *"[6]...elkeen wat die Sabbat hou, sodat hy dit nie ontheilig nie, en hulle wat vashou aan my verbond, [7]hulle sal Ek bring na my heilige berg, en Ek sal hulle vreugde laat smaak in my huis van gebed..."* (Jes 56:6-7). **[129]**

Hoe hegter ons eenheid met Vader raak, hoe groter word ons afkeur vir die kwaad, en is die nakoming van sy bevele vir ons net 'n pure verlustiging:

> *"Want dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooie* [bevele] *bewaar; en sy gebooie is nie swaar nie."* (1 Joh 5:3). **[130]**

---

**[128]** Die Kerk se onderhouding van Sondag is 'n voortsetting van hul gebruik om op Sondag die opstanding van die songod uit die dood te vier! Die Roomse Kerk sal nié die Sabbat eer nie, want: (a) die Sabbat is slegs vir Israel gegee (Exo 31:16-17), en (b) met die onderhouding van die Sabbat gee ons erkenning aan die Skepper van *"die hemel en die aarde"* en geen ander god nie: *"maar die sewende dag is die Sabbatdag van JHWH jou Elohim; dan mag jy géén werk doen nie..."* (Exo 20:10). Daarom het die Kerk tevore Christene wat aan die Sabbat vasgehou het, vermoor of met geweld gedwing om Sondag te onderhou. Weens hul haat teen die Skepper se Sabbat, wys 'die moeder en ook haar dogters' (wat nog nóóit die Sabbat geëer het nie) dat die Skepper nie húl god is nie! Met die onderhouding van die eerste dag (Sondag) dien ons die songod, en met die onderhouding van die Sewende dag (Saterdag) dien ons die ware Skepper!

**[129]** Die woord Sabbat word in die vier evangelies vyf-en-veertig keer gebruik, terwyl Paulus in sy dertien briewe (sonder Hebreërs) dit net een keer gebruik, en dan leer hy boonop dat ons dit **nié** hoef te onderhou nie: *"Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met betrekking tot 'n fees of nuwemaan of Sabbat nie."* (Kol 2:16). Die Bybelkommentaar, Barnes, skryf oor hierdie teks: *"The sense is, that no one had a right to impose their observance on Christians, or to condemn them if they did not keep them. They had been delivered from that obligation by the death of Christ."* Bybelkommentators onderskryf Paulus se lering téén die Sabbat, maar dit is in stryd met die Bybel! In Rom 14:5-6 beweer Paulus dat elkeen maar self kan besluit of hulle al die dae gelyk wil ag, en dit sal volgens hom steeds *"tot eer van Elohim"* wees. Paulus het die Sabbat aktief tééngestaan (*"quarreled with"* die erkende leiers – voetnota 77) maar vir die skyn dat hy Jesjuwa se evangelie volg, is Handelinge só geskryf asof hy self die Sabbat hou.

**[130]** Paulus skryf: *"Want die goeie wat ek wil, doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek."* (Rom 7:19). En dan vergelyk hy homself met die wáre apostels? *"Want ek reken dat ek niks agterstaan by dié uitnemende apostels nie."* (2 Kor 11:5).

**Paulus** sê: *“[20]As julle dan saam met Messias die eerste beginsels van die wêreld afgesterf het,* **[131]** *waarom is julle, asof julle nog in die wêreld lewe, onderworpe aan insettinge* **[132]** *[21]soos: raak nie, smaak nie, roer nie aan nie? — [22]almal dinge wat deur die gebruik bestem is om te vergaan — volgens die gebooie en leringe van mense.”* (Kol 2:20-22). **[133]**

**Jesjuwa** sê: *“Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek* **[134]** *en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele...”* (Matt 5:19).

**Johannes** sê: *“Hy wat sê: Ek ken Hom, en sy gebooie nie bewaar nie, is ’n leuenaar...”* (1 Joh 2:4).

Paulus is die **enigste** wat (valslik) leer dat Jesjuwa ons van die wet losgemaak het, maar dit is juis Paulus se leringe wat die Kerk volg en verkondig!

## 18 Algemene bespreking

■ Net soos meeste ander Christene wat in die Kerk onderrig is, het ek géén probleem met Paulus gehad nie. Tydens my Bybelstudies hou ek egter rekord van belangrike tekste onder bepaalde opskrifte, en het gemerk dat al meer tekste in Paulus se briewe teenstrydig met mekaar, asook met die res van die Bybel staan. Paulus se briewe het al minder sin gemaak. Op daardie stadium het ds. Ben Maree van Pretoria (opgelei as predikant deur die N.G. Kerk) Paulus indringend begin ondersoek en sy bevindinge geboekstaaf. Nadat ek sy manuskrip geproeflees het, het dit my geïnspireer om Paulus verder te ondersoek en volksgenote te waarsku teen hierdie wolf in skaapsklere.

Die lees van sy boek, *Paulus en sy Veldstoeltjie*, is in werklikheid ’n skrikwekkende ervaring! Dit bring die besef hoe totaal onversoenbaar is Paulus se leringe met die res van die Bybel! Toe ds. Maree Paulus se briewe onder die vergrootglas sit, kon hy na elke hoofstuk lyste opstel van waar Paulus onbybelse, onsinnige, valse en godslasterlike uitsprake maak! Hy skryf: *“Paulus bots 57 keer met die Woord van Jahweh, net in Romeine alleen.”* **[135]**

---

**[131]** Waar het *“Messias”* of sy apostels so gesê? Dit is een van Paulus se baie leuens!

**[132]** Omdat ons die insetting geskend het, gaan die aarde verbrand word! (Jes 24:5-6).

**[133]** Paulus leer effektiewelik om nié aan Vader se bevele gehoorsaam te wees nie, en verwys op vernederende wyse na sy bevele as *“die gebooie en leringe van mense.”*

**[134]** Met sy verwerping van die Sabbat (Kol 2:16) veroorsaak Paulus dat miljoene Christene die gebooie verbreek! Sondag is nié die **sewende** dag nie! Lees Exo 20:10.

**[135]** Ds. Maree se kommentaar is dat hy nie kan gló dat hy, terwyl hy tevore nog deel van die kerkstelsel was, nie kon insien dat Esau/Edom/Jood nié die ware Israel kan wees nie. Nou sê hy dat hy nie kan gló dat hy nie al eerder vir Paulus as valse apostel kon raaksien nie! So kom ons hopelik almal stelselmatig los van die Kerk en hul leuens.

Hierdie studie oor Paulus oorvleuel nie baie met ds. Maree se werk nie, en ek sal sy merkwaardige boek aanbeveel vir ŉ alternatiewe beskouing. Dit is **uíters** belangrik om uitsluitsel oor Paulus te kry. In stede dat ons eendragtig teen die bose veg, veroorsaak Paulus se valse en verwarrende leringe dat ons nou teen mekaar veg! Selfs Paulus-aanhangers veg teen mekaar — diegene wat meen hy is ten gunste, en diegene wat meen hy is téén die wet.

■ Die Kerk het Paulus se briewe verhef tot Skrif—aan Paulus word die wet, die profete en Jesjuwa gemeet. Selfs ook Paulus wys die dwaling daarin uit:

> *"Die hele Skrif is deur Elohim ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid."* (2 Tim 3:16).

Hierdie teks word soms gebruik om Paulus in die Bybel te regverdig, maar (a) *"Die hele Skrif"* waarvan hy praat, verwys nét na 'die wet en die profete' (die Ou Testament) want die Nuwe Testament het toe nog nie bestaan nie! (b) Paulus weerspreek sy leringe dat Christus aan die kruis ons losgekoop het van die wet (bv. Gal 3:13), want 2 Timótheüs is geskryf in 65 nM, lank **ná** die kruisiging. (c) Gegrond op Paulus verkondig die Kerk die Ou Testament is vervul, maar Paulus weerlê sy eie leringe teen die wet (2 Tim 3:16) deur te sê die Ou Testament is stééds geldig! Kyk net hoe word Christene bedrieg!

■ Vader Self stippel vir ons die pad uit wat ons van nou af behoort te volg:

> *"[1]...en* [as] *jy dit ter harte neem onder al die nasies waarheen JHWH jou Elohim jou verdryf het* [Israel/ons is nog verstrooid in verskillende volke]*, [2]en jy jou tot JHWH jou Elohim bekeer en na sy stem luister* ***net soos ek jou vandag beveel****, jy en jou kinders, met jou hele hart en met jou hele siel, [3]dan sal JHWH jou Elohim jou lot verander en Hom oor jou ontferm; en Hy sal jou weer versamel uit al die volke waarheen JHWH jou Elohim jou verstrooi het. [8]Maar jy sal weer na die stem van JHWH luister en al sy gebooie doen wat ek jou vandag beveel."* (Deut 30:1-3, 8).

■ Ons staan vandag wéér op presies dieselfde plek waar Elía lank gelede vir die volk die keuse gegee het om te kies tussen Vader JHWH en Baäl:

> *"Hoe lank hink julle op twee gedagtes? As JHWH Elohim is, volg Hom na; en as Baäl dit is, volg hom na!"* (1 Kon 18:21).

Ons predikers is óók deur die kerkstelsel mislei (nog meer as ons), en besef nie hulle verwerp Jesjuwa (al is dit nie hul bedoeling nie) indien hulle Paulus verkondig nie. Die Baälpriesters in Elía se tyd het ook gedink hulle verkondig die ware Elohim, maar is geslag toe die volk sien hulle was mislei (1 Kon 18:40). Dieselfde Elía gaan wéér kom (Mal 4:5), en daar gaan wéér ŉ slagting wees (Jer 25:34). Mag Vader gee dat (ten minste sommige) predikers spoedig omdraai, sodat Vader se Woord ons volk kan deurspoel en genees.

Kyk net hoe **<u>totaal</u>** vals is Paulus met sy apostelskap en *"ander evangelie"*:

> *"I give power over the nations to everyone who wins the victory and <u>keeps on obeying Me</u> <u>until the end."</u>* (Rev 2:26, *Contemp. Eng. Version*).

Is dit nie pragtig nie? Die volle strekking het in die meeste vertalings verlore geraak. Hier is bevestiging dat Jesjuwa se leringe <u>tot op die einde</u> geldig sal wees! Hy het dus <u>nie</u> vir Paulus gestuur om 'n *"ander evangelie"* te verkondig, en om die basis van 'n nuwe godsdiens (die Christendom) te lê nie!

Johannes skryf:

> *"Elkeen wat 'n oortreder is* [ons kan slegs oortree indien daar 'n wet is] *en nie bly in die leer van die Messias nie, hy het Elohim nie. Wie in die leer van die Messias bly, hý het die Vader sowel as die Seun."* (2 Joh 1:9).

Let op wat skryf Johannes: Elkeen wat <u>nie</u> in die leer van die Messias bly nie, *"<u>hy het Elohim nie.</u>"* Ook 1 Joh 2:23. (Hierdie brief is in ongeveer 65 nM deur 'n <u>ware</u> apostel geskryf, sonder énige erkenning aan Paulus!) Paulus hét 'n *"ander evangelie"* as Jesjuwa en sy apostels verkondig (2 Kor 11:4-5; Gal 2:7), daarom kan 'n gedeelte van 2 Joh 1:9 ook andersom geskryf word:

**Elkeen wat in die leer van Paulus bly, hy het Elohim nie.**

■ Jesjuwa leer ons dat Hy *"die deur"* is na die lewe:

- *"9 <u>Ek is die deur</u>; as iemand deur My ingaan, sal hy gered word. 11 <u>Ek is die goeie herder.</u> Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape."* (Joh 10:9, 11).
- *"Jesjuwa antwoord hom: <u>Ek is die weg en die waarheid en die lewe</u>; niemand kom na die Vader <u>behalwe deur My nie.</u>"* (Joh 14:6). **[136]**
- *"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie nie by die deur in die skaapkraal ingaan nie, maar van 'n ander kant af inklim, hy is 'n dief en 'n rower. Maar hy wat by die deur ingaan, is 'n herder van die skape."* (Joh 10:1).

Jesjuwa is die *"deur"*, die *"goeie herder"*, en die *"weg"*. Paulus word nie alleen deur die Kerk nagevolg asof hy 'n apostel is nie, maar asof **hý** ons Leermeester is! Maar Jesjuwa leer; *"...want een is julle leermeester: die Messias..."* (Matt 23:8). Hy kon dus nie later nóg 'n leermeester stuur nie! Die een wat *"van die ander kant af inklim"* (wie Jesjuwa nie openlik aangestel het nie), is 'n *"dief en 'n rower."* Maar die héle Christendom volg 'n leermeester wat <u>erken</u> dat hy 'n *"ander evangelie"* en 'n *"ander Jesjuwa"* verkondig! (2 Kor 11:4-5).

---

**[136]** Jesjuwa verteenwoordig ons toestand voor die sondeval, en ons herwinning daarvan is die *"weg"* na Vader. Jesjuwa se wederkoms na twee dae (twee-duisend jaar) is ook die wederkoms van Jesjuwa <u>in ons</u>, wanneer Hy ons *"lewend maak"* (Hos 6:2) en ons *"aan Hom gelyk sal wees"* (1 Joh 3:2). Dit is *"die eerste opstanding"* (Opb 20:5).

Indien elke punt in hierdie studie wat Paulus as valse apostel uitwys verkeerd is, wat kan ons verloor indien ons van Paulus afstand doen, en slégs na Jesjuwa luister? Niks nie! In werklikheid is ons dán eers gehoorsaam aan Vader se direkte opdrag: *"Dit is my geliefde Seun… Luister na Hom!"* (Matt 17:5). Maar aan wie is Paulus-aanhangers onderdanig indien hulle 'n afkeur daarin het indien ons *die bevele van Elohim onderhou,* ***asook*** *die evangelie van Jesjuwa*? (Opb 12:17). Wie anders as die duiwel het 'n plaasvervanger vir Jesjuwa geskep en het rede om woedend te word indien ons sy lakei op aarde ontmasker? Wie begeer dat ons moet glo dit is Jesjuwa wat vir Paulus gestuur het; dat Jesjuwa vir Paulus 'n meer 'geestelike' evangelie as vir die twaalf apostels gegee het; en dat ons leringe moet volg wat Jesjuwa **nooit** geleer het nie? Indien ons glo dat die sonde nie oor ons kan heers nie omdat ons nie meer onder die wet is nie (Rom 6:14), hét die duiwel die stryd gewen!

■ Die Nederduitsch Hervormde Kerk skryf oor Paulus:

> *"Hierdie apostel was in twee opsigte van geweldige betekenis vir die vroeë Kerk. In die eerste plek omdat hy so 'n duidelike insig in die betekenis en strekking van die Evangelie van Jesus Christus gehad het. Baie duidelik het Paulus besef dat die Joodse Wet en die Joodse Wetsopvatting in die Christendom geen plek het nie. Immers Paulus het ingesien dat die menslike verdienste voor Gods aangesig geen waarde het nie. Die verlossing van die mens uit die sonde is geleë in die vrymagtige liefde van God wat die geloof aan die mens skenk. Hierdie afwysing van die Wet beteken dat die heidendom wat bekeer word, nie eers Jode hoef te word voordat hulle Christene kan wees nie."* (Prof. dr. Pont, *Kerkgeskiedenis,* bl. 17).

Indien ons ewige lewe nie deur Paulus se dwalinge bedreig word nie, kon mens probeer om hiervan te vergeet. Maar is hier een, net **één** stelling wat in harmonie is met die Skrif? Indien hierdie die materiaal is waarmee ons predikers opgelei word, en hulle nou weer hul gemeente onderrig, watse hoop is daar vir die deursnee kerkganger om óóit by die waarheid uit te kom?

■ Mense wat aan 'n sekere Kerk verbind is, is blykbaar onder die invloed of 'gees' van daardie kerk. Dit is asof daar 'n onsigbare krag is wat 'n kerk se lidmate gebonde hou binne die dogma en grense van daardie betrokke geloofsleer. Wanneer lidmate bande sny met so 'n groep, is hulle vry om wyer te dink en leringe te verstaan en aan te neem wat hulle tevore nie kon insien nie. Hierdie beperkende magte is dalk deel van die *"plae"* waarteen Openbaring waarsku indien ons nie uit die songod-vermengde godsdiens kom nie:

> *"Gaan uit haar uit, My volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie."* (Opb 18:4).

Dit wil vir my voorkom asof dit presies dieselfde werk met Paulus. Let maar op na die reaksie wanneer mens Paulus se apostelskap sou bevraagteken. Baie volksgenote gesels graag oor die Bybel, maar wanneer dit by Paulus se eer kom, kan sommiges die saak nie kalm en logies beredeneer nie. Praat net 'n skewe woord oor Paulus, en dit is asof jy 'op die duiwel se stert trap', want hulle reageer met ontsteltenis of selfs met 'n ontploffende woede! Mens wonder maar net of hulle dieselfde mate van afkeuring sou toon indien iemand sou debatteer dat Jesjuwa nie 'n ware historiese figuur is nie? **[137]**

By sommige mense is daar skynbaar ook 'n onsigbare mag wat hulle selfs verhoed om Paulus te ondersoek. Ten spyte daarvan dat hulle wyd lees en graag oor ander Bybelverwante onderwerpe oplees, ervaar hulle 'n weersin om materiaal te lees wat Paulus as valse apostel ontmasker. Is die mag wat hulle verhoed om <u>slegs</u> aan Vader en Seun gehoorsaam te wees, 'n mag van lig of 'n mag van die bose? Is daar dalk 'n Paulus-gees in sulke mense? Paulus het immers tog self geskryf dat **sy** volgelinge 'n *"ander gees"* ontvang (2 Kor 11:4), en dus <u>**nie**</u> Jesjuwa se gees nie! Laat Paulus dit self verduidelik:

> *"10...omdat hulle die liefde <u>tot die waarheid</u> nie aangeneem het om gered* [opgewek] *te word nie. 11En daarom sal Elohim hulle <u>die krag van die dwaling</u> stuur, om die leuen te glo,* **[138]** *12sodat almal geoordeel kan word wat die waarheid nie geglo het nie..."* (2 Tess 2:10-12). Hier is Paulus se lering wél in lyn met die Bybel, bv. 1 Kon 22:20-22 en Jes 6:10.

---

**[137]** In die akademiese wêreld en selfs uit kerkgeledere is daar 'n toenemende neiging om Jesjuwa se bestaan en sy omwandeling op aarde as blote mites af te maak. Die geskiedskrywer, Josephus, wat ook in daardie tyd geleef het, het vir ons 'n beskrywing nagelaat as bevestiging van Jesjuwa se bestaan. (Sien weer [71]). Die inleidende sin lui:

> *"Now, there was about this time, Jesus, a wise man if it be lawful to call him a man, for he was a doer of wonderful works—a teacher of such men as receive the truth with pleasure."* (Antiquities of the Jews, Chapter III, 3. Complete Works of Josephus, p. 379. Translated by William Whiston. Kregel Publications. ISBN: 0-8254-2951-x).

**[138]** Indien iemand wél deur *"die krag van die dwaling"* beïnvloed word, kan mens nie hierdie mense met die intellek bereik nie; ons kan maar net vir hulle bid. Die <u>beste</u> bewyse dat Paulus beslis nie deur Jesjuwa gestuur was nie, vind gewoonlik geen ingang by hulle nie. Dit is asof Paulus die weg blokkeer en hulle nie kan verstaan hoe belangrik dit is om slégs aan Vader en Seun gehoorsaam te wees nie. Hulle sal liewer die vriendskap verbreek as om die waarheid te hoor. Hierdie gedragspatroon is tipies van mense wie se gedagtewêreld gedeeltelik deur die magte van duisternis beheer word.

Die stryd tussen lig en duisternis vind in die eerste plek nie in die hemele of op slagvelde plaas nie, maar <u>in ons gedagtes</u>, en min van ons is vry van bose invloed. Deur leringe te volg wat Vader of Seun nié geleer het nie, maak ons die deur oop vir misleiding, en mense wat beweer dat hulle Paulus in die hemel 'gesien' het, moet seker maak of hulle slegs die waarheid dien; duiwels kan hulle ook as mense voordoen! (Henog 17:1).

Indien ons **nié** na Vader en Seun luister nie, stuur Vader ons *"die krag van die dwaling"* en word ons mettertyd geestelik blind. Dan is Paulus se afvallige leringe wonderlik, want *'Paulus sê'* ons moet nie toelaat dat iemand ons oordeel indien ons nié Vader se voedselwette, die feeste en die Sabbat wil eer nie (Kol 2:16). (Klink dit nie na die slang se taal nie?) Maar indien ons bv. nié die Sabbat eer nie, verbreek ons natuurlik die gebooie en kwalifiseer ons nie vir Vader se seëninge nie (Deut 7:10-16). Terwyl ons Paulus se wettelose leringe volg, is ons dus vasgevang in sonde, wat lei na verval en verdelging.

Hierdie afwaartse spirale kan ook op 'n ander manier verduidelik word: Ons is in 'n voortdurende geestelike groeiproses, en ons **verdien** die waarhede waaroor ons beskik. Eers wanneer ons die hoogste lig waaroor ons beskik uitleef, word ons bewus van 'n volgende waarheid. Maar indien die duiwel daarin kan slaag om leuens by ons geloofsleer in te voer, en ons is bereid om dit uit te leef, is daar effektiewelik 'n stilstand in ons geestelike groei ingebou. Indien ons nie meer Vader en Seun se stem (hul leringe) erken nie, sál ons teen die wet oortree en nie die volgende waarheid kan insien nie.

Met leringe wat nie van Vader of Seun kom nie, hét ons volk in afwaartse spirale beland en veroorsaak dat ons nou 'n strafgerig ervaar. Deur ons verkeerdelik te laat glo ons doen Vader se wil (soos die bou van 'n reënboognasie), sorg die Kerk dat ons Vader se wette oortree en gestraf word! **[139]**

Paulus is dus die struikelblok! Ons moet hierdie Fariseër (lid van die addergeslag; Matt 23:33) oorkom, **[140]** asook die Kerk wat op die fondament gebou is wat hy gelê het, voordat ons weer ons pad na die waarheid kan vind!

---

**[139]** Vader se wil werk deur sy wette van 'oorsaak en gevolg'. Die tugtiging wat ons ervaar, is die gevolg van ons eie oortredinge: *"Jou eie boosheid sal jou tugtig..."* (Jer 2:19).

**[140]** *"You will recall that Jesus, in the parable of the wheat and tares, announced that an enemy had sown tares among the wheat.* [Matt 13:24-30] *These tares are the counterfeit man. Jesus said they were the children of 'the wicked one' which exist apart from the original creation of God. Let me hasten to assure you, then, that there do exist on the planet creatures who did not come forth from God – who are the counterfeit of the real manifestation.* [Matt 15:13] *Many of these are consciously in league with the insipid and insidious purposes of the powers of darkness. They seek through conspiracy and plot to ravish the world of its good, to set brother against brother, to confuse, disturb, and destroy harmony wherever they exist."*

*"Among the snares laid by the wicked has been their embracing of organized religion. I do not say that a wealth of untold good is not brought forth through organization, even in the field of religion. But it is particularly insidious when one considers that these masquerades, or wolves in sheep's clothing, have infiltrated the very foundations of religious endeavors throughout the planet where they pretend to be purveyors of good, but are in reality continually functioning on the side of discord and confusion."* (Mark Prophet, *The Soulless One,* pp. 111-2, 121).

*"Maar wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle sluit die koninkryk van die hemele toe voor die mense; want julle gaan self nie in nie, en die wat sou ingaan, laat julle nie toe om in te gaan nie."* (Matt 23:13).

Hoe dieper ons by Paulus en die Kerk betrokke is of was, hoe moeiliker is dit om weer van die kondisionering of dwaalgees los te kom. Maar wanneer ons Vader soek met 'n liefdevolle hart en gebed, sal ons liefdevolle Vader ons stap-vir-stap vrymaak van die misleiding en struikelblokke (Paulus en valse predikers), en ons lei op ons geestelike reis na ons hemelse koninkryk.

Nou kan ons beter verstaan waarom Jesjuwa ons gewaarsku het teen die *"suurdeeg"* van die Fariseërs (Matt 16:6). Jesjuwa het vir die Fariseërs gesê hulle maak van hul bekeerlinge 'n *"...kind van die hel, twee maal erger as julle self."* (Matt 23:15). Dit is beter om nooit in 'n kerk te kom nie, as om later te worstel om die Kerk se dwaalleringe en die verkeerde Name weer af te leer.

Net soos die onkruid die blomme of groente in ons tuin verdring, verdring Paulus se ongebonde en maklike 'sonde-genade-redding' leringe, Jesjuwa se streng wet-gebaseerde en *"wees volmaak"* evangelie. Maar ons lees:

- *"Want die poort is nou en die pad is smal..."* (Matt 7:14).
- *"En as die regverdige nouliks gered* [opgewek] *word, waar sal die goddelose en die sondaar verskyn?"* (1 Pet 4:18).

Net soos drankverslaafdes gewoonlik hul gewoontes met allerlei verskonings goedpraat, probeer Paulus-aanhangers gewoonlik Paulus se valse leringe regverdig. Eers nadat ons van die besmetting van die Paulusgees vrygekom het (ek kan myself hierby insluit), kan ons daarna terugkyk en dan gewoonlik nie gló dat ons nie al eerder kon insien dat sy leringe beslis nie Bybels is nie!

Weens die krag van die dwaling, sien ons nie die geldigheid of belangrikheid van Vader se voorskrifte nie, voorskrifte wat eersdaags die verskil kan maak tussen die lewe en die dood. Volgens ons **gehoorsaamheid** aan Vader se bevele, bepaal ons self of ons deel van die oorblyfsel gaan wees of nie. Dit wil vir my egter voorkom asof diegene wat nie suiwer agter Jesjuwa aanstap nie, allerlei redes aanvoer waarom dit nie nodig is om hulself geestelik en fisies voor te berei en te verskans teen die komende tye van beproewing nie.

Dit is **absoluut noodsaaklik** dat ons bande sny met die listige leuenaar, sondaar, en Fariseër soos hy homself beskryf het. Wanneer ons deeglik verstaan watter verderflike gevolge Paulus se valse leringe vir ons inhou, is ons keuse tussen Jesjuwa en Paulus net so belangrik as ons keuse tussen die Almagtige en die duiwel! **Jesjuwa is die weg en die waarheid!**

## 19 <u>Hoe raak Paulus ons vandag?</u>

■ Ek het ŉ paar jaar gelede kort na mekaar twee dames raakgeloop wat my vertel het dat hulle pa's in ŉ sielsieke inrigting beland het weens hul intense Bybelstudies. Mens wonder hoeveel mense daar nóg is wat hul geestelike balans verloor het (of hul respek vir die Bybel verloor het), weens Paulus se onsinnige en verwarrende leringe! Indien ons die Kerk se storie sou glo dat elke woord in die Bybel die woord van die Almagtige is, het intense Bybelstudie beslis die potensiaal om iemand van sy kop af te laat raak! Indien ons nie betyds tot die besef kom dat Paulus se teenstrydige leringe beslis **<u>nie</u>** die Woord van die Almagtige is nie, blyk dit dat Hy Homself weerspreek.

■ Ons word deur sonde gebind indien die bose daarin kan slaag om ons te verlei om <u>wetend</u> teen Vader se opdragte te oortree, maar ons word <u>dubbel</u> gebind indien ons teen Vader sondig terwyl ons dink ons stap die regte pad. Want terwyl ons oortuig is dat daar niks met ons geloofsoortuigings skort nie, sal ons nie ons pad bevraagteken en ondersoek nie. Sodoende sal ons voortdurend in oortreding lewe. Terwyl ons salig onder die indruk verkeer dat Jesjuwa wél vir Paulus as apostel aangestel het, en hy Jesjuwa se 'beter' en 'nuwe evangelie' verkondig, is ons lewens alreeds ŉ oorwinning vir die bose!

Op die tyd van die einde sal ons kennis vermeerder (Dan 12:4), maar al sou predikers wat deur die S.A. Raad van Kerke voorgeskryf word met hierdie studie saamstem, sal hulle seker voortgaan om hul kerk se (Paulus) dogma te verkondig, want daar lê hul brood en botter. Hierdie belangrike swaai kan wél deur ons onafhanklike predikers gemaak word, want ons moet almal voortdurend aanpas by nuwe kennis. Indien predikers nooit enige aanpassings maak nie, beskik hulle óf oor alle kennis (wat onmoontlik is), óf hulle het gestagneer, en hou dus hul gemeentelede vas op die punt waar hulleself is.

Volgens tradisie is baie volksgenote steeds onder die indruk dat die Kerk ŉ belangrike rol het om te vervul. Die doop, katkisasie, huweliksbevestiging, en begrafnis, word gewoonlik as voorbeelde voorgehou. Maar die kinderdoop en katkisasie is in die eerste plek ongewens om te ondergaan, en het volksgenote wat reeds (weens <u>hul begrip</u> van die situasie) die Kerk verlaat het, beslis géén behoefte om d.m.v. die Kerk te trou of begrawe te word nie.

Ons voorouers is in ballingskap weggevoer (die noordelike tien stamme na Assirië in 721 vM, en die suidelike twee stamme na Babilon in 587 vM), **juís** weens hul geheul met Babiloniese leringe. Die Christendom is óók deurspek met Babiloniese leringe, maar ons volk is besig om daarvan vry te kom deur die Kerk te verlaat, en self die Bybel in studiegroepe te studeer, of stig self so ŉ groep. Van die grootste oorwegings wanneer mens by so ŉ groep aansluit, is om vas te stel of hulle die Sabbat eer, en steeds Paulus predik of nie.

■ Christene besef nie dat hulle twee doktrines volg nie. Soms beredeneer hulle 'n saak volgens die evangelie van Jesjuwa (terwyl Paulus die teendeel leer), en soms volgens Paulus (terwyl Jesjuwa die teendeel leer). **[141]** Ons het mos alles geglo wat predikers preek, want hulle preek tog uit die Bybel. Dit is nou tyd om leringe te verwerp wat nié van Vader en Seun kom nie! Dit is 'n teken van geestelike volwassenheid om te erken dat ons verkeerd was.

Talle Christene glo dat hulle weggeraap gaan word voordat die groot verdrukking in die eindtyd begin. Hierdie dwaalleer het weens Paulus ontstaan:

> *"Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in die wolke weggevoer word Jesjuwa tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by Jesjuwa wees."* (1 Tess 4:17). **[142]**

Maar die Bybel leer presies die teenoorgestelde; dat dit vir ons 'n baie groot voordeel inhou om tydens die komende onstuimige tye op die aarde te wees:

- *"As jy in die nood is en al hierdie dinge aan die einde van die dae oor jou kom, sal jy na JHWH jou Elohim terugkeer ..."* (Deut 4:30).
- *"Sion sal deur strafgerig verlos word..."* (Jes 1:27). **[143]** Let net op; Israel word deur 'n strafgerig verlos, nié deur die Kerk se 'verlossing' nie!
- *"Die regverdiges sal die aarde besit en vir ewig daarop woon."* (Joël 3:21).

---

**[141]** Ek hoor soms preke op die radio waar 'n lering van Jesjuwa verduidelik word, maar Paulus-tekste word aangehaal, terwyl Jesjuwa op daardie lering **juis** die teendeel leer!

**[142]** Die bekende kinderliedjie, As Hy weer kom (Hall 336), is ook op Paulus se dwaalleer gegrond. Vers 1: *"As Hy weer kom, kom haal Hy sy pêrels."* Vers 2: *"Vir die hemel, sal Hy hul versamel."* Die Bybel leer; as Hy weer kom, vestig Hy sy koninkryk **op aarde!**

**[143]** Hierdie verlossing is ons ewige verlossing van ons gevalle toestand sedert die sondeval—'n belofte **slégs** aan Israel: *"18Kyk, Ek verander die lot van die tente van Jakob en sal My oor sy wonings ontferm. 20En sy seuns sal wees soos in die voortyd…"* (Jer 30:18, 20). *"Staan op en dors, dogter van Sion! Want Ek sal jou horing yster maak en jou kloue koper, en jy sal baie volke fyn trap."* (Miga 4:13). *"En die oorblyfsel van Jakob tussen die nasies sal onder baie volke wees soos 'n leeu onder die diere van die woud, .... wat, as hy deurtrek, vertrap en verskeur sonder dat iemand red."* (Miga 5:7).

Die geografiese ligging en identiteit van Israel (aan die einde van die dae), word uitgespel in Sef 3:10 en 14: *"10 Oorkant die riviere van Kus vandaan sal my aanbidders, my verstrooide gemeente, my offerande bring. 14Jubel, o dogter van Sion, juig, o Israel! Verheug jou en jubel van ganser harte, o dogter van Jerusalem!" "Oorkant die riviere van Kus"* verwys na die Suidelike deel van Afrika. Sefánja sê dus waar baie Israeliete hulself tans bevind en bevestig Siener van Rensburg en Johanna Brandt se siening dat ons in Suid-Afrika Vader se volk is. Die Jode het nog nooit enige deel van Afrika as hul grondgebied beskou nie, en hier sê Sefánja dat die ware Israel *"Oorkant die riviere van Kus"* woon! Bewerings dat alle blankes in Suid-Afrika alreeds vermeng het, word deur die Bybel weerlê: tot op die einde is die *"...kinders van Jakob...nie verteer nie"* (Mal 3:6).

Ons lees dat die uitverkorenes versamel gaan word ná die groot verdrukking:

> *"[26]En dan sal hulle die Seun van die mens op die wolke sien kom met groot krag en heerlikheid. [27]En dan sal Hy sy engele uitstuur, en Hy sal sy uitverkorenes uit die vier windstreke versamel..."* (Mar 13:26-27). **[144]**

Die wegraping lering skep 'n valse gerustheid en kan beteken dat Christene (net soos die vyf dwase maagde), nie olie in hul lampies gaan hê nie. **[145]**

■ Indien ons Paulus en die Kerk sou glo dat die mens self niks kan doen om geregverdig te word (in die hemel te kom), kan ons net sowel ophou probeer.

> *"En <u>dat niemand deur die wet by Elohim geregverdig word nie</u>, is duidelik; want die regverdige sal uit die geloof lewe."* (Gal 3:11).

<u>Dít het die ware apostels nié geleer nie!</u> Paulus leer op slinkse wyse leringe wat ons <u>on</u>gehoorsaam maak aan Vader se bevele! Uit hierdie dwaalleer kom die volgende stadium van verval; waarom moet ons onsself belas met die wet indien ons (volgens Paulus), net 'in geloof' moet lewe? In stede dat ons elke geleentheid aangryp om goed te doen en om aan onsself te werk, sit talle mense net en wag om weggeraap te word, of wag selfs om dood te gaan!

Die uiters kosbare lewe wat aan ons geskenk word, gaan doelloos by ons verby indien ons nie vasstel <u>wat</u> is ons verpligtinge teenoor ons Skepper, en dit dan ook so uitleef nie. (Die Kerk het dit nooit vir ons geleer nie). Maar 'n geestelike lewe is méér as net die nakoming van die letter van die wet; dit is ook 'n innerlike groei na 'n liefdevolle, onbaatsugtige, verdraagsame, eerlike en opregte geaardheid (Joh 13:34-35). En om aan ons **<u>ware</u>** bankrekening te werk, moet ons ook skatte bymekaar maak *"...in die hemel, waar geen mot of roes verniel nie en waar diewe nie inbreek en steel nie."* (Matt 6:20). 'n Gebrek aan naastediens dra by tot geestelike stagnasie, en ten spyte van 'n vol lewe met aansien, sukses en welvaart, kan ons geestelik bankrot wees!

---

**[144]** Die uitverkorenes (die 144 000?) word tydelik van die aarde verwyder, want die aarde word verbrand en omvorm voordat Jesjuwa 'n ware paradys op die nuwe aarde skep. Vra gerus vir my studie wat hieroor handel. Daar lê <u>baie</u> opwindende dinge voor!

**[145]** Na die Katolieke se verraderlike moord op duisende Franse Protestante tydens die Bartholomeusnag in 1572, is die Roomse Kerk uitgewys as die Antichris van Openbaring. Ribera, 'n Jesuïete priester, het die wegraping teorie uitgedink (gegrond op Paulus) en gesê dat die heiliges na die hemel opvaar <u>voordat</u> die Antichris kom. Deur te 'bewys' dat hulle nie die Antichris is nie, het hy die Kerk van hul gruweldade verskoon.

Wanneer ons die beproewinge van die eindtyd ervaar (of die merk moet aanvaar) sonder dat iemand weggeraap is, gaan dit blyk asof Vader nie sy woord gehou het nie, of dat Hy nie bestaan nie. ('Paulus en Kerk' het dit belowe, nié Vader of seun nie). Indien ons ewige verlossing daarvan afhang of ons Vader aanroep (Joel 2:32; Hand 2:21), mag Christene weens hierdie valse belofte op 'n kritieke stadium Vader verwerp, en dus verlore gaan! Is 'Paulus en Kerk' se valse leringe nie 'n gróót aanwins vir die bose nie?

Mense wat slegs werk en leef vir hul eie gewin, is waarskynlik gedoem om eendag voor die Regterstoel te staan met leë hande! **[146]** Die Kerk verkondig nié Jesjuwa se wet-gebaseerde evangelie wat ons siele kan opwek nie, maar Paulus se afvallige *"genade sonder verdienste"* leringe, wat ons laat glo ons is nou klaar gered! Paulus skryf hy volg die Fariseërs se wet (Fil 3:5), nie Tora nie, en kyk wat gebeur met mense wat die Fariseërs se leringe volg:

> *"Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle trek rond oor see en land om 'n bekeerling te maak; en as hy dit geword het, maak julle hom 'n kind van die hel, twee maal erger as julle self."* (Matt 23:15).

In totale teenstelling met al sy 'glo net' leringe soos in Gal 3:11 hierbo, skryf Paulus in Ef 4:13 dat ons met: *"...die kennis van die Seun van Elohim..."* moet kom *"...tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van die Messias."* **[147]** Maar ons kan nie *"die volle grootte van die Messias"* bereik, sonder dat ons ook hard aan onsself werk en ons gevalle eienskappe *"oorwin"* nie. Paulus stel meestal die *"werke"* teenoor *"geloof "*, in stede om soos Jakobus te leer *"...dat die geloof sonder die werke dood is."* (Jak 2:20).

Mense is nie gewoonlik voorstanders van Paulus omdat hulle 'n goed ingeligte besluit maak nie, maar weens die misleiding en kondisionering van die Kerk; die Kerk wat steeds besig is om Jesjuwa te minag en te kruisig. **[148]** Eers wanneer ons Paulus en die Kerk se dwaalleringe soos 'n kanker uit ons denke verwyder het, besef mens hoe ons mislei word. In Deut 28:15-68 lees ons van die gevolge as ons nié *"sy gebooie en sy insettinge"* onderhou nie:

> *"43 Die vreemdeling wat by jou is, sal hoër en hoër oor jou opklim; en jy sal laer en laer afsak. 44 Hý sal aan jou leen, maar jý sal aan hom nie leen nie; hy sal die kop en jy die stert wees. 45 En al hierdie vloeke sal oor jou kom en jou agtervolg en jou inhaal totdat jy verdelg is, omdat jy nie geluister het na die stem van JHWH jou Elohim om sy gebooie en sy insettinge wat Hy jou beveel het, te hou nie."* (Deut 28:43-45).

---

**[146]** Indien ons meer uit die lewe gehaal het as wat ons ingesit het, is ons in die moeilikheid! Ons doel op aarde is om weer ons verbintenis met ons Skepper te herwin (ons volmaakte toestand), en nie om slegs aardse prestasies en besittings na te jaag nie.

**[147]** Hier is Paulus vir 'n slag in lyn met Jesjuwa se leringe, maar hierdie beginsel is nié deel van die Kerk se leringe nie. Om 'geestelik te groei' is 'n vreemde gedagte binne die Christendom, want Christene glo hulle is reeds 'gered' en die saak is dus afgehandel.

**[148]** Let op hoe die Katolieke Kerk steeds vashou aan hulle voorgangers se oomblik van glorie; Jesjuwa wat in pyn en vernederend aan die kruis hang! Hulle fokus is nie op Jesjuwa wat die dood oorwin het en in sy verheerlikte toestand sit aan die regterhand van Vader nie (Mark 16:19; 1 Pet 3:22), maar 'n miserabele figuur wat stééds aan die kruis hang! Tot dié mate wat ons agting vir Paulus toon, skaar ons onsself aan die kant van Jesjuwa se moordenaars, en is ook óns besig om Jesjuwa nog steeds te 'kruisig'.

Met 'n Bybel oopgeslaan (by Paulus) leer predikers ons meestal nie Vader se gebooie (bevele) nie. **[149]** Sodoende word ons blootgestel aan Vader se vloeke, en slaag die Kerk daarin om selfs ons gebede kragteloos te maak:

> *"Wie sy oor wegdraai om nie na die wet te luister nie, selfs sy gebed is 'n gruwel."* (Spr 28:9).

Maar Paulus se volgelinge vra deesdae met verbasing: *Is jy dan nog wetties?* Indien ons gehoorsaam sou wees aan Vader se wette, hou dit natuurlik beloftes van voorspoed en seëninge in. Dit vind ons in Deut 28:1-14. Ons lees:

- *"En JHWH sal jou die kop en nie die stert maak nie, en jy sal net boontoe en nie ondertoe gaan nie as jy luister na die gebooie* [bevele] *van JHWH jou Elohim wat Ek jou vandag beveel om te hou en te doen..."* (Deut 28:13). Sien ook Exo 23:22.

Weens Paulus se **verraderlike** *"redding deur die geloof"* lering, het ons nié gedoen wat Hy ons beveel het nie, en is ons gevolglik beroof van hierdie seëninge. Die vervalle toestand wat ons volk ervaar, is 'n dawerende bewys hiervan—die vreemdeling **hét** die kop geword, en ons **hét** die stert geword! Die politieke druk en verraad wat gelei het na ons kapitulering, was reeds deel van die gevolge van ons oortredinge, nié die oorsake nie! Ons volk staan huidiglik midde 'n strafgerig omdat ons o.a. toenemend nie die Bybel se leringe van afsondering (soos die Israeliete van ouds) gevolg het nie.

**Maar ons kom nie agter waarom ons so verneder, verarm, verdring, verkrag en vermoor word nie, want die ware oorsprong van ons vervalle toestand staan nog totaal bo verdenking — Paulus en die Kerk!**

- Ons sien in Openbaring die heiliges *"...is hulle wat die gebooie van Elohim..."* onderhou. (Opb 14:12).
- Jesjuwa leer: *"Hou maar net vas wat julle het, totdat Ek kom."* (Opb 2:25).

Ons moet vashou aan wat Hy ons leer, nie wat Paulus leer nie! Maar intussen, en seker tot die duiwel se grootste vermaak, oortree ons ook die tien Gebooie, veral die vierde gebod, (die sewendedagse Sabbat; Exo 20:11), ons verontagsaam die Bybel se feeste, die doop en die besnydenis, alles Bybelse instellings wat nêrens in die Bybel afgestel is nie! Christene vier Paasfees (in stede van Pasga) en Kersfees. Die Kerk leer dat ons met die vier van Kersfees Jesjuwa se geboorte herdenk, maar Kersfees was in die heidendom op **dieselfde wyse én dag** gevier, eeue **vóór** die koms van Jesjuwa! **[150]**

---

**[149]** Die duiwel se waardevolste medewerkers is juis predikers wat self nie besef dat hulle eintlik aan die kant van die bose veg nie. 'n Prediker wat met ywer glo in wat hy doen het baie oortuigingvermoë, want sy lidmate merk sy eerlike en opregte benadering.

■ Daar is 'n groeiende getal mense wat besef daar is fout met die Kerk, maar meeste van ons kan maar nét nie die vinger op die oorsaak lê nie, omdat die foute op plekke lê waar ons dit nie verwag nie. Oorweeg gerus die volgende:

- Die Christendom wat in 47 nM in Rome ontstaan het en in die vierde eeu deur Konstantyn as die staatsgodsdiens gevestig is, is nie dieselfde godsdiens as wat die apostels in die eerste eeu gevolg en geleer het nie.
- Omdat ons ware godsdiens verdwyn het, is daar vandag geen organisasie wat die apostels se leringe (Jesjuwa se onvervalste leringe) verkondig nie.
- Ons volk het 'n versugting om Jesjuwa te volg, maar al wat ons aangebied word, is 'n valse Paulus-gesinde godsdiens onder die naam van Christus. Dit sou nié die apostels se wil wees dat Paulus se briewe as Skrif dien nie!
- Net soos Paulus nie in ons Bybel tuishoort nie, hoort die Bybel nie in die Kerk nie! **[151]** Paulus se briewe kan in die Kerk agterbly, want albei is die maaksel van Edomiete! Ons hoort óók nie in die Kerk nie! (Opb 18:4).
- Ons sal nie die Bybel (of internasionale politiek **[152]**) kan verstaan, indien ons nie besef daar is 'n duiwelse saadlyn op aarde wat net soos ons lyk, maar ons ondergang soek nie: *"maar terwyl die mense slaap, het sy vyand gekom en onkruid onder die koring gesaai…"* (Matt 13:25-30). Die vyand kan nie skep nie maar het sy gene met Adamiete laat vermeng.
- Hulle wat Jesjuwa gedood het, is op die hoogste vlak in beheer van die Kerkstelsel: *"Die skrifgeleerdes en die Fariseërs sit* [vandag nog] *op die stoel van Moses"* (Matt 23:2). Maar die Fariseërs en hul geesgenote het **géén** belang by die Bybel nie, want die Bybel se wet (Ps 147:19-20; Jes 51:7) en beloftes (Miga 5:6-8; Matt 15:24) is **slégs** aan Israel gegee.

---

**[150]** Indien die Ou Testament glo vervul is, waarom vier die Kerk dan heidense feeste soos Kersfees en Paasfees? Die Kerk se affiniteit met son - godsdienste is ooglopend!

**[151]** Vir mense wat nog nie deeglik besef dat die Christelike Kerk sy ontstaan by die son-godsdienste gehad het nie, mag hierdie stelling baie vreemd en selfs onsinnig voorkom. In my studiestuk, *Die Kerk*, wys ek hoe het dit gebeur dat ons Skrifte deur die Kerk in gebruik geneem is. Dit is uiters belangrik om hierdie deel van die Kerk se geskiedenis te verstaan, want die Kerk se ware aard en herkoms word versteek deurdat hulle die Bybel begin gebruik het. Ons erken die Bybel as Vader se Woord, en neem dan verkeerdelik aan dat die dogma en leringe van die Kerk óók van Vader kom. Maar die Kerk en die Bybel verteenwoordig **teenstrydige** geloofstelsels, daarom het die Kerk ons voorouers vervolg, gemartel en vermoor wat dit durf waag het om die Bybel te lees! Wie sit agter die Kerk se walglike dade in hul geskiedenis? Is 'n liefdevolle Vader in beheer van die Kerk, of volg hulle die begeertes van die *"mensemoordenaar"*? (Joh 8:44).

**[152]** Daar is seker nie 'n regering in die wêreld wat nie van agter die skerms deur die *"addergeslag"* beheer word nie. "*The world is governed by very different personages from what is imagined by those who are not behind the scenes."* (Disraeli, *Coningsby*).

- Sonder dat Christene dit besef, sit hulle met 'n vervalste en vyandiggesinde godsdiens! Die Kerk verkondig Jesjuwa se téénstander se leringe. Die Kerk hang Paulus se valse *"genade sonder verdienste"* leringe aan. Die Kerk het al miljoene van ons vermoor. Die Kerk moedig verbastering aan, **[153]** en sorg daardeur dat Vader se volk nie op aarde gebore kan word nie. Die Kerk vervals die Bybel sodat ons die pad moet byster raak.
- Die Christendom is onwetend vasgevang in die duiwel se meesterstuk—die Kerk! Die Christendom spruit gedeeltelik uit die son-godsdiens wat in Gam se geslag (by Nimrod) ontstaan het. Met 'n Bybel oopgeslaan by Paulus, verkondig ons predikers aan ons, Jakob se geslag, 'n godsdiens wat deur Esau se geslag tot stand gebring is, en eerder vir húlle bedoel is.
- Ons besef nie dat ons volk met sy Europese oorsprong die nasate van Jakob is, en die verlore stamme van Israel verteenwoordig nie, en dat ons ware godsdiens eerder en gedeeltelik in Judaïsme te vinde is nie. Daar het dus nie alleen 'n ommeswaai in die identiteit van ware Israel en die Jode plaasgevind nie, maar ons onderhou nou ook mekaar se godsdienste!

■ Ons het vir té lank nie die vervalste gedeeltes in veral Handelinge raakgesien nie, en dus nie die implikasies daarvan verstaan nie. Terwyl Paulus as 'n bekeerde medewerker van die apostels uitgebeeld word, lees ons ook dat die apostels se volgelinge Paulus in werklikheid as 'n *"pes"* en 'n *"verwekker van oproer"* beskou het, en wou hom doodmaak. Hierdie teenstrydigheid staan óók in Handelinge, maar ons het toegelaat om bedrieg te word. **[154]**

■ Die Christendom is 'n mengsel van waarhede en valshede, hoofsaaklik omdat Paulus 'n mengsel van waarhede en valshede verkondig het. Terwyl Paulus se wisselvallige leringe in die Bybel voorkom, kan daar nóg kerke tot stand kom en steeds kan hulle sê hulle verkondig *die Bybel, die Bybel alleen.*

**Indien ons Paulus se sendbriewe ignoreer, verdwyn al die verwarring en twiste, asook die rede vir die duisende Christelike denominasies!**

Hoe wonderlik sou dit nie gewees het indien ons almal Jesjuwa se evangelie gevolg het nie? Dit is die talle uiteenlopende godsdienste wat ons volk van mekaar verdeel. Verskuil onder die dekmantel van godsdiens, is Paulus se briewe waarskynlik die duiwel se geheime resep om te 'verdeel en heers'.

---

**[153]** Die preekstoel word ook deur ons teenstanders gebruik om Adam se bloedlyn te verbaster: *"One world, one race. The deliberate encouragement of interracial marriages is the only way to hasten this process."* (Red Rabbi, *The Macleans Review*, 5/9/1967).

**[154]** *"But who apart from a few learned men know that the Bible likewise records the history of one of the most ambitious and importunate souls that ever existed, a mind full of superstition and cunning: the history of the apostle Paul?* (Friedrich Nietzsche, 1880).

Ons volk sal géén eensgesindheid kan bereik voordat ons eensgesindheid van geloof kan bereik nie, en ons sal géén eensgesindheid in geloof kán bereik terwyl die grootste gedeelte van ons volk nog agting gee aan Paulus en die Kerk se onbybelse leringe nie, want **dít** is wat ons van mekaar vervreem.

**Deur Paulus en die Kerk te verwerp en terug te keer na die Bybel se ware leringe, sien ek as 'n voorvereiste vir die behoud van ons volk!**

## 20 Paulus hét sy doel bereik!

Die jaar 70 nM was die waterskeiding vir die apostels se volgelinge, aangesien die voortbestaan van Jesjuwa se ware Boodskap ná daardie tydperk onder groot druk gekom, en uiteindelik verlore gegaan het. Kom ons kyk wat het hierdie belangrike draaipunt veroorsaak; waarom het die Romeinse leër Judea, en later ook Jerusalem binnegeval en alles, ook die tempel, vernietig?

> *"Teen 66 nM het Vespasianus met 'n magtige leer teen die Judeërs opgeruk. Die opstand is betreklik gou in die land onderdruk, maar in Jerusalem het die Judeërs langdurig en besonder hardnekkig weerstand gebied, al het daar sowat 'n miljoen aan die swaard en pessiektes ten prooi geval. Eers in 70 nM is die stad stormenderhand ingeneem en met die grond gelykgemaak. Selfs die pragtige tempel is deur die vlamme verteer."* (N. G. Kerk, Kerkgeskiedenis uit die *Katkisasieboek*, 1970, bl. 356).

■ Josephus, 'n geskiedskrywer en Paulus se tydgenoot, het genoem dat Paulus 'n sleutelrol gespeel het wat daartoe gelei het dat die Romeinse leer Jerusalem binnegeval het, en die tempel vernietig is. In sy interessante en omvattende boek; *James the brother of Jesus*, skryf prof. Robert Eisenman:

> *"This is what Josephus meant in the introduction to the War about how the Romans were invited into the city by 'the Jews' own leaders. ... The intermediary in this process of inviting the Roman army into the city was a member of the Herodian family called 'Saulus' or 'saul'. He is the one who delivered the message of, call it 'the peace Coalition' to the Roman army camped outside Jerusalem to enter, and a final report to Nero's headquaters, then in Corinth in Greece, a favourite haunt too of the religious activities of 'Paul'."* (p. 46).

Paulus het toegesien dat die Romeinse leër Jerusalem binneval, en dat die tempel vernietig word! Hier wys Paulus wie hy en sy vader is, want die Edomiete en hul vader (die duiwel) háát die evangelie wat in die tempel verkondig was! Niemand sou toesien dat sy eie plek van aanbidding vernietig word nie! Maar onthou, dit **was nie** Paulus se plek van aanbidding nie; **dit was uit hierdie tempel waar die apostels se volgelinge hom gesleep het omdat**

**hy nie daar welkom was nie!** (Hand 21:30). Om te spog dat Jerusalem binnegeval is; *"sowat 'n miljoen"* Israeliete gedood is; en dat ook die tempel vernietig is, het Paulus die finale verslag aan Nero gaan gee! Hierdie absoluut skokkende feite toon tot watter mate sleutel-feite vir ons versteek word, en die Kerk Paulus se beeld gepoets het! Ons lees verder uit dieselfde bron:

> *"Likewise, as we saw, the Uprising was triggered by the same 'Zealous' lower priesthood, who stopped sacrifice on behalf of the Romans and other foreigners in the Temple – including the Emperor – and rejected their gifts. Not incuriously and again, the intermediary between this more accommodating 'Peace' coalition within the city and the Roman troops outside it was a mysterious Herodian ('a relative of Agrippa'), whom Josephus identifies as 'Saul' or 'Saulus'. We have met this 'Saulus' before in his work, because in the Antiquities, after the stoning of James, Josephus pictures Saulus, his brother Costobarus, and another relative, Antipas, as leading the riot in Jerusalem, in which they 'used violence with the people .... to plunder those weaker than themselves'."* (Prof. Robert Eisenman).

Hier gee hy nie meer voor om 'n bekeerde Israeliet te wees wat Jesjuwa volg nie! Hier is hy ook nie 'die heilige apostel Paulus' nie! Hier wys Paulus wie hy **wérklik** is—'n lid van die *"addergeslag"* uit die bloedlyn van Herodus, wat Jesjuwa só haat, dat hy sy volgelinge plunder en (nét soos tevore) laat vermoor! Hierdie geskiedkundige beskrywing van Paulus is gelukkig nie deur die Kerk vernietig of vervals nie, en gee 'n totaal ander beeld as wat die byskrywer(s) van Handelinge vir hom opgetower het! Handelinge eindig in 61 nM, nege jaar voor hierdie gebeure, en hier is hy nie meer in die gevangenis nie.

■ In die Edgar Cayce biblioteek **[155]** kry ons ook inligting oor Paulus:

> *"...there was no rebellion of those peoples of the land against Roman authority, only ... when Paul, by his own self, brought misinterpreting, misunderstanding."* Then ***"the persecutions of the church arose through the activities of the enmity aroused against Paul,*** *and his disputes with the ... first church in Antioch and the first church in Jerusalem, headed by the brother of the Lord, James..."* (Anne Read, *Edgar Cayce on Jesus and his Church*).

---

**[155]** *Edgar Cayce, a clairvoyant of Presbyterian background, in the United States.* (*Encyclopaedia Brittanica 2003*). Net soos Siener van Rensburg, kon Cayce die toekoms sien, maar weens die werking van Cayce se heldersiendheid, kon hy ook 'sien' wat in die verlede gebeur het! In 'n biblioteek te Virginia Beach in die VSA, bestaan die rekords van meer as 14 000 "readings" wat hy oor 'n tydperk van veertig jaar oor 'n wye spektrum van onderwerpe gegee het. Uit hierdie totaal onafhanklike bron kry ons hierdie stukkie opspraakwekkende inligting, wat handel oor Paulus se rol in die aanstigting van die vervolging teen o.a. die Kerk van Jakobus (die leier van die apostels) in Jerusalem.

Volgens hierdie rekords (wat nie vervals is nie) was die Israeliete **nié** in opstand teen die Romeinse oorheersing nie, maar Paulus het *"by his own self"* die *"misinterpreting"* en *"misunderstanding "* veroorsaak. **[156]** Die *"persecutions"* teen o.a. die *"first church in Jerusalem"* (Jakobus en die apostels) het begin weens die *"enmity"* teen Paulus, en sy *"disputes"* met hulle. **[157]**

Paulus word beskryf as die apostels se **téénstander** en/of die persoon wat toegesien het dat die apostels se volgelinge vervolg word, deur; (a) die geskiedskrywer, Josephus, Paulus se tydgenoot; (b) die Esseners, ook Paulus se tydgenote, en skrywers van die Damaskus Dokument (deel van die Dooie See Rolle); (c) die Edgar Cayce Rekords; en (d) die boek Handelinge.

■ Kom ons kyk weer na die aanklag teen Paulus op die stadium toe hy voor die goewerneur, Felix, moes verskyn nadat die Israeliete hom aangekla het:

> ***"Want ons het gevind dat hierdie man 'n pes is en 'n verwekker van oproer onder al die Jode*** **[Judeërs]** ***in die wêreld ..."*** (Hand 24:5).

'n Baie gepaste beskrywing, noudat ons hom beter leer ken het! Ons lees in Handelinge 9:31 dat, nadat Paulus op 'n stadium teruggestuur is na Tarsus:

> *"... die gemeentes deur die hele Judéa en Galiléa en Samaría het vrede gehad; en terwyl hulle opgebou is en gewandel het in die vrees van JHWH en die vertroosting van die Heilige Gees, het hulle vermeerder."*

*"Die hele Judéa"* het weer vrede ervaar nadat hulle van die *"pes"* ontslae geraak het! Om vrede in ons land te bewerk, moet ons presies dieselfde doen!

Dit was deur alle eeue die modus operandi van Esau/Edom/Jode om oproer te skep wat nie bestaan het nie, en om dan die daaropvolgende konflik te gebruik vir eie gewin. Om Jesjuwa se werk op aarde *"vrugteloos"* te maak en ons van ons godsdiens te beroof, het Paulus die Romeinse leër gebruik.

---

**[156]** In 65 nM, vyf jaar voor die vernietiging van Jerusalem en die Tempel, erken Paulus in sy brief *"...dat almal wat in Asië is, hulle van my afgekeer het…"* (2 Tim 1:15). Kommunikasie was in daardie tyd nie so vinnig soos vandag nie, maar dit moes ook by sy ander gemeentes bekend geword het dat hy 'n valse apostel is. Paulus moes dus van strategie verander, want dit sou hom nie meer baat om hom as apostel voor te doen nie. Hy hét sy briewe gestaak (2 Timótheüs is Paulus se laaste brief), maar dit was steeds sy doel om Jesjuwa se evangelie tot niet te maak, en daarvoor moes hy die apostels, hul volgelinge en die tempel elimineer. Hier lees ons dat Paulus sy doel bereik het deur die Edomiete se beproefde metode; om onmin tussen die partye te saai.

**[157]** Die vervolgings in die daaropvolgende eeue was **slégs** gerig teen die Christene wat die apostels se leringe gevolg het, nie teen die Christene van Rome waarvan Paulus die fondasie gelê het nie. Die woord "Christen" verwys vandag na die Paulus/Roomse godsdiens wat Jesjuwa se evangelie met geweld onderdruk het! Christene volg onwetend die godsdiens van Jesjuwa se haters, daarom is Paulus in die plek van Jesjuwa.

Die Israeliete het nie ’n oorlog teen die magtige Romeinse leër begeer nie, maar hulle was volgens Josephus (wat Paulus persoonlik geken het), en die inligting in die Cayce Rekords, daarin gedompel weens die onmin wat Paulus doelgerig tussen die groepe gesaai het. Paulus was die hooffiguur in die aanblaas van vyandigheid teen die apostels! Hiervan lees ons nie in die voorgeskrewe geskiedenis nie! Net soos voor sy ‘bekering’ het hy Jesjuwa se volgelinge laat vermoor, maar hierdie keer doen hy dit op ’n **oneindig** groter skaal!

Is dit moontlik dat ’n enkele Edomiet meer as ’n miljoen Israeliete kon laat vermoor? **[158]** Is dit moontlik dat so ’n ingrypende gebeurtenis in die wêreld se geskiedenis kon plaasvind en weer toegesmeer word? Kan ’n godsdiens ontstaan; (a) volgens die verraderlike evangelie van ’n gevalle engel wat, (b) “Christus” in werklikheid haat, en dit tot in ons moderne tyd onder die vaandel van die Christendom voortbestaan? Ja, dit **ís** die verbysterende realiteit! Volgens Jesjuwa se voorspelling hét Paulus sy werk *“vrugteloos”* gemaak (Jes 49:4; Joh 5:43), maar steeds word hy deur ons predikers voorgehou as die ‘heilige apostel Paulus’, en steeds is ons volk bereid om daarna te luister!

■ Jesjuwa se volgelinge was uitgeskakel, en verskeie rolspelers het daarna die Christendom gevorm. Van die Konsilie van die Efese (431 nM) lees ons:

> *“Pelagius het ontken dat die mens in sonde gebore word, en het beweer dat die mens deur sy eie vrye wil die verlossing in Jesus Christus kan aanneem of verwerp. Christus is net ons voorbeeld wat ons moet navolg.* **[159]** *Teenoor hierdie dwaalleer* **[160]** *het veral Augustinus kragtig die leer van Gods woord verdedig, nl. dat die mens in sonde ontvang en gebore word, en alleen deur die vrymagtige genade van God, sonder sy eie toedoen of verdienste, gered word.* **[161]** *Op die Konsilie van Efese 431 is die leer van Pelagius verwerp.”* (*Kerkgeskiedenis*, N.G. Kerk se katkisasieboek, 22ste druk, bl. 357).

---

**[158]** Daarna was daar verskeie tydperke toe Christene vermoor is: *“ ’n Sekere professor sê die Roomse Kerk het via die Jesuïte-Orde ’n 100 miljoen kinders van die Hemelse Vader uitgewis.”* (Ds. Ben Maree, *Paulus en sy Veldstoeltjie*). En stééds gaan sy verwoesting voort; ’n vloek verteer die aarde omdat ons Vader se wette verontagsaam! Die aarde gaan leeg gemaak en verwoes word; die aardbewoners *“deur ’n gloed verteer ”* word (Jes 24:1-6), alles a.g.v. Paulus se mooi-klinkende maar wettelose leringe!

**[159]** Hierdie siening verteenwoordig Jesjuwa en sy apostels se leringe: *“…omdat Messias ook vir julle gely het en julle ’n voorbeeld nagelaat het, sodat julle sy voetstappe kan navolg”* (1 Pet 2:21). Ook: *Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het.* (1 Joh 2:6). Lees asb. ook 1 Pet 1:15 en Opb 3:21.

**[160]** Let net op hoe beskryf die N. G. Kerk ons Leermeester se leringe, ’n dwaalleer!

**[161]** Hierdie siening is **tipies** Paulus se leringe: *“...en hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Jesjuwa Messias is.”* (Rom 3:24).

In werklikheid het Pelagius en Augustinus onderskeidelik die evangelie van Jesjuwa en Paulus verteenwoordig. **[162]** Op die Konsilie van Efese is Jesjuwa se evangelie effektiewelik verwerp, en is Paulus s'n aanvaar. Tans gee die Kerk nog steeds voorkeur aan Paulus se leringe terwyl hulle voorgee dat hulle Jesjuwa volg — hulle volg dus 'n *"ander Jesjuwa"* (2 Kor 11:4).

■ Martin Luther (1483–1546) het sentraal gestaan in die Hervorming (vanuit die Roomse Kerk) wat gelei het tot die ontstaan van Protestantisme. Maar Paulus se leringe het ook by Luther 'n baie groot *"inner conflict"* veroorsaak:

> *"At the entrance to the world of the thought of St. Paul, Luther was halted — the road blocked by a word that intensified his difficulties to an almost intolerable degree. ...he gave to "justification by faith," a priority it retained in the new theological framework of Protestantism. This became for him the nerve of the gospel, that salvation is to be thought of primarily in terms of grace."* (Luther, Martin. *Encyclopaedia Britannica 2003*).

Luther was duidelik ook deur Paulus se *"justification by faith"* (geregtigheid deur geloof) verwar, bv. Rom 3:28. In 1531 kom Luther sy fout agter, maar dit was in daardie tyd lewensgevaarlik om te erken dat hy verkeerd is. Twee jaar na sy dood slaag Melancthon daarin om 'n 'dubbele geregtigheid' lering in die Lutherse Kerk in te stel; 'geregtigheid deur geloof' as eerste stap, en 'geregtigheid deur werke' as tweede stap. Jesjuwa se evangelie van 'verdienste' is dus verkondig, maar dit is in 1580 deur Paulus-gesindes verban wat na die dood van Melancthon en Major, in beheer van die Lutherse Kerk gekom het.

■ Weens Paulus, is die Christendom nou deurspek met Babiloniese leringe!

> *"Paul, not Jesus, was the founder of Christianity as a new religion which developed away from both normal Judaism and the Nazarene variety of Judaism... Paul derived this religion from Hellenistic sources, chiefly by a fusion of concepts taken from Gnosticism and from the mystery religions, particularly from that of Attis."* (Wenham, *The Mythmaker*). **[163]**

As 'vader van die Christendom', is Paulus seker dié suksesvolste agent van die bose magte wat hierdie planeet nog óóit opgelewer het, want sy valse en wettelose evangelie, staan tot vandag in die plek van ons ware godsdiens.

---

**[162]** Die verwarring en stryd wat Christene vandag nog verdeel, is hoofsaaklik weens die feit dat die Nuwe Testament uit twee teenstrydige evangelies bestaan—Jesjuwa se evangelie van verdienste, asook Paulus se evangelie van genade sonder verdienste.

**[163]** Nadat Paulus die apostels se mag gebreek het, moes die Edomitiese priesterdom in ekstase gewees het, want hul gehate vyand, Jesjuwa, was oorwin! Die oorwinnaars skryf altyd die geskiedenis, en aartsbiskop Chrysostom (347-407 nM) se bewering dat Paulus in 67 nM as 'martelaar vir Jesjuwa' in Rome onthoof is, is klaarblyklik 'n poging om Paulus se spoor van verwoesting in Jerusalem drie jaar later (in 70 nM) te versteek.

## 21 <u>Waarom het Vader dit toegelaat?</u>

■ Ek hoor soms die bewering dat Vader nie sou toelaat dat Paulus se briewe in die Bybel opgeneem word as dit nie die waarheid is nie. Ek vermoed dat hierdie verweer kom van mense wat ook sal sê dat Vader nie sal toelaat dat daar aan Sy Woord verander word nie. Maar die Nuwe Testament is vol voorbeelde dat dit wél gebeur het! Ek het ook die bewering gehoor dat Paulus se briewe volgens numeriese beginsels in die Bybel moét wees. Dit is nie duidelik wat die punt is nie, want daar is ook ander boeke en briewe wat <u>eerder</u> in die Bybel opgeneem kan word, wat sonder Paulus se briewe, ook die 66 boeke kan opmaak. En waarom moet dit presies 66 boeke wees?

■ Oppervlakkig beskou, mag dit voorkom asof die duisternis geseëvier het oor die lig, maar Paulus se briewe blyk deel te wees van Vader se siftingsproses. Ons sou nie ons toewyding aan Jesjuwa kon wys indien daar nie ook iemand anders is uit wie ons kan kies nie. Kom ons kyk weer na Jesjuwa se voorspelling dat iemand ná Hom sal kom en in sy plek gaan staan:

> *"Ek het gekom in die Naam van my Vader, en julle neem My nie aan nie. As 'n ander een in sy eie naam kom, hóm sal julle aanneem."* (Joh 5:43).

Die *Matthew Henry Kommentaar* skryf oor hierdie teks:

> *"1) Those are <u>the false prophets</u> who come in their own name, who run without being sent... 2) <u>The errors of antichrist are the just punishment of those who obey not the doctrine of Christ.</u> They that shut their eyes against the true light are by the judgement of God given up to <u>wander endlessly after false lights</u>, and to be led aside..."*

| |
|---|
| Net soos in Eden laat Vader toe dat die teenstander ons toets—wil ons by Vader en sy wette bly, of klink Paulus se wettelose evangelie meer aanloklik? Maar Vader maan ons: *"Dit is my geliefde Seun… **<u>Luister na Hom!</u>**"* |

Indien ons al eerder ons huiswerk gedoen het en opgehou het om blindelings agter die Kerk of 'n prediker aan te loop, kon ons lánkal Paulus as 'n werktuig van die duisternis ontmasker het. Vader respekteer ons vrye wil, en daardeur wys ons of ons Jesjuwa se stem (leringe) erken en volg, en of ons mislei en meegesleur kan word om vreemde leringe te volg, en wat dan leer:

> *"2 Laat ons agter ander gode aanloop — wat jy nie geken het nie — en hulle dien, 3 dan moet jy nie luister na die woorde van dié profeet of na dié man wat as dromer optree nie; want <u>JHWH julle Elohim beproef julle</u> om te weet of julle werklik JHWH julle Elohim liefhet met julle hele hart en met julle hele siel. 4 Julle moet JHWH julle Elohim navolg en Hom vrees en sy gebooie hou en na sy stem luister en Hom dien en Hom*

*aanhang. [5]Maar dié profeet of dié man wat as dromer optree, <u>moet gedood word</u>, want hy het afval verkondig"* (Deut 13:2-5).

Waarskynlik weens hul gehoorsaamheid aan hierdie opdrag van ons Vader:

> *"...het sommige van die Jode* [Judeërs] *saamgespan en hulleself vervloek deur te sê dat hulle nie sou eet of drink totdat hulle Paulus doodgemaak het nie."* (Hand 23:12).

Ons kan óók gehoorsaam wees aan Vader se opdrag; deur Paulus uit ons godsdiens te sleep, net soos die Israeliete Paulus uit die tempel gesleep het!

■ Vir hoe lank gaan ons nog deur 'n valse en bose godsdiens beproef word?

• In sy gelykenis van die onkruid sê Jesjuwa: *"Laat altwee* [die twee saadlyne] *saam groei tot die oes toe, en in die oestyd sal ek vir die maaiers sê: Maak eers die onkruid* [Esau; Ob 1:9-10] *bymekaar en bind dit in bondels om dit te verbrand, maar bring die koring bymekaar in my skuur."* (Matt 13:30).

• In die gelykenis van die landbouers sien ons dat die slegte landbouers (Esau/Edom/Fariseërs/die Christelike Kerk) in beheer bly tot *"Wanneer die eienaar van die wingerd dan kom ..."* [Jesjuwa se wederkoms] (Matt 21:40).

• Die boodskap van Dan 9:27 gaan in meeste Bybels grootliks verlore. Volgens die Hebreeuse teks het die *Good News Bible* dit dalk die beste vertaal:

> *"That ruler* [Vader JHWH] *will have a firm agreement with many people for seven years* [time periods (H7620) - seweduisend jaar] *and when half this time is past, he will put an end to sacrifices and offerings.* [geen bloedoffers na die Messias (Heb 10:6-10)]. *The awful horror* [Esau/Edom] **[164]** *will be placed on the highest point of the temple* ['Die skrifgeleerdes en Fariseërs sit op die stoel van Moses.' (Matt 23:1)] *and will remain there until the one who put it there* [Julle het <u>die duiwel</u> as vader...' (Joh 8:44)] *meets the end* ['En hy het die draak gegryp die ou slang wat die duiwel en die Satan is en hy het hom gebind duisend jaar lank.' (Opb 20:2)] *which Elohim has prepared for him.* ['En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp' (Opb 20:10)]."

Indien die ingevoegde tekste 'n korrekte eksegese verteenwoordig, sal Esau/Edom se Messiaans-Babiloniese geloofsleer die basis van die Christendom bly tot by die wederkoms, wanneer hul vader (die duiwel), gebind word. **[165]**

> "*Want Esau is die einde van hierdie tydperk, en die begin van die toekomstige dinge, is Jakob..."* (Esdras 6:9).

---

**[164]** Die *"awful horror"* het blykbaar oral aan ons Bybel gepeuter om ons te mislei, want Deut 23:7 lees: *"Die Edomiet moet jy <u>nie</u> as 'n gruwel beskou nie, want hy is jou broer..."* en die *Contemporary English Version*: *"Now you must be kind to Edomites..."*

## 22 Samevatting

Daar loop ŉ goue draad deur die hele Ou Testament na die Nuwe Testament, maar wanneer ons by Handelinge en Paulus se briewe kom, het ons met ŉ vreemde godsdiens te make. Nadat mens daardeur geswoeg het, kry ons weer die wet-gebaseerde leringe van Vader en Seun tot in Openbaring.

■ Paulus se verhaal begin etlike jare ná die opvaring toe hy met openlike haat teen Jesjuwa se volgelinge opgetree het. Daarna was sy strategie om voor te gee dat hy bekeer het, en dat Jesjuwa hom as apostel aangestel het, maar al meer Israeliete het besef dat hy ŉ leuenaar is (Opb 2:2). Die verskyning van Openbaring **[166]** was waarskynlik die grootste rede waarom Paulus se 'apostelskap' tot ŉ einde gekom het, want hy skryf in daardie jaar dat almal in Asië hulle van hom afgekeur het (2 Tim 1:15). **[167]** Vader erken net *"die twaalf apostels van die lam"* (Opb 21:14), en dit moes toe vir almal duidelik gewees het dat Vader nié vir Paulus (die dertiende apostel), erken nie.

Vader het dus vir Paulus as ŉ bedrieër ontbloot! Die gevolg was dat hy sy reise en briewe moes staak, want niemand sou meer na hom luister nie. Nadat Openbaring verskyn het, het hy ook géén verdere briewe geskryf nie.

Maar Paulus se verhaal eindig tóg suksesvol, dalk heeltemal bo sy eie verwagting, want sy vernederende uitsleep uit die tempel; om ná al sy reise en gevangenskap as valse apostel uitgeken en verlaat te word, word gewreek met die slagting van (altesaam) meer as ŉ miljoen Israeliete, en die vernietiging van Jerusalem asook die tempel. Paulus hét dus sy lewensdoel bereik, nie deur hom as apostel voor te doen nie, maar omdat hy daarin geslaag het om die Israeliete en die Romeinse ryk in ŉ oorlog teen mekaar op te sweep.

---

**[165]** Dit wil egter voorkom asof ons hier in Suid-Afrika voor die res van die wêreld van Esau/Edom/Jode gesuiwer gaan word. In sy boek, *Stem van ŉ Profeet*, skryf Adriaan Snyman, dat ons eie Siener van Rensburg, gesê het: *"In daardie stad* [Durban] *sal die groot en finale slag dan plaasvind. Maar uiteindelik gaan ons vyande noodgedwonge die aftog blaas en die land verlaat."* In sy visioen sê Oom Niklaas, dan slaan sy ou State-bybel voor hom oop op Eksodus 14:13: *"Dezer uwer vyanden sal u inderewigheid nooit weer ergeren..."* In die *1953 Ou Afrikaanse Vertaling* staan: *"...soos julle die Egiptenaars* [vyanden] *vandag sien, sal julle hulle nie weer sien in ewigheid nie."*

**[166]** Paulus het sy laaste brief (aan Timótheüs) in 65 nM geskryf; dieselfde jaar wat sommige bronne aangee wanneer die boekrol, Openbaring, in omloop begin kom het.

**[167]** Hoeveel Paulus-predikers het die integriteit om hierdie teksvers (waarin Paulus erken dat hy in sy eie tyd sy volgelinge verloor het), aan hul gemeente uit te wys? Is predikers wat Paulus, in stede van Jesjuwa se evangelie verkondig (veral nadat hulle hierdie of soortgelyke studies onder oë gehad het), nie deel van die *"valse profete"* nie? (1 Joh 4:1). Om nie hul status, huis, inkomste of pensioen in gevaar te stel nie, gaan hulle skynbaar voort om diegene wat sorg vir hulle welstand, se ewige lewe te bedreig.

Na die verskyning van Openbaring, moes Paulus en sy briewe bitter min relevansie gehad het. Maar nadat Jakobus deur die Sadduseërs vermoor is, het vervolging weer plaasgevind; en toe Jerusalem en die tempel (deur Paulus se toedoen) vernietig is, is Jesjuwa se volgelinge grootliks uitgewis. Ons godsdiens het ná die apostel era heeltemal begin verander, want sommige Kerkvaders wat in die tweede eeu na vore gekom het, was Jesjuwa vyandiggesind, en Paulus se briewe was vir hulle 'n logiese en baie welkome uitweg.

Nadat Paulus reeds in sy eie tyd deur almal as 'n valse apostel uitgeken is, en sy briewe verwerp was, kan mens tereg wonder wat het dan gebeur dat ons van voor af deur sy leringe verwar en mislei word? Van die redes kan wees:

- Marcion het in die tweede eeu Paulus se briewe weer laat herleef. Dit is later as kanon verklaar, en skep die indruk dat dit óók Vader se Woord is.
- Handelinge is **omvattend** verander **[168]** sodat dit moet voorkom asof Jesjuwa wél vir Paulus aangestel het en sy apostels hom aanvaar het.

Die doen en late van die twaalf apostels binne die vroeë gemeente in Jerusalem, asook die handelinge en gebruike van die Esseners, behoort baie eerder die middelpunt van die boek Handelinge te wees, maar is weggelaat ten gunste van Paulusverdigsels en talle valse leringe wat vandag nog ons ware godsdiens verdring. Van die byna totale ignorering van Jakobus (die erkende leier van die apostels) in die boek, Handelinge, skryf prof. Eisenman:

> *"Once James* [Jakobus] *has been rescued from the oblivion into which he was cast, abetted by one of the most successful rewrite enterprises ever accomplished – the book of Acts (and one of the most fantastic) – it is necessary to deal with a new constellation of of facts..."* (*James the Brother of Jesus*, p. 963).

Noudat ons die feite begin ondersoek, verstaan ons die groter prentjie beter, en word ons weereens daarvan bewus dat Paulus homself as apostel aangestel het. Dit is dus net 'n regstelling om Paulus se briewe te ignoreer, want die Bybel is gekorrupteer nadat briewe bygevoeg is wat die apostels nié erken het nie. **[169]** Indien Paulus nie op die toneel verskyn het nie, sou die Christendom nie ontstaan het nie, en sou ons steeds die apostels se godsdiens gevolg het — Judaïsme. (Die huidige weergawe is óók gekorrupteer).

---

**[168]** Kyk wat skryf 'n eertydse president van die VSA: *"The Book of Acts was written by the crafty 'Minister of Propaganda of the School of Paul' in order to provide fake legitimacy for Paul's corrupting teachings and his self-appointed Apostleship." "The person who reads the New Testament uncritically, becomes an admirer of Paul, feeds and perpetuates . . . the Religion of Edom."* (*Writings of Thomas Jefferson* Vol. XV (1904).

**[169]** Die apostels het Paulus geensins erken nie, en toe Johannes skryf *"...u Woord is die waarheid"* (Joh 17:17 b), was Paulus se briewe beslis nié deel van die Woord nie!

■ Die redes vir Paulus se voortgesette gewildheid is moontlik die volgende:

- Paulus se briewe is reeds tydens die ontstaan van die Christendom ingesluit, en dit is moeilik om te aanvaar dat ons vir só lank mislei kon word. Hierdie misleiding duur voort weens die weerhouding van die ware feite.
- Ons het 'n ingeboude respek vir Vader se Woord, en omdat sy briewe in die Bybel opgeneem is, 'erf' sy leringe nou outomaties dieselfde respek.
- 'n Gedeelte van Paulus se evangelie (wat hy in Damaskus geleer het en hy uit die Skrif geleen het) **[170]** verleen aan hom 'n beeld van opregtheid.
- Paulus verkondig op elk van sy leringe ook 'n alternatiewe lering, en bied dus daardeur 'n basis waaruit elkeen kan neem waarin hy self wil glo. Sy leringe dat die wet verval het ná Jesjuwa, bied 'n baie gewilde godsdiens!
- Weens die verraderlike byskrywing in Handelinge, aanvaar Christene in goeder trou dat Paulus bekeer het en dat hy Jesjuwa goedgesind was.
- In die Kerk se geloofsbelydenis, dogma en leringe, verkies die Kerk gewoonlik Paulus se woord bo dié van Jesjuwa. Paulus staan heeltemal bo verdenking, en dit is vir baie Christene werklik moeilik om te glo dat predikers se 'pragtige preke' in werklikheid op 'n valse apostel gegrond is.
- Predikante het sewe jaar aan 'n universiteit gestudeer, so ons respekteer hul kennis en insig. Meeste mense wil dus eers hoor wat hul dominee van 'n saak dink, en so bly hulle natuurlik vasgevang binne hul kerk se dogma.
- Dit blyk asof predikers Paulus se leringe selektief gebruik, sodat sy onsinnige leringe nie bekend word nie; ook nie dat hy homself weerspreek nie.
- Ons is van kindsbeen af georiënteer t.o.v. Paulus se leringe, en daarom is sy leringe nou deel van ons verwysingsraamwerk, ons basis waarmee ons nuwe inligting oorweeg. Meeste mense vind dit moeilik om aan hul verwysingsraamwerk te verander en sal ook nie verander voordat genoeg ander mense nie ook so glo nie, of as gesaghebbende figure nie die voortou neem nie. Ons gemaksone word beproef indien ons deel van die minderheid is en ons buite die norm beweeg. Ons benodig dus 'n innerlike sterkte en leiding van sy Gees om van die Paulus-strik bevry te word.
- In 2 Kor 11:4-5 sê Paulus hy verkondig 'n *"ander Jesjuwa",* en sy volgelinge ontvang 'n *"ander gees"*. Hierdie gees kan diegene gebonde hou binne die oortuigings en gedragseienskappe van hóm wie hul volg. **[171]**

---

**[170]** Dr. Charles Potter skryf in sy boek, *Potter* (bl. 93), dat *Die Boek van Henog* Paulus se *vade mecum* was—sy 'handboek' wat hy altyd met hom saamgeneem het.

**[171]** Indien ons vir Paulus volg, maak ons nie die deur oop vir invloede van Paulus se vader nie? Is dít dalk die ware rede vir die verraad en kwaadsprekery onder Christene?

■ Paulus se onbybelse leringe word soms toegeskryf aan veranderings wat glo aan sy briewe aangebring is. Selfs indien dit so sou wees, bly sy leringe tog onbetroubaar! Maar Paulus se apostelskap word nie slegs weerlê weens sy valse leringe nie, ons het gesien dat hy beslis nie die persoon was wat Handelinge skets nie, en het sy tydgenote óók geweet dat hy 'n valse apostel is! Deur te sorg dat Jerusalem en Vader se huis (die tempel) vernietig word, het Paulus sy haat teen Vader bevestig, en die *"addergeslag"* (die Edomiete) se strewe uitgevoer: *"Breek weg, breek weg, tot op die grond..."* (Ps 137:7).

■ Ons lees in beide die Ou en Nuwe Testament van *"Die steen wat die bouers verwerp het, het 'n hoeksteen geword."* (Ps 118:22 en Matt 21:42). Jesjuwa is natuurlik die Hoeksteen, maar Hy word vir tweeduisend jaar verwerp. Meeste Christene is bewus van hierdie tekste, maar besef nie dat dit juis hulle is wat die Hoeksteen verwerp indien hulle 'Paulus en Kerk' sou volg nie!

Dit is nie in belang van die bose dat ons ons Leermeester volg nie, daarom het hulle 'n substituut (Paulus) gestuur. Handelinge se leringe dat Jesjuwa vir Paulus gestuur het, is seker een van die grootste leuens van alle tye! Dit is ook nie in belang van die bose magte dat ons Vader se bevele nakom nie. 'n Verteenwoordiger van die Eenwêreld-regering het gesê: *"we had to get rid of God to bring in the New World Order."* Paulus leer ons is nie meer onder die wet nie (Rom 6:14), en hy verontagsaam ook die eerste vier gebooie. Indien ons nie na Vader se bevele hoef te luister nie, hét hy van Hom ontslae geraak! Paulus se wettelose leringe pás die doelstellings van die bose, want hy het alrééds die Christendom voorberei vir die Antichris van eindtyd! **[172]**

Paulus het dus reeds van beide Vader en Seun ontslae geraak! Soos tevore aangetoon, hét Paulus Jesjuwa se beeld en leringe geskaak, en die feit dat die Kerk se dogma en leringe grootliks op Paulus se leringe gegrond is, kan deur enigiemand nagegaan word. Paulus kwalifiseer los hande vir die titel; Antichris! (In die plek van Christus). Nadat Paulus op die toneel verskyn het, waarsku Johannes; *"...hy* [die Antichris] *is nou al in die wêreld."* (1 Joh 4:3).

In Matt 7:15 waarsku Jesjuwa ons teen *"die valse profete wat in skaapsklere na julle kom en van binne roofsugtige wolwe is."* En Judas skryf as volg:

> *"Want sekere mense het ingesluip wat lank tevore al opgeskryf is vir hierdie oordeel,* [Henog 14:5] *goddelose mense* [Rom 7:15-24] *wat die genade van onse Elohim verander het in ongebondenheid,* **[173]** *en die enigste Heerser, Elohim, en onse Jesjuwa verloën."* (Judas 1:4).

---

**[172]** Indien daar 'n stadium kom dat ons vir of teen Jesjuwa in die openbaar moet kies (en so ons ewige lot verseel), sal Paulus-aanhangers waarskynlik géén probleem hê om téén Jesjuwa te kies nie, want hulle doen dit alreeds! Terwyl hulle Paulus aanhang en verdedig, veg die kinders van die lig in werklikheid aan die kant van die duisternis.

Het Judas, Jesjuwa se half-broer, spesifiek na Paulus verwys toe hy hierdie geskryf het? Die skokkende werklikheid is dat die huidige Paulinisties-gesinde Christelike Kerk, spruit uit die Fariseër-georiënteerde groep wat Jesjuwa **teengestaan en vermoor het!** Die Kerk se beheptheid met Paulus, is ʼn voortsetting van die Edomiete se verbloemde haat teen ons Meester! En ons eie herders volg en eer hom nog steeds asof hy ʼn gesalfde van Vader is!

■ Almal van ons het natuurlik gewoond geraak aan die beeld wat die Kerk vir Paulus geskep het. Dit is daarom te verstane dat dit vir die meeste van ons ʼn redelike groot skok is, en ook ʼn groot denksprong verg, om nou te aanvaar dat Paulus nog al die tyd ʼn valse en self-aangestelde apostel is. Dit is ʼn aanwins indien ons as deel van ons opvoeding ʼn respek vir die Bybel aangeleer het, maar dit is nou van kardinale belang om die nodige volwassenheid van gees aan die dag te lê en te aanvaar dat daar aan die Bybel verander en bygevoeg is, en dat ons dele in die Nuwe Testament **moet** ignoreer.

■ Geen regdenkende persoon sal voortgaan om met ʼn besigheid sake doen nadat daar vasgestel is dat die betrokke besigheid hulle gruwelik bedrieg nie. Tog blyk dit nou dat die Kerk ons reeds vir eeue bedrieg! En die gevolge van die Kerk se valshede strek na ʼn oneindig belangriker vlak as net ons fisiese werklikheid—die Kerk se bedrog bedreig ook die siel se ewige bestemming!

Die *“addergeslag”* wat die begeertes van húl vader dien en op die stoel van Moses sit, is besig om ons doelbewus te mislei! Eers wanneer ons die Bybel se grondtekste en die werk van die geskiedskrywers van die eerste eeue nagaan, kom ons agter dat hier ʼn **enorme** bedrogspul aan die gang is! **[174]**

Ons soektog na waarheid is eerstens ʼn soektog na ons eie geloofsleer. Noudat ons die valsheid van die Christendom insien, verander ons nie na Islam, Boeddhisme, ens. nie, maar na die godsdiens van die ware apostels.

■ Ek vermoed dat ons ʼn al groter skeuring gaan sien tussen lig en duisternis; tussen diegene wat Vader en Seun se wet-gebaseerde leringe volg, en diegene wat Paulus en die Kerk se wettelose leringe volg. **[175]** Johannes skryf:

---

**[173]** ʼn Ongebonde godsdiens (ʼn godsdiens sonder wette), lei na morele en geestelike verrotting. Is dit dan té vergesog om die huidige verval van die Christelik/Westerse beskawing voor die deur van die “algemene (vermengde) Christelike (Paulus) kerk” te lê?

**[174]** Daar is heelwat studies beskikbaar wat handel oor die ontstaan van die Christendom, maar my ervaring daarvan is dat die meeste studies gedoen word deur die bril van die Kerk. Vir mense wat op soek is na waarheid, maar nie die inklinasie het, of toegerus is om dokumente van die eerste eeue na te vors nie, sal ek die navorsing van Dr. Theuns Botha van Pretoria sterk aanbeveel. Sy omvattende boek; *Heidenbagasie binne die Christendom,* bied o.m. ʼn deeglike en objektiewe beskouing van die Kerk se ontstaan, en bring belangrike en interessante feite na vore wat ander navorsers verswyg.

- *“As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie en groet hom nie.”* (2 Joh 1:10). Paulus skryf dat hy ’n *“ander evangelie”* as Jesjuwa se apostels leer, maar tog beveel hy sy volgelinge om hulle te onttrek van elke broeder wat nie na **sý** leringe wil luister nie:
- *“Ons beveel julle, broeders, in die Naam van onse Jesjuwa die Messias,* **[176]** *dat julle jul onttrek aan elke broeder wat onordelik wandel en nie volgens die oorlewering wat hy van ons ontvang het nie.”* (2 Tess 3:6).

**Paulus beveel dus sy volgelinge om nié na Jesjuwa te luister nie!** Hierdie bevel *“in die Naam van onse Jesjuwa die Messias”* ontbloot óók Paulus se valsheid, want Jesjuwa leer in werklikheid presies die teenoorgestelde:

> *“...Ek het nie gekom om regverdiges te roep nie, maar sondaars tot bekering.”* (Matt 9:13). Wie *“onordelik wandel”* moet mos juís bereik word!

■ Om as deel van die minderheid teen die algemene sienswyse te staan is gewoonlik nie maklik nie, maar onthou, die feit dat ’n duisend mense saamstem, beteken nie hulle is reg nie! Wanneer ons hierdie bedrogspul en massa-misleiding begin verstaan, kry Jesjuwa se leringe nuwe betekenis:

- *“...soek en jy sal vind...”* (Matt 7:7).
- *“Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is min wat dit vind.”* (Matt 7:14).
- *“Verder is die koninkryk van die hemele soos ’n skat wat verborge is in die saailand...”* (Matt 13:44).

> Is die miljoene Christene wat Paulus se maklike en wettelose evangelie volg op die *“smal”* pad, wat *“verborge”* is en deur *“min”* mense gevind word? Is die Paulus-kerke se ‘glo-net’ godsdiens nie dalk die breë weg nie?

